

***DIE ONTWERP VAN 'N
DIGOTOME PROGRAM
TOT BEROEPSKEUSE***

**ALMERO KOK
B.Sc. B.Ed M.Ed HOD**

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Voorligting aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: Professor Doktor J.L. Marais

POTCHEFSTROOM
November 1995



*Opgedra aan my familie
wat my altyd bystaan
en deur dik en dun
ondersteun.*

Dankbetuigings

Hiermee betuig ek my opregte dank aan almal wat 'n aandeel in hierdie studie gehad het.

My opregte dank en waardering aan:

My promotor, Prof J.L. Marais, vir sy bekwame leiding, inspirasie, volgehoue bystand en vormende kritiek. Hy het op sy kenmerkende meelewende en besielde wyse my gemotiveer om die studie te voltooi.

Prof H. S. Steyn en mnr J.P. Engelbrecht van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO. Prof Steyn vir sy aanvanklike betrokkenheid en beplanning van die ondersoek en mnr Engelbrecht wat behulpsaam was met die statistiese verwerking asook die interpretasie van die data, voortvloeiend uit die ondersoek.

Die Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RCN) vir die toekenning van 'n beurs.

Die betrokke Onderwysdepartemente, Onderwyshulpsentrums en Skole wat toestemming verleen het vir die ondersoek.

Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hulle vriendelike diens.

Mev Frelét de Villiers vir die tikwerk.

Mev Illasha Kok vir die tikwerk van die digotome program en hulp verleen tydens die ondersoek.

Mnr G.L. Kruger vir die keuringe taalversorging.

Mev S. M. van der Merwe vir die vertaling van die opsomming.

Mej S.D.J. van der Merwe vir die aanvanklike taalversorging van die digotome program.

Johnny en Judy van Swiftset en Print c.c. vir die druk en bindwerk van die proefskrif.

Illasha, Rūmando en Rizanné vir aanmoediging, belangstelling en verdraagsaamheid.

My nederige dank aan die Hemelse Vader vir krag en genade wat ek ontvang het om hierdie studie te kon voltooi.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING : PROBLEEMSTELLING, DIE DOEL, METODOLOGIE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	3
1.3	DIE DOEL VAN DIE NAVORSING	4
1.4	METODOLOGIE	5
1.4.1	Metode van ondersoek	5
1.4.2	Evaluering van die digotome program	5
1.5	DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK	6

HOOFSTUK 2

'N LITERATUUROORSIG VAN BEROEPSKEUSETHEORIEë

2.1	INLEIDING	7
2.2	BEROEPSKEUSETHEORIEë: 'n ALGEMENE OORSIG	8
2.3	BEROEPSKEUSETHEORIEë	11
2.3.1	Nie-psigologiese beroepskeusetheorieë	11
2.3.1.1	Die toevallige beroepskeusetheorieë	12
2.3.1.2	Die ekonomiese teorie	12
2.3.1.3	Die kultureel-sosiologiese teorie	12

2.3.1.4	Evaluering van die nie-psigologiese beroepskeuse teorieë	13
2.3.2	Psigologiese beroepskeuse teorieë	14
2.3.2.1	Die trekfaktorbenadering	14
2.3.2.2	Evaluering van die trekfaktorbenadering	16
2.3.2.3	Die psigodinamiese beroepskeuse teorieë	17
i.	Die psigo-analitiese beroepskeuse teorieë	18
ii.	Die behoefte teorie	19
2.3.2.4	Evaluering van die psigodinamiese beroepskeuse teorieë	22
2.3.2.5	Die ontwikkelings- of prosesbenadering	23
i.	Die teorie van Ginzberg	23
ii.	Die teorie van Super	27
2.3.2.6.	Evaluering van die ontwikkelings- of prosesbenadering	33
2.3.2.7	Besluitnemingsteorieë	35
i.	Beskrywende modelle	35
ii.	Voorskriftelike modelle	36
2.3.2.8	Evaluering van die besluitnemingsteorieë	36
2.3.3	Die beroepskeuse teorie van John L Holland	37
2.3.4	Evaluering van die beroepskeuse teorie van Holland	45
2.4	SAMEVATTING	46

HOOFSTUK 3

BEROEPSVOORLIGTING EN BEROEPSKEUSE IN SEKONDÊRE SKOLE

3.1	INLEIDING	47
3.2	DIE BEGRONDING VAN SKOOLVOORLIGTING	50
3.2.1	Die wetenskaplikheid van skoolvoorligting	50

3.2.2	Lewensopvatlike - en kulturele begroning van skoolvoorligting	50
3.2.3	Mensbeskouing en waardestruktuur as beginsels van skool voorligting	51
3.3	HISTORIESE VERLOOP VAN SKOOLVOORLICHTINGSDIENSTE IN ENKELE OORSESE LANDE	52
3.3.1	Brittanje	52
3.3.2	Die Verenigde State van Amerika	53
3.3.3	België	54
3.3.4	Wes-Duitsland	55
3.4	DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SKOOLVOORLICHTING IN SUID-AFRIKA	55
3.5	BEROEPSVOORLICHTING IN SUID-AFRIKA	57
3.5.1	Beroepsvoorligting aan instansies buite onderwysverband.	57
3.5.1.1	Die Departement van Mannekrag	57
3.5.1.2	Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN)	58
3.5.1.3	Universiteite en Teknikons	58
3.5.1.4	Private voorligtingsentrums, werkverskaffingskantore en voorligtingpraktisyns	58
3.5.1.5	Ander private en openbare instansies - meestal werkgewers en werkgewerorganisasies	59
3.5.2	Beroepsvoorligting binne onderwysverband	59
3.5.2.1	Beroepsvoorligting en gedifferensieerde onderwys	59
3.5.2.2	Uitgangspunte van skoolvoorligting	60
3.5.2.3	Knelpunte van skoolvoorligting in Suid-Afrika	63
3.5.2.4	Pluspunte van skoolvoorligting in Suid-Afrika	64

3.6	BEROEPSLEIDING IN DIE SEKONDÊRE SKOOL	65
3.6.1	Die aard en wese van beroepsleiding	65
3.6.2	Die doel en taak van beroepsleiding	66
3.6.3	Enkele komponente van die beroepsleidingsprogram	67
3.6.3.1	Selfbeeldontdekking	67
3.6.3.2	Identiteitsverwring	68
3.6.3.3	Toereikende selfkennis	68
3.6.3.4	Realistiese selfbegrip	68
3.6.3.5	Selfaanvaarding	68
3.6.3.6	Loopbaanverkenning	68
3.6.3.7	Beroepsinligting	69
3.6.3.8	Beroepskennis	69
3.6.3.9	Persoonsbeeld	69
3.6.3.10	Beroepsbeeld	70
3.6.3.11	Loopbaanoriëntering	70
3.6.3.12	Beroepskeuse	70
3.6.3.13	Beroepsbeoefening	71
3.6.4	Beroepsleiding en die hoërskoolleerling	71
3.6.4.1	Liggaamlike persoonsmoontlikhede	71
3.6.4.2	Verstandelike persoonsmoontlikhede	71
3.6.4.3	Sosiale persoonsmoontlikhede	72
3.6.4.4	Geestelike persoonsmoontlikhede	72
3.7	SELFKENNIS - DIE OPBOU VAN 'N VOLLEDIGE SELFBEELD	73
3.8	BEROEPSKENNIS	75
3.9	DIE GEBRUIK VAN PSIGOMETRIESE TOETSE IN BEROEPSVOORLICHTING	76
3.9.1	Verstandstoetse	78

3.9.1.1	Die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT)	78
3.9.1.2	Die Senior Suid-Afrikaanse Individuele Skaal - Hersien(SSAIS-R)	78
3.9.1.3	Gebruik van verstandstoetsresultate by beroepskeuse	79
3.9.2	Aanlegtoetse	79
3.9.2.1	Die Senior Aanlegtoets (SAT)	79
3.9.2.2	Gebruik van die Senior Aanlegtoetsresultate by beroepskeuse	79
3.9.3	Belangstellingstoetse	80
3.9.3.1	Die KODUS-Belangstellingsvraelys	80
3.9.3.2	Die 19-vel Belangstellingsvraelys	80
3.9.3.3	Die Selfondersoekvraelys (SOV) : Beroepsbelangstelling	80
3.9.3.4	Gebruik van belangstellingstoetsresultate by beroepskeuse	80
3.9.4	Persoonlikheidsvraelyste	81
3.9.4.1	Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV)	81
3.9.4.2	Die Jung-persoonlikheidsvraelys (JPV)	81
3.9.4.3	Gebruik van persoonlikheidstoets - resultate by beroepskeuse	82
3.10	SAMEVATTING	82

HOOFSTUK 4

DIE ONTWERP VAN 'N DIGOTOME PROGRAM TOT BEROEPSKEUSE

4.1	INLEIDING	83
4.2	BEGRIPSVERHELDERING	83
4.2.1	Digotome	83
4.2.2	Taksonomie of sistematiek	84
4.2.3	Klassifikasie	84

4.2.4	Nomenklatuur	84
4.2.5	Rangorde	85
4.2.6	Takson	85
4.3	DIE ONTSTAAN VAN DIE GEDAGTE AAN 'N DIGOTOME PROGRAM VIR BEROEPSKEUSE	85
4.4	BEGRONDING VAN DIE DIGOTOME PROGRAM TOT BEROEPSKEUSE	86
4.5	GEBRUIKSAANWYSINGS VIR DIE DIGOTOME PROGRAM	87
4.6	LOODSONDERSOEK MET DIE DIGOTOME PROGRAM	94
4.7	FINALE REDAKSIE	96
4.8	SAMEVATTING	96

HOOFSTUK 5

EVALUERING VAN DIE DIGOTOME PROGRAM

5.1	INLEIDING	98
5.2	RESULTATE	98
5.2.1	Tabel 5.1: Navorsingsresultate	99
5.2.1.1	Ontleding en vertolking van die resultate	100
5.2.2	Tabel 5.2: Beskrywende statistiek	100
5.2.2.1	Ontleding en vertolking van die beskrywende statistiek	100

5.3	SAMEVATTING	102
------------	--------------------	------------

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1	INLEIDING	103
6.2	SAMEVATTING	103
6.3	GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS	107
6.4	SLOT	110
	OPSOMMING	111
	"SUMMARY"	114
	BIBLIOGRAFIE	116
AANHANGSEL A:	Die digotome program tot beroepskeuse	134

LYS VAN TABELLE

4.1	Resultaat van die loodsondersoek	95
5.1	Navorsingsresultate	99
5.2	Beskrywende statistiek	100

HOOFSTUK 1

INLEIDING: PROBLEEMSTELLING, DIE DOEL, METODOLOGIE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Doeltreffende benutting van menslike hulpbronne in Suid-Afrika is 'n vraagstuk wat die afgelope tyd baie aandag geniet. Getuigenis van hierdie vraagstuk is die aanstelling van die Wiehahn-, De Lange- en die Nasionale Mannekragskommissie deur die Regering. Op die gebied van beroepsvoorligting geniet hierdie vraagstuk deurlopende navorsing (Malan, 1987:2). Beroepsvoorligting moet volgens die TOD (1993:1) en die Departement van Onderwys (1995:4) aan leerlinge verskaf word ten opsigte van persoonlike aangeleenthede met die doel om leerlinge onder andere in staat te stel om uiteindelik 'n selfstandige beroepskeuse met inagneming van die land se behoeftes te kan maak.

Dat die beroepskeuseprobleem in enige persoon se lewe net so 'n belangrike plek inneem soos die roeping tot God- en sy naaste en dat dit vandag, met 'n groter verskeidenheid beroepsmoontlikhede, al moeiliker is om 'n beroep te kies, kan nie weggeredeneer word nie (Marais, 1990:8-9; Beukes, 1974:2). Die verantwoordelikheid om self 'n beroep te kies berus deesdae nie net baie meer by die leerling nie maar is ook 'n baie moeilike opgawe (Posthumus, 1989:12). Te midde van die wye verskeidenheid beroepe en die hoë koste in terme van tyd en finansies van beroepsopleiding, is dit belangrik dat die leerling reg moet kies as daar op 'n beroep besluit moet word.

Jeugdige is dikwels nie in staat om 'n sinvolle beroepskeuse uit te oefen nie; soms skyn dit selfs asof daar by hulle geen belangstelling en/of begeerte is om 'n keuse te maak nie. Volgens Kruger (1991:30) kan hierdie toedrag van sake aan 'n aantal faktore toegeskryf word: hulle is nie goed genoeg begelei tot selfverantwoordelike volwassenheid nie; hulle ken hulleself nie werklik nie; hulle ken nie die beroepswêreld met sy eise nie en daarom

kan hulle nie 'n verantwoordbare keuse uitoefen nie. Hulle kennis is dikwels heeltemal uit pas uit met die werklikheid.

Aangesien die meeste leerlinge reeds op skool gemoeid is met keuse-uitoefening aangaande beroepe en opleiding, impliseer dit dat op sekondêre skoolvlak groter aandag aan beroepsleidingshulp geskenk moet word. Beroepsvoorligtingsdienste moet daarom uitgebrei en verbeter word om aan hoërskoolleerlinge verantwoorde leiding ten opsigte van beroepskeuse te gee (Pickworth, 1990:2).

Die vraag ontstaan onwillekeurig of die leerlinge nie net in staat is tot 'n sinvolle en verantwoorde keuse nie, maar of die beroepsvoorligter vaardig genoeg is en toegerus is met voldoende beroepskeusehulpmiddels in die beroepsleidingsprogram om aan die skoolverlater sinvolle en verantwoorde leiding te gee om 'n suksesvolle beroepskeuse te kan uitvoer. Bestaande hulpmiddels tot beroepskeuse, wat meestal bestaan uit vraelyste wat die beroepsvoorligter self opstel, is ontoereikend en volgens Kruger (1991:32) voorsien dit ook nie in alle leerlinge, veral standaard 10-leerlinge, se beroepskeusebehoefes nie.

Lamprecht (1989:503) meen dat baie jeugdiges nie vertroue in beroepsvoorligting op skool het nie. Oriëntering van die jeugdiges ten opsigte van homself en sy toekomstige beroep, is waarskynlik die belangrikste komponent van skoolvoorligting en daarom is vertroue in die program en die aanbieding daarvan noodsaaklik. Die gevolg van 'n gebrek aan vertroue is dat daar beroepsonsekerheid by baie jeugdiges, studente en beroepslui voorkom (Du Toit, 1987:104; Van Heerden, 1991:3-6). Kotze (1993:309) het met 'n ondersoek in die Vrystaat oor die invloed van beroepsvoorligting op die beroepskeuse van skoolverlaters onder meer tot die gevolgtrekking gekom dat beroepsvoorligting by slegs 13,2% ouers en 2 uit 40 (5%) oud-leerlinge wat aan die ondersoek deelgeneem het, 'n rol gespeel het in beroepskeuse.

Indien die huidige beroepskeusehulpmiddels wat die beroepsvoorligter gebruik onvoldoende is en gevolglik kan lei tot verkeerde beroepskeuse, kan dit uiteindelik aanleiding gee tot foutiewe plasinge in die arbeidsmark met nie net gevolglike verwisting

van mannekrag nie, maar ook persoonlikheidsprobleme. In 'n snel veranderende Suid-Afrikaanse opset, met spesifieke verwysings na die onderwysopset raak die taak van onder andere die Onderwys hulpsentrum ook al hoe moeiliker om alle leerlinge by psigometriese toetse ten opsigte van beroepskeuse te betrek.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Met die hervormingsbeleid wat tans in Suid-Afrika op politieke terrein aan die gang is, word daar onder andere ook in die onderwys gelyke onderwysgeleenthede vir alle bevolkingsgroepe bepleit (Beukes, 1988:20-21; Geo-Jaja, 1989:79; Suid-Afrika, 1983:41-44; Komitee vir Onderwys Beleid, 1995:3).

Binne die totale onderwysopset is die daarstelling van 'n gebalanseerde mensmateriaal wat voldoen aan die kriteria vir volwaardige burgerskap, 'n noodsaaklikheid. Binne die Beroepsleidingsprogram moet daar volgens die TOD (1993:3) gepoog word om leerlinge met beroepsgerigte vaardighede in sy huidige en toekomstige werklikheid toe te rus om te voldoen aan die hoogste vereistes wat gestel word met betrekking tot onder meer arbeidsverhoudingsvraagstukke.

In sy huidige vorm is skoolvoortligting in Suid-Afrika baie breed en kan dit heel moontlik aanleiding gee tot algemeenheid en oppervlakkigheid in die aanbieding daarvan. Die RGN (1981b:47) toon aan dat beroepsvoortligting ten tye van die De Lange verslag weinig invloed uitgeoefen het op die studie en beroepskeuse van leerlinge in Suid-Afrika. Uiteraard het dit ook 'n invloed op die Suid-Afrikaanse mannekrag en ekonomie (Departement van Onderwys en Kultuur, 1990:17). Tans benadeel ernstige tekorte aan geskoolde mannekrag op alle vlakke die verdere ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie (Departement van Onderwys en Kultuur, 1990:41-42).

Die nood by leerlinge aan beroepskeusehulp in Suid-Afrika word bevestig deur die groot aantal leerlinge wat hulle jaarliks aanmeld vir beroepskeusetoetsing by sekere hulpverleningsinstansies binne sowel as buite skoolverband. Die vraag ontstaan of dit

opvoedkundig verantwoordbaar is om leerlinge in die daaglikse opvoeding en onderwys sodanig te verwaarloos dat hulle ten einde raad en op 'n laat uur vir toetsing moet aanmeld en op kunsmatige wyse gehelp moet word.

Elke leerling behoort volgens die TOD (1993:2) homself by wyse van beroepsbeoefening in 'n ekonomiese stelsel te kan handhaaf. Deur die leerling te lei en toe te rus om deur middel van gevestigde besluitnemingsvaardighede 'n beroepskeuse te maak, word die grondslag vir die beroepskeuse gelê wat die leerling in staat stel om volwassenheid met ekonomiese en ander verantwoordelikhede te aanvaar.

Die probleemvraag wat met hierdie navorsing aandag sal kry is of 'n digotome program tot beroepskeuse as hulpmiddel aanvullend tot die gebruik van bestaande psigometriesse toetse in sekondêre skole gebruik kan word.

1.3 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die primêre doel met hierdie navorsing is om 'n digotome program tot beroepskeuse as beroepskeusehulpmiddel te ontwikkel wat aanvullend tot bestaande metodes en instrumente in beroepsvoorligting aangewend kan word.

Deur die digotome program as hulpmiddel in die beroepsvoorligtingsituasie te gebruik, word nie net verseker dat hulp aan alle leerlinge verleen word ten opsigte van beroepskeuse nie, maar word daar ook hulp en steun aan leerlinge verleen waardeur die leerlinge deur selfevaluering insig in hul eie situasie kan verwerf.

In die praktyk kom dit daarop neer dat die Onderwysshulpentrum, wat onder andere gemoeid is met die psigometriesse toetsing van hoërskoolleerlinge, in 'n snel veranderende Suid-Afrikaanse opset 'n al hoe moeiliker taak het om psigometriesse toetse by alle skole en leerlinge af te neem. Indien die beroepsvoorligter op sekondêre skoolvlak die digotome program tot beroepskeuse as beroepskeusehulpmiddel kan gebruik, kan daar verseker word dat daar aan alle leerlinge hulp en steun verleen word ten opsigte van beroepskeuse.

1.4 METODOLOGIE

1.4.1 Metode van ondersoek

By die uitvoering van die studie sal daar 'n digotome program tot beroepskeuse ontwerp en saamgestel word. Deur middel van 'n sisteem van klassifikasie, sal daar 'n vergelykende studie van beroepe gedoen word soos wat in die arbeidsmark aangetref word. Beroepe met onder andere gemeenskaplike eienskappe of kenmerke sal saam gegroep word en sal dan in 'n klassifikasiesisteem gerangskik word.

Om uiteindelik 'n digotome program vir beroepskeuse te ontwerp, sal omskrywings van 'n eienskap, kenmerk, vereiste, belangstelling, aanleg en prestasie telkens in 'n digotoom of tweeledige paar voorkom waarvolgens die respondent telkens een van 'n paar omskrywings moet kies. Sy keuse sal telkens bepaal in watter volgende paar omskrywings hy 'n keuse moet maak.

1.4.2 Evaluering van die digotome program

Om die digotome program tot beroepskeuse te evalueer, sal proefpersone bestaande uit standaard 10-leerlinge uit sekondêre skole in die Gauteng en Noordwes Provinsie by die ondersoek betrek word.

In samewerking met Onderwys hulpsentrums, Departementshoofde Opvoedkundige Leiding en skoolhoofde sal vasgestel word hoeveel van die respondente by die skool, privaat of by Onderwys hulpsentrums, psigometriese toetse voltooi het met die oog op 'n beroepskeuse. Deur die aanbevelings ten opsigte van beroepskeuse wat gegrond is op die uitslae van psigometriese toetse te vergelyk met die uitslae van die digotome program sal daar 'n ooreenstemming bepaal word.

Deur gebruik te maak van 'n vertroubaarheidsinterval van 95% sal bepaal word of die

digotome program dieselfde resultate lewer as dié van die psigometriese toetse wat onder andere deur die Onderwysulpsentrum gebruik word by hoërskoolleerlinge.

1.5 DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

In hoofstuk 1 sal die probleemstelling, die doel, metodologie en die program van ondersoek bespreek word.

'n Literatuuroorsig van beroepskeuse teorieë sal in hoofstuk 2 onder die loep geneem word.

Beroepsvoortligting en beroepskeuse in sekondêre skole sal in hoofstuk 3 bespreek word.

In hoofstuk 4 word die digotome program tot beroepskeuse teoreties gefundeer en uiteengesit.

In hoofstuk 5 sal die digotome program aan die hand van bedrywende statistiek geëvalueer en geïnterpreteer word. Die resultate sal gerapporteer en bespreek word.

Hoofstuk 6 sal die proefskrif afsluit met 'n samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings.

HOOFSTUK 2

'N LITERATUUROORSIG VAN BEROEPSKEUSETEORIË

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal aandag geskenk word aan enkele beroepskeuseteorieë wat in die literatuur voorkom. Uit die literatuur wat oor beroepskeuse en besluitneming handel, is dit onder andere duidelik dat die keuse van 'n beroep nie behoort plaas te vind eers wanneer die persoon tot 'n beroep wil toetree nie. Die mens is deurlopend gemoeid met die besluitnemingsproses waar loopbaanbeplanning 'n proses is wat deur die hele lewe en ontwikkeling van die mens plaasvind.

Die vraag waarvoor navorsers te staan gekom het en wat aanleiding gegee het tot die formulering van 'n eie (digotome) beroepsteorie is: waarom of hoekom kies 'n mens 'n bepaalde beroep? Om hierdie vraag te kan beantwoord is dit nodig om bepaalde teorieë oor beroepskeuse in die literatuur na te gaan om kennis te neem van die verskillende standpunte wat verskeie outeurs en navorsers huldig ten opsigte van die faktore wat beroepskeuse bepaal of beïnvloed.

In die gedeelte wat volg word die sentrale temas van bepaalde teorieë van beroepskeuse onder die volgende hoofde bespreek:

- * die algemene oorsig van beroepskeuseteorieë,
- * nie-psigologiese beroepskeuseteorieë,
- * psigologiese beroepskeuseteorieë,
- * die beroepskeuseteorie van John L. Holland.

2.2 BEROEPSKEUSETHEORIEë : 'N ALGEMENE OORSIG

Verskeie outeurs en navorsers huldig verskillende standpunte ten opsigte van die keuse van 'n beroep. Hierdie standpunte behels in verskeie gevalle slegs 'n klein segment van die hele proses van beroepskeuse wat dan as 'n teorie geëtiketteer word om dit gerieflikheidshalwe binne 'n raamwerk te plaas.

Volgens Osipow (1983:2,3) is die doel van 'n beroepskeusetheorie om as 'n basis vir die konseptualisering van verwante idees te dien. Die vestiging van 'n teorie vind onder andere soos volg plaas:

- * waarnemings word gemaak,
- * uit die waarnemings spruit daar verskeie idees voort wat met mekaar in verband gebring word; en
- * 'n teorie ontstaan waarvolgens daar nou sekere voorspellings gewaag kan word.

Holland (1973:5-6) is van mening dat 'n goeie teorie gebeure verklaar en aanleiding gee tot die voorspelling van relevante gebeure. Ten einde die sukses van 'n teorie in die praktyk te verseker is hy van mening dat die volgende doelstellings nagestreef moet word:

- * die daarstelling van 'n basis om aktiwiteite te verklaar,
- * die integrasie van ongeordende data word met mekaar in verband gebring in 'n sinvolle geheel; en
- * die toepassing van die teorie in die praktyk waarvolgens mense met verantwoordlikheid gehelp kan word.

Omdat skrywers en navorsers verskillende standpunte ten opsigte van aspekte van beroepskeuse huldig, word die proses bemoeilik om hierdie sogenaamde "teorieë" te klassifiseer. Navorsers beklemtoon moontlik verskillende aspekte van 'n beroepskeusetheorie, gevolglik kry ons 'n verskil in klassifikasiebenadering. Tolbert

(1980:34) wys daarop dat die klassifikasie van beroepskeuseteorieë op grond van ooreenkomste, daartoe lei dat sogenaamde teorieë beter verstaan en gebruik kan word. Osipow (1983:3) wys daarop dat, alvorens daar sinvol oor beroepskeuse as verskynsel geskryf en besin kan word, daar 'n sekere mate van klassifikasie noodsaaklik is. Hy is egter van mening dat daar gewaak moet word teen enige poging wat aangewend word om beroepskeuseteorieë te kategoriseer, aangesien dit gevaar loop om die proses van beroepskeuse te ooreenvoudig. Enkele skrywers en navorsers se klassifikasie van beroepskeuseteorieë word hieronder kortliks opgesom:-

Osipow (1983:9-11) onderskei tussen vyf benaderings ten opsigte van beroepskeuseteorieë, naamlik:

- * die trekfaktorbenadering,
- * die sosiologiese- en beroepsbenadering,
- * die selfkonseptteorie,
- * beroepskeuse- en persoonlikheidteorieë,
- * die behavioristiese benadering.

Hilton (1962:291-298) klassifiseer beroepskeusemodelle as teorieë soos volg:

- * die passing van eienskappe,
- * die aspek van behoeftevermindering,
- * ekonomiese faktore,
- * sosiale faktore,
- * die prosessering van inligting.

Tolbert (1980:35) gebruik die hooftemas van teorieë as basis van sogenaamde klassifikasie, naamlik:

- * ontwikkelingsteorieë (sluit verteenwoordigers in waaronder Super, Ginzberg en

Tiedeman as die belangrikste beskou word);

- * teorieë wat psigologiese behoeftes, as determinante by die keuse van 'n beroep, beklemtoon (sluit verteenwoordigers in waar onder andere na Roe, Holland en Hoppock verwys word);
- * psigo-analitiese of psigodinamiese teorieë (waaronder Bordin, Segal en Galinsky as die belangrikste verteenwoordigers beskou word);
- * sosiologiese teorieë (waaronder Miller en Blau van die meer bekende teoretici is;
- * besluitnemingsteorieë (Gelatt en Hilton is onder andere bekende teoretici in hierdie veld);
- * die eksistensiële benadering (teoretici wat hierdie benadering voorstaan is Simon en Stanley).

Weinrach (1979:188-203) onderskei tussen die prosesgeoriënteerde en strukturele benadering:

- * die prosesgeoriënteerde benadering sluit onder andere die ontwikkelingsteorie van Ginzberg en sy medewerkers, Super se selfkonseptorie en die besluitnemingsmodel van Tiedeman en O'Hara in;
- * die strukturele benadering (waar onder andere verwys word na die trek-faktorteorie, Anne Roe se beroepskeuseteorie en die tipologiese model van Holland).

Crites (1969:79-90) klassifiseer beroepskeuseteorieë soos volg:

- * nie-psigologiese beroepskeuseteorieë (waaronder byvoorbeeld toevalligheds-, ekonomiese-, kulturele- en sosiologiese teorieë ter sprake kom);
- * psigologiese teorieë (soos byvoorbeeld die trekfaktor-, psigodinamiese-, ontwikkelings- en besluitnemingsteorieë);

- * algemene teorieë (waaronder interdisiplinêre konsepte en Holland se tipologiese model ingesluit word).

Uit bogenoemde opsomming blyk dit dus dat daar wel verskille bestaan tussen die onderskeie navorsers, en teoretici se klassifikasie Modelle van beroepskeuse teorieë. Afgesien van die benaminge van die klassifikasiekategorieë wat verskil, is die inhoudelike beskrywing van die beroepskeuse teorieë dieselfde.

Vervolgens word beroepskeuse teorieë, soos deur Crites geklassifiseer, kortliks onder die loep geneem.

2.3 BEROEPSKEUSE TEORIEË

In die onderstaande gedeelte word die sentrale temas van bepaalde teorieë van beroepskeuse kortliks onder die volgende hoofde bespreek:

- * nie-psigologiese beroepskeuse teorieë,
- * psigologiese beroepskeuse teorieë,
- * die beroepskeuse teorie van John L. Holland.

2.3.1 Nie-psigologiese beroepskeuse teorieë

Nie-psigologiese beroepskeuse teorieë bevat die standpunt dat beroepskeuse deur omgewingsfaktore of eksterne faktore bepaal word. Die persoon se innerlike potensialiteite soos belangstelling, aanleg en intelligensie word deur die verteenwoordigers wat hierdie benadering ondersteun, ontken. Crites (1969:79-90) onderskei drie nie-psigologiese beroepskeuse teorieë, naamlik:

- * die toevallige beroepskeuse teorie,
- * die ekonomiese beroepskeuse teorie,

- die kultureel-psigologiese teorie.

2.3.1.1 Die toevallige beroepskeuseteorie

Die teorie kom daarop neer dat die persoon nie daartoe in staat is om selfstandig 'n besluit rakende sy beroepskeuse uit te oefen nie. Die persoon se beroepskeuse word bepaal deur onkontroleerbare toevallighede of "an unplanned exposure to a powerful stimulus" (Ginzberg et al, 1951:19 en Malan, 1987:21).

Voorbeelde van toevallighede wat die beroepslewe van 'n persoon kan bepaal is onder andere onverwagte siekte, die uitbreek van oorlog en die erf van geld.

Intelligensie en sosio-ekonomiese status is onder andere faktore wat nie beskou kan word as toevalligheid nie, aangesien die invloed van hierdie faktore op beroepskeuse volgens die teorie bekend is.

2.3.1.2 Die ekonomiese teorie

Die volkome vryheid van die persoon word volgens hierdie teorie vooropgestel. Omdat hier, volgens Crites (1969:82) sprake is van die klassieke ekonomiese beginsel, kies die persoon eenvoudig daardie beroep wat vir hom die meeste ekonomiese voordele inhou.

Die klassieke ekonomiese beginsel impliseer dat die beroepsdistribusie van werkers in die arbeidsmark 'n funksie van vraag en aanbod is, soos weerspieël word in die verskillende inkomstes van beroepe.

2.3.1.3 Die kultureel-sosiologiese teorie

By hierdie teorie gaan dit hoofsaaklik oor die invloed wat die kultuur en gemeenskap uitoefen op beroepskeuse. Die kultureel-sosiologiese teorie beklemtoon volgens Crites

(1969:84-90) die rol wat eksterne faktore soos byvoorbeeld die wat verband hou met ouerlike opvoedingspraktyke en die waardesisteem wat die persoon daaruit ontwikkel, die sosio-ekonomiese status van die gesin, die skool wat die persoon bywoon, die spesifieke gemeenskap en subkultuur waarin die kind grootword en die Westerse of Oosterse leefwyse waaraan hy blootgestel word.

2.3.1.4 Evaluerig van die nie-psigologiese beroepskeusesteorieë

Die nie-psigologiese beroepskeusesteorieë beklemtoon die determinisme van eksterne faktore as bepalers van beroepskeuses. Daar word deur hierdie teorieë geïmpliseer dat die persoon nie 'n wye beroepskeuse het nie en dikwels afhanklik is van die geleentheid wat die samelewing onder andere aan hom bied. Eksterne faktore of faktore buite die persoon se beheer oefen dus 'n belangrike invloed uit op die beroepskeuse wat hy uitoefen. Laasgenoemde impliseer dus dat geen kognitiewe poging aangewend kan word om doeltreffend beslissings rakende beroepskeuse uit te oefen nie.

Dat eksterne faktore wel 'n rol speel in beroepskeuse, kan nie weggeredeneer word nie. Om egter die invloed van eksterne faktore voor te hou as die enigste bepalers van 'n persoon se beroepskeuse, is 'n eensydige en kortsigte benadering. Dit is inderdaad die gevoel dat, waar beroepskeuse ter sprake kom, elke persoon onder andere ook oor 'n eie belangstelling, aanleg, intelligensie, persoonlikheid en onderskeidingsvermoë beskik wat hom in staat stel om selfstandig en verantwoordelik op te tree.

Om te aanvaar dat 'n persoon slegs aan die toeval van omgewingsfaktore uitgelewer word, impliseer dat hy nie werklik 'n wye beroepskeuse het nie, aangesien slegs eksterne faktore 'n rol speel in sy beroepskeuse. Die mens is ook toegeerus om op 'n verantwoordelike manier sy potensiaal te laat realiseer en om sy roeping (beroep) op aarde te vind (Botha, 1993:60).

2.3.2 Psigologiese beroepskeuse teorieë

2.3.2.1 Die trekfaktorbenadering

Ondersteuners van hierdie benadering lê veral klem op die gebruik van psigometriese meetinstrumente. Parsons en Williamson word beskou as die bekendste ondersteuners van die benadering. Weinrach, Crites, Herr en Cramer ontleed individue en beroepe ten opsigte van dieselfde trekke of faktore (Du Toit, 1988:24).

Parsons se publikasie "Choosing a vocation" het die grondslag gelê vir die trekfaktorbenadering (Weinrach, 1979:60 en Crites, 1969:90). Hy fokus hoofsaaklik in sy benadering op die mate waartoe 'n persoon se persoonlikheidstreke pas by die vereistes wat in 'n bepaalde beroep gestel word (Watson, 1984:16).

Parsons, soos aangehaal deur Weinrach (1979:60), wys daarop dat beroepskeuse 'n proses is waarin veral die volgende drie aspekte 'n belangrike rol speel, naamlik:

- * die verkryging van selfkennis ten opsigte van houdings, vermoëns, belangstellings, aanlegte, aspirasies en beperkings en die redes daarvoor,
- * die verkryging van inligting oor die vereistes van verskillende beroepsrigtings,
- * die integrasie van inligting oor die persoon en die werksomgewing.

Parsons, soos aangehaal deur Weinrach (1979:6), beklemtoon die volgende drie komponente van beroepsvoorligting, naamlik:

- * psigometriese toetsing,
- * verskaffing en die inwin van beroepsinligting,
- * die integrasie van selfinligting met beroepsinligting.

Voorafgaande aannames wat Parsons maak, word deur Crites ondersteun (Du Toit,

1988:25). Hy wys daarop dat die studie van beroepsverskille ten opsigte van trekke en faktore beskou kan word as die fondament van beroepsvoorligting. Osipow (1983:9) gee verder te kenne dat die werk van Parsons, asook dié van ander aanhangers soos byvoorbeeld Kitson (1925) en Hull (1928), daartoe gelei het dat meetinstrumente soos belangstellingsvraelyste en aanlegtoetse ontwikkel is.

Volgens Williamson (soos aangehaal deur Weinrach, 1979:63) is die mens 'n rasionele wese wat daartoe in staat is om besluite te neem indien daar voldoende en korrekte inligting beskikbaar is. Hy beklemtoon, net soos Parsons, die belangrikheid van selfkennis en beroepsinligting, maar hy onderstreep ook die belangrikheid van die totale groei van 'n persoon wat aanleiding gee tot die ontwikkeling van optimum potensialiteite.

Brown et al (1990:17) beklemtoon verder ook die gevolgtrekking waartoe Klein en Weinrach (1977) gekom het:-

- * Elke persoon het 'n stel unieke persoonlikheidstreke wat deur middel van meetinstrumente op 'n betroubare wyse gemeet kan word.
- * Bepaalde beroepe vereis spesifieke eienskappe van 'n werker om suksesvol te kan wees in 'n gekose beroep.
- * Beroepskeuse is 'n openhartige proses en dit is moontlik om 'n gepaste beroep by elke tipe persoonlikheid te identifiseer.
- * Hoe nader die ooreenkomste tussen die persoonlikheidseienskappe van die persoon en die vereistes wat gestel word in die beroep, hoe groter is die kans op sukses (maar sukses dui op produktiwiteit en werksbevreëdiging).

Die ondersteuners van die trekfaktorbenadering beskou loopbaanontwikkeling as 'n bewuste kognitiewe proses aangesien die persoon eers selfinligting en beroepsinligting kognitief integreer voordat daar 'n besluit geneem of 'n beroepskeuse gemaak kan word.

2.3.2.2 **Evaluering van die trekfaktorbenadering**

Volgens O'Hara (soos aangehaal deur Herr en Cramer, 1979:29) is 'n persoon "at any stage concerned with the immediate decision to be made and only remotely concerned with prediction of career development". In hierdie lig gesien, is Du Toit (1988:26) die mening toegedaan dat die trekfaktorbenadering altyd relevant sal wees. Herr en Cramer (1979:29) wys daarop dat die toenemende mate waarin die rekenaar aangewend word ten opsigte van beroepskeusevoorligting, veroorsaak dat hierdie benadering altyd relevant sal wees.

Dit is dus van kardinale belang dat die trekfaktorbenadering en loopbaanontwikkelingsmodelle in dié verband aanvullend tot mekaar gebruik word.

Verteenwoordigers van die trek-faktorbenadering beklemtoon nie net die invloed van omgewingsfaktore in beroepskeuse nie, maar wys ook op interne faktore van 'n persoon. Selfkennis en beroepskennis word dus met hierdie benadering in aanmerking geneem. Die waarde van die trek-faktorbenadering is volgens Crites (1981:41) en Osipow (1983:9) daarin geleë dat dit die aandag gevestig het op die psigologiese aard van beroepskeuse. Die gebruik van psigologiese meetinstrumente het verder ook hieruit gespruit.

In teenstelling met die verteenwoordigers van die nie-psigologiese benadering met hulle eensydige opvattinge ten opsigte van beroepskeuse blyk dit dat die verteenwoordigers van die trek-faktorbenadering in hulle benadering wel verder gevorder het. Volgens Botha (1993:62) ontken teoretici van die trek-faktorbenadering die kompleksiteit van die mens en maak die benadering volgens Zaaiman (1977:36) ook nie voldoende voorsiening vir die rol wat sosiologiese faktore in beroepslewe speel nie.

Van die belangrikste kritiek teen die trekfaktorbenadering is dat dit relatief staties van aard is (Watson, 1984:18). Loopbaanontwikkeling behels nie net bloot die keuse van 'n beroep nie, maar behels ook die fases wat die beroepskeuse voorafgaan en die ontwikkeling

nadat die keuse gemaak is. Alhoewel die verteenwoordigers van hierdie benadering die verandering en ontwikkeling van die persoon erken gedurende sy kinderjare, maak die teoretici geen voorsiening vir die ontwikkeling en veranderinge in die lewe van volwasse persone en veranderinge in die omgewing nie (Botha, 1993:61).

2.3.2.3 Die psigodinamiese beroepskeuse teorieë

Verteenwoordigers van hierdie benadering, waarvan Bordin, Nachman en Segal die belangrikste voorstanders is, beskou die psigologiese en fisiologiese prosesse wat gedurende die vroeë kinderjare plaasvind as bepalend vir die latere keuse van 'n beroep (Tolbert, 1980:58; Herr en Cramer, 1979:85). Volgens hierdie benadering is 'n beroepskeuse die produk van die ontwikkeling van sekere behoeftes gedurende die eerste ses jaar van die persoon se lewe. Motiverings- of prosesveranderlikes maak volgens hierdie benadering die belangrikste deel uit van 'n beroepskeuse (Malan, 1987:24).

In hierdie verband beklemtoon Brown *et al* (1990:104-105) die groot rol wat spontaniteit en spel, as motiveringsfaktore, speel in die keuse van 'n beroep. Verder maak genoemde outeurs ook nog melding van die onderstaande proposisies ten aansien van die keuse van 'n beroep (Brown *et al*, 1990:109-118):-

- * Die persoon se ontwikkelingsgeskiedenis asook die hoeveelheid dwang en inspanning wat aanwesig is, bepaal die mate waarin daar samestelling tussen werk en spel sal wees.
- * Die persoon se pogings om die ideale sisteme tussen sy self en sy keuse van 'n beroep te reflekteer, kan beskou word as 'n reeks beroepskeuses in 'n persoon se lewe.
- * Om beroepskeuse en intrinsieke motivering suksesvol te verenig, moet 'n stelsel gebruik word wat voorsiening maak vir die kombinerings van karaktereienskappe (lewenstyle) met die ontwikkelingsaspek van die persoon.
- * Ten opsigte van beroepsontwikkeling, reik die wortels van die persoonlike aspekte

dikwels tot in die vroegste jare van ontwikkeling van die persoon.

- * Om uiteindelik te besluit oor elemente wat eie en uniek aan die persoon self is, poog die persoon om 'n eie identiteit te ontwikkel waarin bepaalde aspekte van die vader sowel as die moeder geïnkorporeer is.
- * Een van die belangrikste bronne wat twyfel by die keuse van 'n beroep teweegbring, word toegeskryf aan die twyfel en onvergenoegdheid wat die persoon teenoor sy self mag beleef.

Volgens Crites (1969:91-97) kan daar twee beroepsteorieë onderskei word wat as psigodinamies geklassifiseer kan word, naamlik die psigo-analitiese en die behoefte-teorie.

i. Die psigo-analitiese beroepskeuse-teorieë

Verteenwoordigers van hierdie teorie skryf die keuse van 'n beroep toe aan die psigodinamiese aard van die mens se persoonlikheid. Beroepskeuse word grootliks op grond van onbewuste motiewe gedoen aangesien die rol van onbewuste motiewe sterk op die voorgrond tree (Malan, 1987:24).

Die psigo-analitiese beroepskeuse-teorie, waarvan Brill en Bordin, Nachmann en Segal die belangrikste voorstanders is, beklemtoon die Freudiaanse gedagte van sublimering (Du Toit, 1988:30). Hiermee word geïmpliseer dat die persoon sy basiese lewensimpulse bevredig deur middel van sublimering. Om dié aanname te verduidelik toon Lang (soos aangehaal deur Zaaïman, 1977:38) in hierdie verband aan dat onderwysers dalk die onderwys as 'n beroep kies om van verwronge aggressie ontslae te raak, terwyl 'n slagter of chirurg byvoorbeeld 'n onderliggende sadistiese persoonlikheid kan hê. Volgens dié teorie van Lang kan beroepskeuses uitgeoefen word op grond van onderliggende of onbewuste motiewe sonder dat dit te veel kritiek in die samelewing uitlok. Verder beklemtoon Zaaïman (1977:38-39) ook nog die besondere rol wat identifikasie en egosterkte, as onbewuste motiveringstoestande, in die keuse van 'n bepaalde beroep speel.

In die psigo-analitiese beroepskeuseteorie is dié denkgang, volgens Osipow (1983:43), 'n minder belangrike faset van persoonlikheidsontwikkeling, aangesien beroepskeuse-probleme slegs aandag geniet omdat dit psigopatologie impliseer.

ii. Die behoefte-teorie

Roe (1956:24) is die mening toegedaan dat die sterkte van beloftes van direkte belang by beroepskeuse is. Sy beweer ook dat daar in die samelewing nie 'n enkele situasie is wat potensieel meer geskik is om bevrediging op alle vlakke van die basiese behoeftes te bereik, as die beroep nie. Volgens Watson (1984:28) kom Roe se behoefte-teorie in wese daarop neer dat die persoon se genetiese agtergrond 'n groot invloed op sy vermoëns uitoefen en dat hierdie vermoëns in 'n groot mate die aard van beroepskeuse bepaal. Roe verdeel die behoeftes van 'n persoon hoofsaaklik in affiliasiegedrag weg van of na persone gerig (Isaacson, 1972:41). Die graad van motivering ten opsigte van die bereiking van doelwitte wat hier betrekking het op beroepskeuse, is die produk van die samestelling en intensiteit van die persoon se behoeftes.

Om te bepaal in welke mate beroepskeuse 'n gevolg is van persoonlike ontwikkeling op 'n vroeë stadium, het Roe (1968:132-135) die werk van verskeie fisiese, biologiese en sosiale wetenskaplikes bestudeer. Die gevolgtrekking waartoe sy gekom het, is dat die ervarings waaraan die persoon in sy kinderjare blootgestel word, bepaal of sy behoeftes bevredig word of nie. Die opvoedingspraktyk wat die ouers toepas, verskaf dus aan die persoon die nodige behoeftebevrediging of nie. Roe se siening van spesifieke kinderopvoedingspraktyke of -metodes, die wyse waarop interaksie tussen ouers en hulle kinders plaasvind, die gevolglike behoeftestrukture wat ontstaan en die uiteindelijke oriëntasie na of weg van mense, het gelei tot haar spesifieke klassifikasie van beroepe. Die wêreld van werk (beroepe) word volgens Roe (1956:143-152) in agt velde en ses vlakke geklassifiseer, naamlik:-

VELDE

1. Diens
2. Besigheidskontak
3. Organisasies
4. Tegnologie
5. Buitenshuis
6. Wetenskaplik
7. Algemene kultuur
8. Kunste en vermaak

VLAKKE

1. Professioneel en bestuurders(1)
2. Professioneel en bestuurders(2)
3. Semi-professioneel, kleinsake
4. Geskoolde
5. Semi-geskoolde
6. Ongeskoolde

Roe verwys na die behoefte teorie en hiërargie van menslike behoeftes soos deur Abraham H Maslow beskryf. Maslow (1954:80-91) het 'n hiërargie van menslike behoeftes geïdentifiseer wat vanaf die mees basiese behoeftes van die mens tot by die hoogste vorme van menswees voorkom. In hierdie verband onderskei Maslow vyf kategorieë van behoeftes, naamlik:-

- * Fisiologiese behoeftes, onder andere voedsel en water.
- * Veiligheidsbehoefte (aan beskerming en sekuriteit).
- * Die behoefte aan liefde en om iewers tuis te hoort. Dit sluit ook die behoefte in om deur 'n groep aanvaar te word en om met geliefdes te verkeer.
- * Die behoefte aan agting, onder andere die behoefte om te presteer, om mag en prestige te hê.
- * Die behoefte aan selfaktualisering of selfverwesenliking, waar die persoon die behoefte het om innerlik te groei en om sy volle potensiaal te bereik.

In Maslow (1954:80-91) se behoeftehiërargie word die eerste vier behoeftes, naamlik fisiologiese behoeftes, veiligheidsbehoefte, die behoefte aan affiliasies (wat liefde, vriendskap en aanvaarding insluit) en die behoefte aan selfagting (wat prestasie, mag en prestige insluit) beskou as gebreksbehoefte. Die behoefte tot selfaktualisering of selfverwesenliking beskou hy as 'n groei-behoefte. Volgens Maslow (1954:82) is die

veronderstelling nie dat 'n behoefte eers volkome bevredig moet word voordat daar oorgegaan word tot 'n behoefte van 'n hoër orde nie. Volgens Maslow (soos aangehaal deur Botha, 1993:14) word die meeste mense slegs gedeeltelik bevredig en terselfertyd gedeeltelik onbevredig gelaat in al hul basiese behoeftes. Maslow stel dit ook dat hoe hoër die mens in die hiërargie van behoeftebevrediging opbeweeg, hoe minder is die behoefte tot volkome bevrediging.

Roe leun in haar opvatting oor behoeftebevrediging sterk op die behoeftehiërargie van Maslow soos kortliks hierbo uiteengesit. Volgens Roe (1968:132-135) word die volgende faktore as belangrik geag by beroepskeuse:-

- Elke persoon se genetiese potensiaal vorm die basis vir sy belangstellings en vermoëns, wat weer direk verband hou met sy keuse van 'n bepaalde beroep. In hierdie verband wys Roe op die belangrikheid van interaksie tussen die genetiese samestelling, die kanalisering van psigiese energie en die omgewing waarin die persoon ontwikkel.
- Die opvoedingsgesitueerdheid wat die persoon uit die vroeë kinderjare beleef, bepaal in 'n groot mate watter beroepskeuse hy sal uitoefen. In hierdie verband huldig Roe (1968:137) drie benaderings met betrekking tot die opvoedingsmetodes wat die ouers aanwend naamlik: emosionele vermorsing (dit behels die oorbeskerming van die kind aan die een kant en die stel van hoë eise aan die ander kant); verwerping van die kind (wat dui op emosionele verwerping of fisieke verwaarloosing) en aanvaarding van die kind (waar die kind as 'n gelyke in die huisgesin aanvaar word en sy basiese en ander behoeftes in hierdie verband bevredig word).
- Soos reeds vermeld, wys Roe in haar beroepskeusesteorie na die behoeftehiërargie soos wat dit deur Maslow omskryf word. Roe (soos aangehaal deur du Toit, 1988:28) is die mening toegedaan dat die sterkte van behoeftes van direkte belang is by die keuse van 'n beroep. Roe beweer ook dat daar in die samelewing geen ander situasie is wat potensieel meer geskik is om bevrediging op alle vlakke van

die basiese behoeftes te bereik, as die keuse van 'n beroep nie.

Osipow (1983:20) is van mening dat Roe se behoefte-teorie baie navorsers in die verband aangewakker het, veral ten opsigte van persoonlikheidsontwikkeling en beroepsbesluit-neming. Hy merk ook op dat Roe se teorie 'n sterk psigo-analitiese ondertoon het, maar dat haar siening ten opsigte van die behoefte-strukture dit in 'n mate versag.

2.3.2.4 Evaluering van die psigodinamiese beroepskeuse-teorieë.

Sekere teoretici is die mening toegedaan dat Roe se behoefte-teorie beter tuis behoort onder die persoonlikheidsteorieë as onder die beroepskeuse-teorieë. Zaaiman (1977:39) erken dat onbewuste motiewe wel in 'n meerdere of mindere mate 'n rol speel in die keuse van 'n beroep, maar hy is ook van mening dat geen enkele determinant hetsy bewus, voorbewus of onbewus alleen verantwoordelik kan wees vir 'n persoon se keuse van 'n beroep nie. Du Toit (1988:29) toon aan dat die teorie van Roe, alhoewel dit baie omvattend is, nie operasioneel van aard is nie. Sy verskaf geen wenke of nuttige gebruiksprosedures vir beroepskeuse-voorligting nie, maar verklaar eerder in haar teorie faktore en gedrag wat 'n persoon se beroepskeuse voorafgaan. Osipow (1983:33) toon daarom dan ook tereg aan dat Roe se behoefte-teorie uiteindelik eerder 'n persoonlikheidsteorie as 'n beroepskeuse-teorie is.

Volgens Malan (1987:25) is die waarde van die psigo-analitiese beroepskeuse-teorie geleë in die omvattende aard en die integrering daarvan by die psigologie in die geheel. Hy verleen verder ook erkenning aan Roe se behoefte-teorie en hy is die menig toegedaan dat haar teorie omvattend is in dié sin dat dit persoonlikheidsontwikkeling sowel as beroepskeuse insluit. Roe lê in haar teorie ook klem op die verhouding wat daar tussen verskillende vlakke van behoeftes en beroepe bestaan, terwyl sy ook nog fokus op die belangrikste invloed naamlik wat die ouers op die kind se beroepspersepsie het.

In die lig van die Skrif, waar beroepskeuse ook roepingvervulling impliseer, kan die

In die lig van die Skrif, waar beroepskeuse ook roepingvervulling impliseer, kan die Freudiaanse gedagte van sublimering nie erken word deur die Christen-gelowige nie. Alvorens onbewuste motiewe enigsins 'n rol kan speel in die keuse van 'n beroep, sal hierdie motiewe eers in die lig van die Woord gesuiwer moet word (Botha, 1993:62).

2.3.2.5 Die ontwikkelings- of prosesbenadering.

Die ontwikkelings- of prosesbenadering behels volgens Weinrach (1979:188-203) dat beroepskeuse-ontwikkeling 'n proses is wat oor 'n tydperk plaasvind en dat die keuse van 'n beroep die uitkoms is van opeenvolgende besluite wat tydens spesifieke lewensfases of -stadia geneem word. Ondersteuners van hierdie benadering, waaronder Ginzberg en Super as die belangrikste verteenwoordigers beskou word, neem sterk standpunt teen teoretici in wat beroepskeuse beskou as 'n eenmalige opsie wat op 'n spesifieke tydstip in die persoon se lewe uitgeoefen word. Wetenskaplikes wat die ontwikkeling- of prosesbenadering aanhang huldig die standpunt dat die keuse van 'n beroep 'n aaneenlopende proses is wat uit verskillende beroepsgerigte besluite bestaan (Super, 1957:184). Die wetenskaplikes beklemtoon verder ook die belangrikheid van ontwikkelingstake wat die persoon tydens sekere lewensfases of -stadia moet bemeester om sodoende beroepsvolwassenheid te bereik (Botha, 1993:62).

Vervolgens word die twee belangrikste verteenwoordigers wat hierdie teorie onderskryf, naamlik Ginzberg en Super, bespreek.

i. Die teorie van Ginzberg

Van die eerste teoretici wat loopbaan- of beroepsontwikkeling as 'n proses beskryf het, was Ginzberg, Axelrad en Herma (1951). Stead (1988:29) is die mening toegedaan dat die ontwikkelingsprosesbenadering van Ginzberg en sy medewerkers ontwikkel is toe die populariteit van die trekfaktorbenadering afgeneem het. In hierdie teorie van Ginzberg en sy medewerkers word daar volgens Powell (1990:13) gepoog om aan te toon hoe

verskeie eksterne- of omgewingsfaktore asook intrinsieke faktore of faktore wat binne die persoon self geleë is, op mekaar inwerk sodat die persoon uiteindelik tot 'n finale besluit kan kom ten opsigte van die keuse van 'n beroep.

Die kernelemente van Ginzberg, Ginzburg, Axelrad en Herma se oorspronklike teorie word deur Stead (1988:30) in drie hoofmomente opgesom:-

- * Beroepskeuse is 'n deurlopende besluitnemingsproses wat ontwikkel vanaf die tydperk voor puberteit tot in die laat adolossensie, wanneer die finale keuse ten opsigte van 'n beroep uitgeoefen word.
- * Die proses waar beroepskeuse ter sprake kom, word beskou as 'n onomkeerbare proses. Dit impliseer dat hoe langer 'n persoon in 'n bepaalde beroepsrigting werksaam is, hoe moeiliker raak dit vir die persoon om van beroep te verander.
- * Die persoon poog om sy belangstellings, vermoëns en waardes aan te pas by die vereistes wat die wêreld-van-werk daarstel. Aangesien die persoon sy belangstellings, vermoëns en waardes moet verenig, is beroepskeuse 'n proses wat noodwendig in 'n kompromie moet eindig. Die implikasie van hierdie aanname of hoofmoment van Ginzberg se teorie is dat die persoon nie altyd die mees ideale beroepskeuse sal kan uitoefen nie.

Ginzberg en sy medewerkers is van mening dat die volgende faktore 'n invloed op die beroepsontwikkelingsproses uitoefen (Herr en Cramer, 1979:92 en Weinrach, 1979:132):

- * sosio-ekonomiese omstandighede,
- * die opvoedingsproses,
- * emosionele faktore,
- * persoonlike waardes,
- * kwaliteit en beskikbaarheid van inligting en ander ondersteuningsdienste.

Ginzberg et al (1951:75) onderskei tussen sekere lewensfases wat fases is in die

beroepskeuseproses. Gedurende hierdie fases in 'n persoon se lewe moet die persoon sekere ontwikkelingsake bemeester wat die deurslag gee wanneer 'n beroepskeuse uitgeoefen moet word. Die volgende fases in die beroepskeuseproses kan volgens Tolbert (1980:47,48) onderskei word:

- * die fantasiefase (voor 11 jaar),
- * die tentatiewe fase (11-18 jaar),
- * die realistiese fase (18-24 jaar).

Aangesien elke persoon uniek is ten opsigte van intellektuele vermoëns, potensiaal en ryping, is dit belangrik om daarop te wys dat bogenoemde lewensfases geen definitiewe afbakening ten aansien van ouderdom is nie (Botha, 1993:48). Vervolgens word die lewensfases, soos onderskei in die beroepskeuseproses, onder die loep geneem:

*** Die fantasiefase (voor 11 jaar)**

Hierdie fase is die tydperk van die vroeë kinderjare voor 11 jaar. Die kind toon tydens hierdie fase voorkeur vir spesifieke objekte en aktiwiteite in sy spel, en soos die sosialiseringproses vorder, wend die kind in toenemende mate 'n poging aan om aan al hoe meer aktiwiteite deel te neem (Osipow, 1983:86).

Volgens Ginzberg et al (1951:61) ignoreer die kind gedurende die fantasiefase die werklikheid, eie vermoëns en potensiaal en besit hy ook geen tydsperspektief nie. Daar is dus nog geen realiteitskoppeling nie aangesien genoemde faktore volgens teoretici belangrike elemente in die beroepskeuseproses is.

Beroepskeuse kan in die fantasiefase beskou word as 'n onderdeel van spel en fantasie. Die einde van hierdie fase word egter gekenmerk deur 'n reoriëntasie waar speloriëntasie geleidelik verander na werkoriëntasie (Du Toit, 1988:12). Die kind begin voorkeur vir beroepsaktiwiteite toon en dit stel hom in staat om die volgende fase van beroepsontwikkeling te betree.

* **Die tentatiewe fase (11 - 18 jaar)**

Te Groen (1988:66-68) onderskei vier subfases by die tentatiewe fase wat elk verskil ten opsigte van die bemeestering van beroepsontwikkelingstake. Die vier subfases is:-

- **DIE BELANGSTELLINGSFASE** (ongeveer 11 - 12 jaar)
Volgens Ginzberg et al (1951:75) besef die kind tydens hierdie fase dat daar sekere aktiwiteite is waarvoor hy 'n definitiewe voorkeur toon (gekoppel aan "likes" en "intrinsic pleasure") en tentatiewe keuses word op grond van hierdie belangstellings gemaak.
- **DIE KAPASITEITSTADIUM** (ongeveer 12 - 14 jaar)
Gedurende hierdie subfase van vermoëns of kapasiteit begin die kind onder die besef te kom dat hy sekere take makliker verrig terwyl ander take weer moeiliker is om te verrig as hy homself met kinders van sy ouderdomsgroep vergelyk. Volgens Ginzberg et al (1951:75) begin die kind sy vermoëns met dié van ander kinders van dieselfde ouderdomsgroep te vergelyk en begin hy ook om sy vermoëns en belangstellings te oorweeg en te evalueer. In hierdie stadium of fase staan die kind se eie behoeftebevrediging egter nog steeds op die voorgrond.
- **DIE WAARDESTADIUM** (ongeveer 15 - 16 jaar)
Gedurende hierdie stadium ondergaan die kind 'n verandering wat betref sy benadering en ontwikkeling tot beroepskeuse. Volgens Botha (1993:48-49) kom die kind tot die besef dat werk veel meer betekenis het as die blote bevrediging van eie behoeftes. Hy vind dat hy meer waarde heg aan sekere aktiwiteite as aan ander en hy word ook bewus van gemeenskapsdiens. Du Toit (1988:12) merk ook op dat die kind se tydsperspektief verder verbreed word in dié sin dat 'n beroep langtermynimplikasies inhou pleks van dag-tot-dag aktiwiteite.
- **DIE OORGANGSTADIUM** (ongeveer op 17 jaar)
Dit is die laaste subfase van die tentatiewe fase waartydens die persoon sy

belangstellings, vermoëns en waardes in verband met mekaar bring. Die persoon is nou gereed om 'n realistiese beroepskeuse te maak en ook die verantwoordelikheid vir die gevolge wat die beroepskeuse mag inhou, te aanvaar.

*** Die realistiese fase**

Die realistiese fase bestaan volgens Ginzberg *et al* (1951:95-96) uit drie subfases, naamlik:-

- DIE EKSPLORASIESTADIUM

Gedurende hierdie fase doen die persoon 'n deeglike evaluering van die geleentheid wat beskikbaar is en maak sy toetrede tot 'n opleidingsinstansie. 'n Mate van buigsaamheid in keuses word nog tydens hierdie stadium opgemerk aangesien die persoon egter nog moet besluit oor watter belangstellingsveld werklik die sterkste na vore tree.

- DIE KRISTALISASIESTADIUM

Dit is tydens hierdie stadium dat die persoon betrokke is by 'n spesifieke vakgebied en dat klaarheid ten aansien van 'n besliste beroepskeuse uitkristaliseer (Botha, 1993:49).

- DIE SPESIFIKASIESTADIUM

Volgens die teoretici kan die persoon gedurende hierdie stadium sy beroepskeuse verder afbaken. Ginzberg *et al* (1951:96) is die mening toegedaan dat die spesifikasiestadium wat die uiteindelijke keuse van en toetrede tot 'n beroep is, die finale fase van hierdie proses van beroepskeuseontwikkeling is.

ii. Die teorie van Super

Gedurende die vyftigerjare het Super 'n beroepsontwikkelingsteorie uitgewerk waarin hy die lig op verskeie aspekte van beroepskeuse laat val het. Du Toit (1988:14) gee te kenne dat Super seker die persoon is wat die meeste geskryf het oor beroepskeuse en

loopbaanontwikkeling. Herr en Cramer (1979:92) bestempel Super se teorie as "probably the developmental approach which has received the most continuous attention, stimulated the most research, influenced most pervasively the field of vocational psychology, and is the most comprehensive".

Donald Super se teorie word vervolgens puntsgewys uiteengesit deur Pietrofesa, Bernstein, Minor & Stanford (1980:197-198).

- * Mense verskil ten opsigte van aanleg, belangstellings en persoonlikheid.
- * Elke mens beskik oor die potensiaal op grond van sy persoonlikheidseienskappe, om in 'n aantal beroepe sukses te behaal en bevrediging te ervaar.
- * By elke mens tref ons aanleg- en belangstellingspatrone wat hom by sekere beroepsfamilies uitbring. Soortgelyke beroepe vereis tipiese persoonlikheidspatrone en daar is beslis ruimte vir variasie van persone vir een besondere beroep en beroepe vir 'n besondere persoon.
- * Die kind identifiseer met beroepsmodelle soos byvoorbeeld ouers, onderwysers en ander volwassenes.
- * Beroepspotensiaal en beroepsvoorkeure verander met die verloop van tyd asook op grond van lewenservaring. Vanaf laatadolessensie tot laatvolwassenheid is daar egter stabiliteit te bespeur. Beroepskeuse is dus vir die kind en die jong mens 'n kontinue handeling.
- * Elke mens gaan deur sekere fases ten opsigte van sy beroepsontwikkeling.
- * Erflikheidsfaktore, persoonlikheid (beïnvloed deur endokriniese en neurologiese faktore) en opvoeding bepaal die beroepspatroon en die ontwikkeling van beroepskeuse. Sosio-ekonomiese en kulturele ontwikkeling van die ouers en die geleentheid wat aan die kind gebied word, dra ook tot 'n mens se beroepskeuse by.
- * Verskillende invloede onder andere intelligensie, belangstelling en aanleg is voortdurend in dinamiese interaksie.

- * Die ontwikkeling tot beroepskeuse is basies die ontwikkeling van die selfbeeld.
- * Beroepsbevrediging hang af van die mate waarin 'n beroep 'n persoon bevredig ten opsigte van sy siening van wat hy is en wil wees, dus sy selfbeeld. Beroepsaanpassing impliseer die implementering van die selfkonsep. Die graad van beroepsbevrediging is proporsioneel tot die graad van bevrediging van die selfkonsep.
- * Werk is 'n lewenswyse en moet aansluit by 'n persoon se vermoëns, belangstellings en waardes. Beroepsbevrediging hang dus af van die werksituasie, die aard van die beroep en die lewenswyse wat sy beroep vir hom moontlik maak.

Du Toit (1988:14) is die mening toegedaan dat Super daarin slaag om konsepte van die trekfaktorbenadering, selfkonseptorie en ontwikkelingspsigologie met mekaar in verband te bring in 'n poging om 'n teorie van loopbaanontwikkeling te formuleer. Botha (1993:50) onderskei drie areas wat met Super se teorie verband hou, naamlik:-

- * **DIE DIFFERENSIËLE PSICOLOGIE**

Volgens Super (1968:17) beskik elke persoon oor die potensiaal om suksesvol te wees in meer as een beroep. Hy is verder van mening dat 'n persoon se aanlegte en belangstellingspatrone aanleiding tot die ervaring van beroepstevredenheid sal gee indien die persoon 'n bepaalde beroep sou kies waar die vereistes wat die beroep stel in ooreenstemming met sy eie eienskappe is.

- * **DIE ONTWIKKELINGSPSICOLOGIE**

Super leun in hierdie geval swaar op die teorie van Buehler. Volgens laasgenoemde teorie vorm die persoon se aanpassingswyse in een lewenstadium die basis vir aanpassingswyses in die daaropvolgende lewenstadiums.

- * **DIE SELFKONSEPTORIE**

By kinders ontwikkel daar 'n beroepskonsep op dieselfde wyse as wat hulle algemene selfkonsep ontwikkel (Super, 1957:196). Interaksie en identifikasie met

volwassenes tree dus in hierdie geval ook sterk op die voorgrond. Volgens Super (ibid) is elke persoon gewikkel in 'n soeke na 'n beroep wat in ooreenstemming met sy eie geëvalueerde self is. Ervaring word deur 'n persoon opgedoen deur middel van nabootsing en identifikasie, met die ouers wat uiteindelik meehelp met die vorming van die kind se selfkonsep. Die kind kry die geleentheid om verskillende rolle te speel wat daartoe lei dat hy homself onttrek en sy eie belangstellings na vore tree. Sodoende verkry hy 'n beeld of konsep van homself. Volgens Du Toit (1988:15) en Botha (1993:51) integreer die persoon uiteindelik alle inligting wat hy oor homself het om 'n selfkonsep of selfbeeld te vorm. Die persoon poog om erkenning aan hierdie selfkonsep te gee deur die uitlewing daarvan, aangesien die selfkonsep gedurig geweeë word teenoor die vereistes wat die onderskeie beroepe stel.

Super (soos aangehaal deur Crites, 1969:98-99) identifiseer vyf fases van die ontwikkeling van die selfkonsep naamlik eksplorasie, differensiasie, identifikasie, rolspel en realiteitstoetsing. Hierdie fases van die ontwikkeling van die selfkonsep of selfbeeld stem min of meer ooreen met die lewensfases wat Super beskryf. Hy is van mening dat die hele proses van loopbaanontwikkeling in terme van lewensfases beskryf kan word en dat die lewensfases weer op hulle beurt verband hou met beroepsvolwassenheid. Hy wys verder daarop dat die mate van sukses waarmee elke taak aangeleer en uitgevoer word, 'n aanduiding gee van die vlak van beroepsvolwassenheid van die persoon.

Tolbert (1980:42-44) en Naudé en Bodibe (s.a.:126-127) onderskei tussen Super se stadiums van ontwikkeling met betrekking tot beroepskeuse:-

* **DIE GROEISTADIUM (0 - 14 jaar)**

Fantasie en die basiese behoeftes van die kind speel in die vroeëre fase van hierdie stadium 'n oorheersende rol. Namate die kind se vermoëns en belangstellings eger ontwikkel en daar 'n toename in sy sosiale deelname is, begin hy in toenemende mate sy kwaliteit te opweë teenoor die eise wat moontlike beroepe

daarstel. Tydens hierdie stadium van ontwikkeling, kan daar drie subfases onderskei word (Tolbert, 1980:42, 43):

- **Fantasie (4-10 jaar)**
Die basiese behoeftes van die kind tree nou oorheersend op die voorgrond terwyl die kind homself uitdraf deur middel van rolspel.
- **Belangstelling (11-12 jaar)**
Die voor- of afkeure van die kind bepaal in 'n groot mate sy aspirasies en aktiwiteite.
- **Bekwaamheid (13-14 jaar)**
Soos wat die kind ontwikkel neem sy vermoëns toe en begin hy die doel en betekenis van beroepsbeoefening beseef.

* **DIE EKSPLORASIESTADIUM (15 - 24 jaar)**

Gedurende hierdie stadium beseef die kind dat beroepsbeoefening 'n belangrike deel van 'n mens se lewe uitmaak. Selfeksploratie is volgens Super kenmerkend van hierdie stadium omdat die kind tot die beseef kom van die belangrikheid van die uitoefening van die korrekte keuse van 'n beroep. Die eksplorasiestadium kan volgens Super (1957:81) verdeel word in drie substadiums, naamlik:

- **Die tentatiewe substadium (15 - 17 jaar)**
Tydens hierdie substadium word oorewegings geskenk aan behoeftes, belangstellings, vermoëns, waardes en werksgeleenthede. Die keuses wat die persoon maak is tentatief en hou verband met die verbeeldingswêreld. Hierdie keuses het geen langtermyn betekenis nie aangesien dit aanleiding gee tot die uitoefening van tentatiewe beroepskeuses wat uitgeleef word in fantasie en bespreking.

- Die oorgangstadium (18 - 21 jaar)

Volgens Osipow (1983:87) begin werklikheidsoorwegings in hierdie substadium in 'n toenemende mate 'n groter rol speel aangesien die persoon in 'n toenemende mate poog om sy selfkonsep te implementeer in tentatiewe beroepskeuses.

- Die proefstadium (22 - 24 jaar)

Super en Jordaan (1973:3) beskou hierdie substadium ook as die "little commitment stage". Vir die eerste keer oefen die persoon nou 'n finale beroepskeuse uit. Hierdie keuse van

'n beroep kan finaal uitgeoefen word omdat die persoon beskikbare werksgeleenthede asook sy vermoëns en belangtellings in oorweging neem.

- * DIE VESTIGINGSTADIUM (25 - 44 jaar)

Gedurende hierdie stadium maak die persoon kennis met die wêreld van werk, en wend hy 'n poging aan om homself in die beroepswêreld te vestig. Namate ervaring in die beroepswêreld opgedoen word, word die selfkonsep of selfbeeld van die persoon algaande met die beroep in verband gebring. Algaande word beter vaardighede verwerf, die persoon se status verhoog en bereik hy uiteindelik sy optimum potensiaal in die beroepswêreld. In hierdie geval word daar volgens Osipow (1983:139) twee substadiums onderskei naamlik:-

- Die proefnemingssubstadiums (25 - 30 jaar)

Die persoon bepaal gedurende hierdie substadium of sy beroepskeuse asook die omstandighede rondom die gekose beroep ooreenstem met die beeld wat hy van die beroep gevorm het. Die bevinding wat die persoon hier maak kan dus meebring dat hy sy aanvanklike beroepskeuse in

heroorweging sal neem en moontlik selfs van beroep sal verander.

- Die vorderingstadium (31 - 44 jaar)
Volgens Super (1957:189,190) het 'n persoon tot 'n sekere hoogte vordering in sy beroep gemaak indien hy duidelikheid en bevrediging met betrekking tot sy beroep ervaar. Hierdie persoon sal dan poog om sy posisie in die beroepswêreld te stabiliseer. Super is die mening toegedaan dat hierdie jare as die mees kreatiewe jare in die mens se beroepslewe beskou kan word.
- Die behoudstadium (45 - 64 jaar)
Tydens hierdie stadium poog die persoon om sy posisie in die betrokke beroep te handhaaf.
- Aftakelingstadium (vanaf 65 jaar)
Die afname of agteruitgang in 'n persoon se fisiese en verstandelike vermoëns bring mee dat die werksaktiwiteit gedurende hierdie fase verander. Twee substadiums word hier onderskei, naamlik:
 - + Vertraging (65 - 70 jaar)
Agteruitgang word in die persoon se werkstempo bespeur en bring mee dat hy aftree of in die proses van aftrede verkeer.
 - + Uitdienstreding (vanaf 71 jaar)
Hierdie substadium behels die uiteinde van alle werkende persone en is ook die einde van die aftakelingstadium.

2.3.2.6 Evaluering van die ontwikkelings- of prosesbenadering

Super het deur middel van sy teorie 'n geordende en sistematiese voorstelling van loopbaanontwikkeling, ontwikkeling van die selfkonsep of selfbeeld en beroepsvolwassenheid daargestel. Malan (1987:29) is die mening toegedaan dat die

waarde van Ginzberg se teorie onder andere daarin lê dat die prosesgedagte met betrekking tot beroepskeuse die rol van belangstellings, vaardighede en waardes in beroepskeuse asook die emosionele ontwikkeling wat die proses kenmerk, beklemtoon.

Volgens Osipow (1983:185) kan voorligters met behulp van Super se teorie die persoon se lewensfase en vlak van beroepsontwikkeling bepaal. Super beklemtoon in sy teorie veral die belangrikheid van die selfkonsep of selfbeeld en beroepsvolwassenheid tydens die loopbaanontwikkelingsproses. Osipow (1983:185) wys daarop dat die meeste navorsing wat oor Super se teorie gedoen is, met spesifieke verwysing na sy model van selfkonsepontwikkeling en beroepsvolwassenheid, sy model ondersteun. Volgens Botha (1993:63) toon Osipow verder aan dat die teorie van Super tot 'n groot mate geldend is vir die ontwikkeling van enige verdere model van selfkonsepontwikkeling in beroepskeuse. Osipow (1983:143) wys verder daarop dat Super ook sy teorie gebruik het om psigometriese instrumente te ontwikkel, onder andere die "Work Values Inventory" en die "Career Development Inventory" wat in beroepskeusevoorligting aangewend kan word. Super se beginsels ten opsigte van loopbaanontwikkeling is onder andere ook in 'n gerekenariseerde loopbaanvoorligtingstelsel, naamlik die "Discover Career Guidance System", opgeneem en vir Suid-Afrikaanse gebruik aangepas.

Alhoewel die selfkonsepteorie van Super volgens die meeste voorstanders van die persoonlikheidsteorie geen betekenisvolle leemtes het nie, kan die teorie van Ginzberg egter op verskeie punte gekritiseer word. Volgens Osipow (1983:101,102) word kritiek onder meer teen die beperkte hoeveelheid proefpersone, wat Ginzberg by sy ondersoek betrek het, ingebring. Osipow (1983:20) is van mening dat Ginzberg se teorie ontwerp was om vooropgestelde teoretiese verwagtings te bevestig. Die Ginzberg-teorie stel normatiewe inligting met betrekking tot beroepsvoorligting beskikbaar deurdat ontwikkelingstake onder die aandag van die beroepsvoorligter gebring word, en hy gevolglik probleme kan identifiseer wat moontlik tydens sekere ontwikkelingsfases mag ontstaan (Du Toit, 1988:14). Du Toit (*ibid*) toon verder aan dat Ginzberg nie 'n duidelike omskrywing of definisie vir voorligtingsdoelwitte of -prosesse gee nie, maar slegs 'n

beskrywing van die ontwikkeling van 'n persoon deur die verskillende ontwikkelingsfases gee. 'n Verdere leemte in die teorie van Ginzberg is dat spesifieke beroepsvoorligtingstegnieke wat aangewend kan word indien daar probleme tydens die verskillende ontwikkelingsfases ontstaan, nie verskaf word nie.

2.3.2.7 Besluitnemingsteorieë

Die besluitnemingsteorieë verskaf 'n ordelike metode om die konseptualisering van beroepsgedrag te beskryf. Teoretici wat hierdie benadering aanhang sien besluitneming as die belangrikste funksie van beroepsgenigte gedrag. Volgens Du Toit (1988:18) kan nie al die besluitnemingsmodelle wat bestaan as beroepskeuseteorieë voorgehou word nie aangesien sommige van hierdie modelle slegs enkele wenke in verband met besluitneming gee. Besluitnemingsteorieë word deur Weinrach (1979:188-189) in twee groepe verdeel, naamlik:-

* BESKRYWENDE MODELLE

Die beskrywende modelle beskryf die wyse waarop mense besluite kan neem. Die belangrikste modelle in hierdie verband is onder andere die modelle van Tiedeman en O'Hara, Hilton, Vroom, Hsu en Fletcher (Botha, 1993:54). Hierdie modelle poog volgens Weinrach (1979:189) om 'n beeld te gee van die "natuurlike" wyse waarvolgens 'n persoon 'n beroepskeuse uitoefen.

* VOORSKRIFTELIKE MODELLE

Voorskriftelike modelle poog om metodes of riglyne voor te hou wat persone in staat sal stel om 'n beter beroepskeuse uit te oefen. Aanhangers in hierdie verband is onder andere Katz, Gelatt, Kaldor en Zytowski (Weinrach, 1979:189).

i. Beskrywende modelle

Tiedeman en O'Hara (1963:iv) is die mening toegedaan dat "The career offers the

advantage of choice...'. Met hierdie stelling beklemtoon genoemde teoretici die belangrikheid van besluitneming tydens loopbaanontwikkeling.

Loopbaanontwikkeling impliseer volgens Tiedeman en O'Hara (1963:iv) 'n proses van opeenvolgende besluite waarvan die formulering van 'n ego-identiteit ten opsigte van 'n beroep die uiteindelijke doelwit is. Volgens die poligonale model waardeur Tiedeman en O'Hara die totale besluitnemingsproses voorstel, word twee fases van besluitneming onderskei, naamlik antisipasie en implementering (Botha, 1993:55). Die besluitnemingsproses neem 'n aanvang wanneer die persoon 'n probleem ondervind en besef dat hy 'n besluit moet neem.

ii. Voorskriftelike modelle

Voorskriftelike modelle doen metodes of reëls aan die hand om persone te help om beter beroepskeuse te doen. Hierdie modelle funksioneer dus nie noodwendig as beroepskeusemodelle nie, maar is slegs daarop gerig om metodes of reëls te verskaf oor hoe besluite geneem kan word (Jacobs et al, 1988:25). Die bekendste aanhangers van hierdie benadering is onder andere Gelatt, Katz, Kaldor, Zytowski, Herr en Cramer. Volgens genoemde wetenskaplikes kom die modelle daarop neer dat 'n persoon besef hy moet 'n besluit neem waarvoor hy inligting benodig. Die doel van die besluit gee dus volgens du Toit (1988:21) 'n aanduiding van watter tipe inligting versamel moet word.

2.3.2.8 Evaluering van die besluitnemingsteorieë.

Besluitnemingsmodelle verskaf volgens Crites (1969:105-108) 'n konseptuele verwysingsraamwerk waarin daar op 'n ordelike wyse gepoog word om die veranderlikes wat besluitneming beïnvloed te beskryf. Beskrywende- en voorskriftelike modelle het beide dieselfde konseptuele besluitnemingsraamwerk, wat volgens Jepson en Silley (soos aangehaal deur Weinrach, 1979:189) die volgende kenmerke besit:-

- * Daar is 'n besluitnemer, 'n besluitsituasie en toepaslike inligting.
- * Daar is twee of meer alternatiewe aksies waarop besluit kan word, elk met verskeie konsekwensies.
- * Elke konsekwensie het twee eienskappe naamlik die waarskynlike of moontlike herhaling van die konsekwensie in die toekoms en die waarde van die konsekwensie vir die besluitnemer.
- * Die inligting is ooreenkomstig 'n strategie georganiseer, sodat die besluitnemer geredelik 'n voordelige aksie of handeling kan identifiseer ten opsigte waarvan hy hom dan kan kompromitteer.
- * Strategieë (reëls/kriteria) orden al bogenoemde konsepte sodanig dat besluite ook die verpligtinge wat dit inhou, blootlê.
- * Strategieë is in wese nie konsepte nie, maar persoonlikheidskonstrukte, byvoorbeeld die disposisie van "risiko-neming".

Besluitnemingsstrategieë veronderstel primêr dat 'n persoon kies wat vir hom die meeste voordele en die minste verlies inhou. Pietrofesa et al (1980:200) is van mening dat 'n belangrike konsep in besluitnemingsteorieë is dat daar nie net een nie, maar 'n aantal beroepskeuse moontlikhede vir alle persone is om te oorweeg.

Osipow (1983:213) is die mening toegedaan dat besluitnemingsteorieë meer filosofies van aard is en dat dit nie loopbaanontwikkelingsgeoriënteerd is nie. Hy beskryf die model as kwasi-wiskundig, gekompliseerd en moeilik verstaanbaar. Weens die teoretiese en gekompliseerde aard van hierdie model, blyk dit dat dit nie praktiese gebruikswaarde vir loopbaanontwikkeling het nie.

2.3.3 Die beroepskeuseteorie van John L Holland

Die beroepskeuseteorie van Holland kan nie as nie-psigologies of psigologies geklassifiseer word nie maar eerder as struktureel-interaktief, binne die nuttige raamwerk waarbinne Crites (1969:79-116) 'n oorsig oor belangrike beroepskeuseteorieë gee.

In Holland se beroepskeuseteorie vertoon sy persoonlikheidstipes wesenskenmerke van die klassieke persoonlikheidstipologieë soos onder andere dié van Spranger, Jung, Adler en Sheldon. Holland (1973:5-6) skryf die historiese aanloop van sy beroepskeuseteorie toe aan die invloed van Guilford et al se faktoranalises van belangstellings, asook aan die werk van Linton en Murray. Dit is veral Linton en Murray wat die invloed van omgewingsfaktore en persoonlike behoeftes op menslike gedrag beklemtoon. Klem word dus gelê op die persoon se verhouding met die omgewing.

Holland het mense ooreenkomstig bepaalde persoonlikheidstipes gekategoriseer en die tipes geassosieer met bepaalde omgewingsmodelle. In sy persoonlikheidstipologie isoleer Holland (1973:2) ses basiese persoonlikheidstipes, naamlik die realistiese, ondersoekende, kunstige, sosiale, ondernemende en konvensionele tipes. Holland is die mening toegedaan dat elke persoon in 'n sekere mate met een van hierdie tipes ooreenstem, en hy stel dit ook dat hoe hoër die graad van ooreenstemming, hoe meer vertoon die persoon van die geassosieerde persoonlikheidstreke en gedrag van die besondere tipe. Wat omgewingsmodelle betref, onderskei Holland ook ses tipes, naamlik die realistiese, ondersoekende, kunstige, sosiale, ondernemende en konvensionele omgewings. Omgewings word getipeer deur die persoonlikheidstipes wat daarin voorkom. Volgens Malan (1987:38) maak die integrering van 'n persoon met sy omgewing gevolgtrekkings moontlik, soos byvoorbeeld met betrekking tot die persoon se beroepskeuse, beroepstabiliteit en beroepsprestasies, persoonlike bekwaamhede en sosiale gedrag.

Voortvloeiend uit Holland se blootstelling aan ander teorieë geld onderstaande agtergrondbeginsels deurgaans ten opsigte van sy eie teorie (Holland, 1973:6-10):-

- * "The choice of a vocation is an expression of personality." Beroepsbelangstellings verteenwoordig dus bepaalde aspekte van persoonlikheid en persoonlikheidsteorieë is ook konstrueerbaar aan die hand van kennis aangaande die beroepslewe.
- * "Interest inventories are personality inventories." Dit impliseer dat

beroepsbelangstellings uitinge is van persoonlikheid, en dat belangstellingsvraelyste niks anders is as persoonlikheidsvraelyste nie.

- * "Vocational stereotypes have reliable and important psychological and sosiological meanings." Met betrekking tot die beroepsgedrag van die persoon impliseer dit dat beroepsteoretipes belangrike en geldige groeperinge van persepsie verteenwoordig.
- * "The members of a vocation have similar personalities and similar histories of personal development." Hierdie aanname impliseer dat as 'n persoon 'n beroep op grond van sy persoonlikheid en ontwikkelingsgeskiedenis kies dit ooreenstemmende persoonlikhede en ontwikkelingsgeskiedenis sal vertoon met ander bekleërs van dieselfde beroepe.
- * "Because people in a vocational group have similar personalities, they will respond to many situations and problems in similar ways and they will create characteristic interpersonal environments." Waar 'n omgewing gedomineer word deur ooreenstemmende persoonlikhede word selfekspresie en die ontwikkeling van patrone van interpersoonlike vaardighede bevorder om probleme en situasies op 'n eiesoortige wyse te hanteer.
- * "Vocational satisfaction, stability and achievement depend on the congruence between one's personality and the environment (composed largely of other people) on which one works." Hierdie psilogiese kongruensie tussen persoonlikheid en omgewing word in die beroepsteorie van Holland gedefinieer aan die hand van die struktuur van persoonlikheidstipes en omgewingsmodelle.

Holland se beroepskeusesteorie stel vier primêre uitgangspunte aan die orde, naamlik:-

- * Elke persoon kan geklassifiseer word as een van die volgende persoonlikheidstipes: realisties, ondersoekend, artisties (kunstig), sosiaal, ondernemend of konvensioneel.
- * Sy ooreenstemmende werksituasies of werksomgewings tipes kan onderskei word in realistiese, ondersoekende, artistiese, sosiale, ondernemende of konvensionele

tipies.

- * Werksomgewings word hoofsaaklik gekies omdat persone deur hierdie omgewing in staat gestel word om hulle vaardighede en vermoëns, asook hulle waardes en benaderings, uit te leef.
- * Die gedrag van die persoon word beïnvloed deur die interaksie wat bestaan tussen persoonlikheid en werksomgewing.

Bogenoemde uitgangspunte word deur Holland (1973:4-5) aangevul deur die formulering van vier sleutelpunte, naamlik: konsekwentheid, differensiasie, kongruensie en 'n rekenmetode wat op sowel die persoon as die omgewing van toepassing is. Hierdie sleutelpunte het veral implikasies vir die statistiese verwerking van empiriese data.

Vervolgens word die onderskeie persoonlikheidstipes en ooreenstemmende werksomgewings van Holland (1973:14-18) bespreek:-

* DIE REALISTIESE OF MOTORIESE TIPE

Hierdie persoonlikheidstipe ontwikkel op grond van erflikheid en ervaringe 'n patroon van voorkeur met betrekking tot aktiwiteite en vaardighede vir duidelike, ordelike of sistematiese manipulasie. Voorbeelde in hierdie verband is onder andere gereedskap, masjiene en diere waar daar onder andere meganiese, elektriese, tegniese en handvaardighede vereis word. By hierdie persoonlikheidstipe is daar 'n voorkeur om met voorwerpe eerder as met mense te werk. Beroepsvoorkeure by die realistiese tipe is onder andere ambagsman, boer, bakker, werktuigkundige, grofsmid en tekenaar. Sosiaalgeoriënteerde beroepe soos byvoorbeeld kroegman, personeelbestuurder, maatskaplike werker en fisioterapeut word deur die realistiese tipe vermy.

* DIE ONDERSTEUNENDE OF INTELLEKTUELE TIPE.

By hierdie tipe gee erflikheid en ervaring aanleiding tot die ontwikkeling van voorkeure vir die waarneming en sistematiese kreatiewe ondersoek van fisiese, biologiese en kulturele verskynsels ten einde die verskynsel te verstaan en te kontroleer. Hierdie

persone geniet dus die manipulerings van woorde en simbole met behulp van intellektuele vaardighede. Hierdeur verwerf die persoon wetenskaplike en wiskundige vaardighede en terselfdertyd word daar 'n afkeur van sosiale en herhalende aktiwiteite en oordedende gedrag gevestig. Die ondersoekende tipe is analities, weetgierig en sistematies in hulle benadering. Beroepsvoorkeure by die tipe is onder andere ekonoom, mediese patoloog, aktuaris, chemikus, ingenieur en apteker. Beroepe wat deur dié tipe vermy word is byvoorbeeld eiendomsagent, prokureur, sakebestuurder en tegniese verkoopsman.

* DIE ARTISTIESE (KUNSTIGE OF ESTETIESE) TIPE.

Erflikheid en ervaring vestig by hierdie persoonlikheidstipe 'n patroon van voorkeure vir vrye, ongesistematiseerde aktiwiteite en behels die manipulerings van fisiese en verbale materiaal asook menslike aspekte met die oog op kunsskeppings waardeur vaardighede op die gebied van taal, kuns, musiek, drama en skryfwerk verkry word. Die artistiese tipe is geneig om asosiaal, vroulik, introversief, emosioneel, impulsief en insiklik te wees. Hulle het 'n afkeur aan aktiwiteite wat gesistematiseerde en van 'n geordende aard is, soos byvoorbeeld klerklike en sakestelsels. Beroepsvoorkeure wat die artistieke tipe verkies is onder andere akteur, taalonderwyser, kunstenaar en balletdanser. Beroepe wat deur die tipe vermy word is byvoorbeeld kassier, liasseerklerk, rekenmeester en tikster.

* DIE SOSIALE OF ONDERSTEUNENDE TIPE

By hierdie persoonlikheidstipe gee erflikheid en ervaring aanleiding tot die ontwikkeling van 'n patroon van voorkeure vir gedrag wat die manipulerings van mense deur onder andere opleiding, ontwikkeling en hulpverlening insluit. Vaardighede van interpersoonlike en opvoedkundige aard word op die wyse verwerf. Hierdie tipe persone geniet dit om met mense om te gaan, beskou hulself as sosiaal, opgeruimd, taktvol, selfaanvaardend en populêr, en hulle het 'n positiewe selfkonsep. Beroepsvoorkeure by die sosiale tipe is onder andere maatskaplike werker, onderwyser, verpleegster, sosioloog en fisioterapeut. Die sosiale tipe vermy egter realistiese beroepe en aktiwiteite soos byvoorbeeld ketelmaker, loodgieter, elektrisiën en meganiese ingenieur.

* DIE ONDERNEMENDE OF OORREDENDE TIPE

Hierdie persoonlikheidstipe ontwikkel op grond van erflikheid en ervaring 'n patroon van voorkeur vir aktiwiteite wat die manipulerings van mense behels ter bereiking van organisasiedoelwitte of ekonomiese voordele. Hierdeur word leierskaps-, interpersoonlike- en oorredende vaardighede verwerf. Persone met hierdie tipe persoonlikheid is avontuurlustig, entoesiasies, vrymoedig, aggressief en oortuigend. Daar ontwikkel 'n afkeer van aktiwiteite van 'n waarnemings-, simboliese- en gesistematiseerde aard, en 'n afname in wetenskaplike vaardighede vind plaas. Terselfdertyd is daar ontwikkeling van leierskapsvaardighede, goeie interpersoonlike verhoudinge en ooredingsvermoë wat voorrang geniet by hierdie persoonlikheidstipe. Die ondernemende tipe verkies beroepe en situasies wat ondernemingsgees verg, byvoorbeeld eiendomsagent, politikus, verkoopsman, bankier en advokaat. Beroepe word vermy wat ondersoekvermoëns vereis soos byvoorbeeld mediese patoloog, ekonoom, aktuaris en biochemikus.

* DIE KONVENSIONELE OF KONFORMERENDE TIPE

Erflikheid en ervaring vorm by die konvensionele persoonlikheidstipe 'n patroon van voorkeure vir goed omlynde, ordelike en gesistematiseerde werk. Hierdie tipe persoon kom netjies en konserwatief voor en respekteer gesagsfigure. Beroepsvoorkeure by dié tipe is onder andere tikster, telefoniste, liaseerklerk, boekhouer en bankier. Beroepe wat deur dié tipe vermy word is beroepe wat artistiese vaardighede verg soos byvoorbeeld fotograaf, drama-onderwyser, musikus en binneversierder.

Holland (1973:24-26) verskaf 'n aantal hipoteses, onder andere ten opsigte van elke persoonlikheidstipe se beroepsgedrag, wat kortliks hieronder opgesom word:

- * Die persoonlikheidstipe van 'n persoon bepaal primêr sy beroepskeuse.
- * 'n Persoon se eerste en tweede subpersoonlikheidstipes bepaal wat sy tweede en derde beroepskeuses sal wees.
- * Waar faktore soos sosio-ekonomiese status, intelligensie, en andere gelykgeskakeel

is, word hoë beroepsaspirasies in afnemende intensiteitsorde geassosieer met die volgende tipes: ondernemend, sosiaal, artisties, ondersoekend, konvensioneel en realisties.

- * Die keuse van bevredigende en nie-beroepsaktiwiteite word beïnvloed deur die konsekwentheid van 'n persoonlikheidspatroon. Konsekwentheid en tevredenheid sal positief met mekaar korreleer.
- * Die stabiliteit van beroepskeuse word beïnvloed deur die konsekwentheid van 'n persoonlikheidspatroon. Konsekwentheid en stabiliteit sal dus positief met mekaar korreleer.
- * Die stabiliteit van 'n persoon se werksgeskiedenis en sy wisselwerking volg dieselfde patroon as die stabiliteit van beroepskeuse in die voorafgaande hipotese.
- * Effektiewe beroepsfunksionering en beroepsprestasies word beïnvloed deur die konsekwentheid van 'n persoonlikheidspatroon.
- * Die stabiliteit van beroepskeuse word beïnvloed deur die gedifferensiëerdheid van 'n persoonlikheidspatroon en sal gevolglik differensiasie en stabiliteit positief met mekaar korreleer.
- * In gelykskakelende omstandighede sal beroepsprestasies positief gekoppel wees aan die persoonlikheidstipes in hierdie volgorde: ondernemend, sosiaal, artisties, ondersoekend, konvensioneel en realisties.
- * Die moontlikheid van kreatiewe optrede neem toe namate 'n persoonlikheidspatroon met die volgende ordening van tipes van hoog na laag ooreenstem: artisties, ondersoekend, sosiaal, ondernemend, realisties en konvensioneel.
- * Die persoonlikheidspatroon van 'n persoon tipeer sy kenmerkende werkstyl of gedrag tydens beroepsbeoefening.
- * Vaardighede met betrekking tot interpersoonlike verhoudings hang saam met die ordening van 'n persoonlikheidspatroon: sosiaal, ondernemend, artisties, ondersoekend, konvensioneel en realisties. Hoe groter die mate van ooreenstemming met genoemde ordening, hoe meer doeltreffend is die persoon se vaardighede.

Holland (1973:29-3) beskryf, soos in die geval van die persoonlikheidstipes, ook omgewingstipes. Hy het die persoonlikheidstipes afgepaar met ooreenstemmende tipes werksomgewings deur middel van vraelyste. Holland poog op hierdie wyse om 'n persoon se primêre en sekondêre geïntereerdheid ten opsigte van 'n bepaalde beroep te bepaal. Hy maak verder van die Heksagonale model gebruik om te bepaal of 'n persoon die korrekte beroepskeuse uitgeoefen het. Holland maak van hierdie model gebruik om die mate van ooreenstemming vas te stel wat daar bestaan tussen die persoonlikheidstipe en die omgewingstipe. Uit sy werk blyk dit dat die beïnvloedingskrag van 'n omgewing 'n funksie is van die graad van konsekwentheid en differensiasie van daardie omgewing. Dieselfde riglyne vir die vasstelling van die konsekwensie en differensiasie van 'n persoonlikheidspatroon geld ook ten opsigte van omgewingstipes.

Volgens Holland (1973:35-36) kan die volgende hipoteses geformuleer word ten opsigte van beroepsgedrag:-

- * Elke omgewingsmodel trek sy geassosieerde persoonlikheidstipe aan, terwyl elke omgewing ooreenkomstig die heksagoon sekere persoonlikheidstipes meer as ander afstoot.
- * Die omgewingsinvloed op beroepstabiliteit verloop langs die volgende dalende lyn: realisties, konvensioneel, ondememend, sosiaal, artisties en ondersoekend.
- * Die stabiliteit van beroepskeuse, wat betref die aantal en omvang van keusewysigings, word beïnvloed deur die konsekwentheid van die omgewingspatroon.
- * Die stabiliteit van beroepskeuse word bevorder deur die gedifferensieerdheid van 'n omgewing. Dus: hoe meer gedifferensieerd, hoe sterker is die beroepskeuse.
- * Elke omgewing versterk sy eiensortige prestasies.
- * Die konsekwentheid en die differensiasie van 'n omgewing werk onderling op mekaar in en verhoog die stabiliteit en vlak van beroepsprestasies.
- * Beroepstevredenheid word bevorder deur die konsekwentheid en differensiasie van 'n omgewing.

- * In gelykstaande situasies bevorder die volledigheid van die omgewing beroepstevredenheid.

Wanneer die persoon se omgewingsfaktore sy beroep na aanleiding van sy persoonlikheidstipe totaal verhoed, gebeur dit dat 'n persoon probleme ondervind om 'n beroepskeuse uit te oefen. Indien so 'n persoon wel 'n keuse sou uitoefen, kan dit bydra tot die verandering van sy beroep of dat hy selfs sy ganse lewe lank onseker sal wees ten opsigte van die beroepskeuse wat hy uitgeoefen het.

2.3.4 Evaluering van die beroepskeuseteorie van Holland

Holland (1966:8-9) tipeer sy beroepskeuseteorie onder andere as heuristies. Sy bedoeling hiermee is dat dit navorsing en ondersoek stimuleer vanweë die "impliserende" aard daarvan en nie vanweë die logiese of sistematiese struktuur van die teorie nie. Malan (1987:89) merk op dat hierdie aanspraak in die praktyk regverdig blyk te wees as in ag geneem word dat daar seker geen ander beroepskeuseteorie so wyd en deeglik aan eksperimentele ondersoek onderwerp is en steeds onderwerp word as Holland se teorie nie. Die klaarblyklike heuristiese waarde van Holland se beroepskeuseteorie word duideliker as 'n mens in ag neem dat slegs enkele van die beroepskeuseteorieë wat sedert 1950 verskyn het, betekenisvolle navorsing uitgelok het.

Die beroepskeuseteorie van Holland het 'n duidelik toetsbare struktuur, en sy persoonlikheidstipes en omgewingstipes verteenwoordig 'n definitiewe skakel tussen die persoon en sy lewensmilieu. Sy teorie beskryf ook toetsbare konstruksies soos kongruensie, differensiasie en konsekwentheid asook die funksies daarvan wat onderliggend is aan beroepsgedrag wat navorsing vergemaklik. Wat die empiriese toetsing en praktiese toepassing van Holland se teorie in die beroepsvoorligtingsituasie betref, word dit vergemaklik deur instrumente wat hy ontwikkel het soos die VPI, SDS, EAT en die "Occupation Finder". Die heksagon is 'n nuttige hulpmiddel omdat dit sentrale gedagtes van die teorie saamvat en illustreer en die psigologiese afstande tussen

persoonlikheidstipes en omgewingstipes op 'n grafiese wyse orden. In voorligtingsituasies kan die heksagon ook as 'n basis gebruik word om byvoorbeeld aan 'n skoolleerling te verduidelik waaraan sy akademiese prestasies moontlik toegeskryf kan word.

Navorsing dui oor die algemeen daarop dat Holland se beroepskeusesteorie en gepaardgaande instrumente geldig en nuttig is vir die beroepsvoorligtingsituasie. Osipow (1983:112-113) wys egter daarop dat die teorie van Holland nie ontkom het aan die probleme wat inherent aan die trekfaktorbenadering tot beroepskeuse is nie. Een van die belangrikste leemtes in sy teorie is die afwesigheid van 'n verklaring van die proses van persoonlikheidsontwikkeling. Alhoewel Holland die persoonlikheidstipes volledig uiteensit, het hy egter nagelaat om te verklaar hoe of hoekom 'n spesifieke persoonlikheidstipe ontwikkel. Osipow (1983:112-113) is die mening toegedaan dat Holland nie spesifieke tegnieke voorstel waarvolgens beroepskeusevoorligting gedoen kan word nie.

2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is enkele beroepskeusesteorieë uit die literatuur toegelig. Enkele belangrike beroepskeusesteorieë (as vertrekpunt vir 'n digotome program) is bespreek aan die hand van 'n breë klassifikasie daarvan in nie-psigologiese beroepskeusesteorieë, psigologiese beroepskeusesteorieë en die beroepskeusesteorie van Holland. By elke beroepskeusesteorie is die hoofmomente in oënskou geneem en is daar ook 'n evaluering ten opsigte van die beroepsteorieë onderneem.

In die volgende hoofstuk word op beroepsvoorligting en beroepskeuse in sekondêre skole gefokus.

HOOFSTUK 3

BEROEPSVOORLIGTING EN BEROEPSKEUSE IN SEKONDÊRE SKOLE

3.1 INLEIDING

Met die instelling van gedifferensieerde onderwys in Suid-Afrika in 1971 is die belangrikheid van die skoolvoorligtingsdiens sterk beklemtoon. "n Stelsel van gedifferensieerde onderwys kan alleen sinvol deurgevoer word as dit gepaard gaan met 'n doeltreffende skoolvoorligtingsdiens, veral aan skole." (Haasbroek, 1978:V.) Die taak van so 'n stelsel is volgens die RGN (1981a:45) om onderwys in ooreenstemming met die leerling se potensiaal aan te bied, om hom in die verband te oriënteer en voorligting te gee sodat die leerling uiteindelik in staat sal wees om self 'n onderwyskeuse te doen en sy potensiaal maksimaal kan ontwikkel. Die sekondêre skool het as taak die onderrig en opvoeding van leerlinge, maar is ook daar om toe te sien dat leerlinge tot selfverwesenliking en eie keuse in die skoolopset kan kom. Juis hierin lê: "die noodsaaklikheid van 'n skoolvoorligtingsdiens as geïntegreerde deel van die formele onderwys opgesluit" (RGN, 1981a:46).

Die huidige stelsel van gedifferensieerde onderwys in Suid-Afrika maak tans voorsiening vir skooltipes, studierigtings, vakkeuses wat met studierigtings verband hou en vlakke waarop vakke geneem kan word. Die onderwysstelsel bied ook skoolvoorligting as 'n hulpdienst aan met die doel om leerlinge te oriënteer om in ooreenstemming met hulle vermoëns, aanlegte en belangstellings 'n onderwys- en beroepskeuse uit te oefen om sodoende hulle potensiaal te verwesenlik en deur middel van beroepsbeoefening 'n sinvolle bestaan te kan voer (Niewenhuis et al, 1984:193,194).

Voorligting op skool vorm 'n onafhanklike vakgebied in eie reg. Dit behels die opvoeding en voorbereiding van leerlinge tot volwassenheid (Sonnekus & Ferreira, 1979:99) en die oorkoepelende doel van voorligting van elke leerling, met besondere klem op selfkennis

en verantwoordbare keuse-uitoefening (Barnard, 1975:14). Die eerste werklike voorligtingsfunksie van die skool tree reeds met skooltoetrede in werking en hou vol totdat die leerling finaal die skool verlaat (RGN, 1981b:7).

Die sekondêre skool het 'n spesifieke beroepsleidingsfunksie (Marais, 1988:344-345). Die ouers en veral die voorligtingonderwyser het 'n besondere verantwoordelikheid om die hoërskoolleerling te oriënteer tot 'n positiewe arbeidsgesindheid en uiteraard tot beroepsvolwassenheid. Leerlinge se beroepskeuses word geëvalueer in die resultaat van hulle vak-, kursus- en studierigtingkeuse, asook hulle skolasiese prestasie in samehang met hulle persoonsbeeld (Buck & Barrick, 1987:2; Marais, 1988:346).

As formele instelling het die sekondêre skool die verantwoordelikheid om leerlinge op te voed en te onderrig ten einde 'n sinvolle bestaan te verseker (Nelson-Jones, 1983:1-3). Binne die totale onderwysopset is dit 'n noodsaaklikheid om leerling-materiaal daar te stel wat voldoen aan die kriteria vir volwaardige burgerskap. Die onderwys moet mannekrag voorsien om te voldoen aan die hoogste vereistes wat gestel word met betrekking tot onder meer arbeidsverhoudingsvraagstukke (Anon, 1990:7).

Beroepskeuse is van aktuele belang wanneer leerlinge die einde van hulle skoolloopbaan bereik. Alhoewel die keuse van 'n beroep normaalweg met skoolverlating saamval, maak die stelsel van gedifferensieerde onderwys in standers 6 en 7 voorsiening vir spesifieke vakkeuses wat uitloop op bepaalde beroepsrigtings van standerd agt af. Na afloop van die skoolloopbaan word die waarde van veral die beroepsvoorligting weerspieël in die beroepslewe van elke jongmens. Dit bring mee dat die leerling as't ware gekonfronteer behoort te word met ontdekking, bevestiging en handhawing van die self en die skoolsituasie wat op sigself die beroepsituasie voorafgaan (Van Coller, 1987:380; Liebetrau, 1987a:108-112).

Die kwaliteit van die werk wat deur die voorligtingonderwyser op sekondêre skole gedoen word, het verreikende gevolge op die leerling in sy latere volwassenheid (Garbers,

1979:13-15; Van Coller, 1987:381). Uiteraard het die kwaliteit van die beroepsleidingsprogram ook 'n invloed op die Suid-Afrikaanse mannekrag en ekonomie (Departement van Onderwys en Kultuur, 1990:17). Ernstige tekorte aan geskoolde mannekrag op alle vlakke benadeel tans die verdere ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie (a.w).

Beroepsvoorligting moet onder andere gerig wees op gedifferensieerde mannekraglewering (Joubert, 1983:16; Liebetrau, 1987(b):1; Beukes, 1988:21-23). Die tegnologie noodsaak juis differensiasie in die beroepslewe (Beukes, 1985:11-21; Kowitz & Kowitz, 1971:53). Op sy beurt vereis die beroepslewe weer onder meer gedifferensieerde opleidingsinrigtings en toelatingsvereistes. Sodanige differensiasie sal dan benewens persoonsgeskikthede ook oor beroepsgeleenthede handel (Joubert, 1984:236-244; Lewies, 1981:9-11; Marais, 1988:346). Dit is daarom noodsaaklik dat voorligtingonderwysers verbonde aan sekondêre skole hulle op hoogte moet hou met beroepskeuses wat aan leerlinge voorgehou kan word.

In 'n poging om tred te hou met snel veranderende en groeiende eise wat gestel word om leerlinge vir die kulturele -, sosiale - en ekonomiese lewe voor te berei en om aan hulle geleentheid te bied om hulle potensialiteite te ontwikkel, moet die onderwys, net soos wat die gemeenskap en ook die beroepswêreld bepaalde veranderinge ondergaan, ook verander. Dit noodsaak voortdurende navorsing en evaluering van die bestaande onderwysstelsel in die RSA (Wolder, 1980:1,2).

Die gebruik van psigometriese toetse by beroepsvoorligting word in hierdie gedeelte ook kortliks behandel. Die aandag sal in die eerste plek gevestig word op die gebruik van verstandstoetse. Daarna sal die gebruik van aanlegtoetse, belangstellingsvraelyste en persoonlikheidsvraelyste by beroepskeuse toegelig word. In die laaste plek val die klem op die praktyk in sekondêre skole en onderwys hulpsentrums in die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement.

In die lig van bogenoemde is doeltreffende voorsiening van skoolvoorligting as 'n geïntegreerde deel van die oorkoepelende onderwysstelsel 'n noodsaaklikheid in Suid-Afrika.

3.2 DIE BEGRONDING VAN SKOOLVOORLICHTING

Skoolvoorligting het 'n eie vakterrein met eiesoortige vakinhoud en unieke doelstellings wat verwezenlik moet word (Niewenhuis *et al*, 1984:111). Skoolvoorligting is dus 'n onderwyskundige aangeleentheid waardeur spesifieke inhoud langs vakdidaktiese weg aan die leerling ontsluit moet word.

3.2.1 Die wetenskaplikheid van skoolvoorligting.

"Skoolvoorligting word voltrek in die lig van wetenskaplike kennis." (Niewenhuis *et al*, 1984:111.) Navorsing deur die RGN (Niewenhuis *et al* 1984:112-116) het duidelik aangetoon dat skoolvoorligting as 'n selfstandige vakterrein beskou moet word. Die bepaling van voorligtingsinhoud geskied ooreenkomstig die doelstellings wat met skoolvoorligting gestel word en wat geoperasionaliseer en verbesonder is (Niewenhuis, *et al* 1984:111). Die inhoud in die voorligtingsprogram moet lewensnaby vir leerlinge wees, verstaanbaar en bruikbaar vir leerlinge in hulle op-pad-wees na volwassenheid.

3.2.2 Lewensopvatlike - en kulturele begronding van skoolvoorligting.

Skoolvoorligting behoort lewensopvatlik begrond te wees en behoort ook die kultuuropvatting van die betrokke bevolkingsgroep in ag te neem (Niewenhuis *et al*, 1984:116). "Die lewensopvatting van 'n volk behoort verder begrond te wees in 'n eie godsdiens en geloofsoortuiging wat bepaalde segswaarde mag hê vir skoolvoorligting." (Niewenhuis *et al*, 1984:116, Kruger, 1991:16-17).

In 'n wetenskaplike ondersoek wat onderneem is deur Niewenhuis *et al* om die

lewensopvatlike en kulturele begroting van skoolvoorligting na te vors, het respondente van blanke onderwysdepartemente aangetoon dat hulle ten gunste van beide die erkenning van die kultuuroopvatting in die skoolvoorligtingsbeleid en inhoudselektering was. Respondente van die Departement van Onderwys en Opleiding, van die Direktoraat: Indiëronderwys en van die OVS het aangetoon dat hulle daarteen gekant was (Niewenhuis *et al*, 1984:116-123).

3.2.3 Mensbeskouing en waardestruktuur as beginsels van skoolvoorligting.

Elke mens het gelyke waarde as skepsel van God en daarom moet skoolvoorligting daarvoor voorsiening maak sodat die waardigheid van leerlinge nie geskaad word in die aanbieding van voorligting nie (Niewenhuis *et al*, 1984:123). Skoolvoorligting berus volgens die TOD (1993:7) op 'n bepaalde mensbeskouing, naamlik dat die mens as 'n unieke wese deur God geskape is, dat die mens 'n ewigheidsbestemming het en dat alle mense gelykwaardig is. In die aanbieding van skoolvoorligting moet daar ruimte gelaat word vir die erkenning van die ondersheid van die leerling omdat elke leerling die reg het om deeglike skoolvoorligting te ontvang (TOD, 1993:7).

In 'n ondersoek wat deur Niewenhuis *et al* (1984:124) onderneem is, het die respondente deurgaans aangedui dat hulle onderstaande waardes as die grondslag van skoolvoorligting beskou.

- * Elke mens moet kragtens sy geroepenheid werk.
- * Elke mens moet sy eie vermoëns en die geleentheid wat dit bied optimaal verwerklik.
- * Elke mens moet 'n positiewe ingesteldheid openbaar ten aansien van en aanvaarding van die begrensdeheid van sy vermoëns.
- * Elke mens moet diens aan sy medemens en veral die persoon in nood openbaar.
- * Elke mens moet dankbaarheid vir die eie vermoëns en die geleentheid wat dit bied, openbaar.

- * Elke mens moet in die strewe om in materiële behoeftes te voorsien waak om in materialisme te verval.

3.3 HISTORIESE VERLOOP VAN SKOOLVOORLIGTINGSDIENSTE IN ENKELE OORSESE LANDE.

3.3.1 Brittanje

Skoolvoorligting het gedurende die laat sestigerjare as spesialis vakgebied ontstaan. Die fokus was oorspronklik op omgewingsfaktore wat 'n beperkende invloed op leerlinge se intellektuele -, liggaamlike -, sosiale - en emosionele ontwikkeling het, asook gesonde kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis (Avent *et al*, 1983:477). Mettertyd het verwysing na ander instansies buite die skool en interprofessionele skakeling eie aan die skoolvoorligtingstelsel geword.

Die hoeveelheid tyd wat aan skoolvoorligting gedurende die sekondêre skoolfase bestee word, wissel van skool tot skool. Die klem in opvoedkundige- en beroepsvoorligting val op die gee van raad en advies. Skoolvoorligting is gedurende hierdie skoolfase hoofsaaklik op die voorkoming van gedrags - of persoonlike probleme, en die antispesering van opvoedkundige- en beroepskeuses gerig (Lytton & Craft, 1974:14).

In 'n poging om beroepsvoorligting tot sy reg te laat kom, is die "Career Service" tot stand gebring. Hierdie diens dien as skakel tussen die skool en die beroepswêreld en word deur die Departement van Arbeid gerugsteun. Voorligteronderwysers word van inligting rakende beroepsmoontlikhede, publikasies en films voorsien en ontvang hulp met voorbereiding en soms die aanbieding van lesse in beroepsvoorligting (Beck, 1979:78; Avent *et al*, 1983:478).

Leerlinge kan vir gespesialiseerde hulp na die kinderleidingkliniek en die skoolsielkundige diens verwys word (Brand, 1990:40).

3.3.2 Die Verenigde State van Amerika

'n Behoeft aan skoolvoorigting het in die VSA ontstaan deels as gevolg van die kompleksiteit van die skoolsisteem wat spesialisasie meegebring het (Lytton & Craft, 1974:161). Skoolvoorigting is dan enersyds 'n metode om die talente van leerlinge te ontdek, te ontwikkel en langs die regte kanale te lei en so die ekonomiese doelwitte van die land te verwesenlik. Andersyds is skoolvoorigting 'n vorm van persoonlike diens aan die "psychologically lame" en die minderbevoorregte, en as sodanig vorm dit deel van die verskeie spesiale projekte om gelyke geleenthede vir almal te verseker as deel van die "war on poverty".

Die aard en inhoud van skoolvoorigtingsprogramme word hoofsaaklik deur individuele skoordistrikte, en in 'n groot mate deur die skole self, bepaal en word beïnvloed deur die aantal professionele personeel wat beskikbaar is. Die skoolhoof speel ook 'n sentrale rol in die tipe program wat aangebied word (Carstens, 1976:71; Gorton, 1976:301).

Buite die skool bestaan daar ook gespesialiseerde dienste waarheen leerlinge verwys kan word onder andere die "Psychiatric Services" en die "School Attendance Service" (RCN, 1972:37).

Skoolvoorigting by junior hoërskole is oor die algemeen van 'n hoër standaard. Skoolvoorigters spandeer baie tyd in groepvoorigting aan temas soos selfkennis. Aangesien vakkeuses en beroepsvoorigting minder aandag verg as by senior hoërskole, word die skoolvoorigter se tyd hier in beslag geneem deur onderpresteerders, oriëntering van leerlinge uit die primêre skool en individuele onderhoude. Die skoolvoorigter is teen die einde van die junior hoërskoolfase behulpsaam met vakkeuses vir die senior hoërskool (Carstens, 1976:41, 71-72).

Die vrye-keusestelsel maak vak- en vlakkeuse aan die senior hoërskole 'n gespesialiseerde en veeleisende taak. Skoolvoorigting aan leerlinge in verband met kollege- en univer-

siteitstoelating is in baie hoërskole die hoofsaak van die skoolvoorligter. Persoonlikheidsvoorligting word ten koste van laasgenoemde afgeskeep. Daar is ook weinig sprake van beroepskeusevoorligting, omdat skoolvoorligters in die meeste gevalle oor onvoldoende inligting beskik (Carstens, 1976:72).

3.3.3 België

Skoolvoorligting in België het tot en met die sewentigerjare outonoom en los van die skool gestaan (Lombaard, 1976:53-54). Skole het oor 'n skakelonderwyser beskik wat met personeel buite die skool reëlings kon tref vir voorligting binne die skool. Die taak van die skakelonderwyser was om te reël dat beroepsinligting deur die beroepsvoorligtingsburo aan die ouers deurgevoer word (Haasbroek et al, 1978:47-48). Die sogenaamde psigo-, mediese- en sosiale werksentrums (PMS-sentra) het verder hulp en begeleiding gebied deur by die skool in te skakel (Lombaard, 1976:60-61).

Tot en met die vroeë sewentigerjare was daar geen gekoördineerde gespesialiseerde beroepsinligtingsverspreidingsdienste nie. Gespesialiseerde beroepsinligting moes deur die onderskeie PMS-sentra bygehou word en aan skole in hul streek of area versprei word. Wetgewing het teen die middel van die sewentigerjare tot gevolg gehad dat die PMS-sentra direk by die skool en die skoolorganisasie betrek is. Aan die onderwyspersoneel word leiding en hulp ten aansien van die onderwyskundige program verleen. Op hierdie wyse word die onderwyspersoneel betrek by studiekeusebegeleiding van leerlinge en hulpverlening aan leerlinge met studieprobleme (Shertzer & Stone, 1976:455; Lombaard, 1976:69).

Leerlinge en hul ouers word voorts gesteun en begelei tot sinvolle integrasie van selfkennis en studiemoontlikhede. Die PMS-sentrum- en onderwyspersoneel oriënteer ouers en hul kinders tot 'n verantwoordbare selfkeuse deur die leerling. Ouers en die leerling kan, waar problematiese situasies opduik, aandring op individuele hulpverlening met die oog op studie- en beroepskeuse (Lombaard, 1976:74).

3.3.4 Wes-Duitsland

Skoolvoorligtingsprogramme is so saamgestel dat daar vir opvoedkundige-, persoonlikheids- en, in 'n mindere mate, vir beroepsvoorligting voorsiening gemaak word.

Volgens Beukes (1976:80) maak opvoedkundige voorligting voorsiening vir voorligting aan sekere leerlinge en hul ouers ten aansien van onderwys- of skoolloopbaanmoontlikhede. Die inhoud van hierdie programme bestaan uit inligting betreffende skooltipes, skoolkursusse, vakke en vakkombinasies, beroeps- en finansiële implikasies en toelatingsvereistes tot studierigtings.

Die skoolsielkundige behartig persoonlikheidsvoorligting en hy is hoofsaaklik gemoeid met die afneem van verskeie psilogiesse toetse in groepverband of individueel (Beukes, 1976:80).

Beroepsvoorligting word grotendeels deur voorligtingburo's buite skoolverband behartig en val dus nie binne die terrein van skoolvoorligting nie. Martin & De Volder (1983:483) wys daarop dat beroepsvoorligting en -plasing slegs deur die Departement van Arbeid hanteer mag word. Die verantwoordelikheid van die afdeling beroepsvoorligtingsdiens van dié Departement sluit in: individuele voorligting, hulp in die verkryging van werk, beroepsinligting aan ouers, studente en belanghebbendes, en die aanbieding van beroepsoriënteringsprogramme in skole (Schulz, 1982:272).

3.4 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SKOOLVOORLIGTING IN SUID-AFRIKA.

Die geskiedenis van skoolvoorligting binne onderwysverband in Suid-Afrika kan na verskeie dekades teruggevoer word. Sedert die aanstelling van die eerste departementele beroepsvoorligting in 1936 het die belangstelling in beroepsvoorligting in skole in so 'n mate toegeneem dat daar teen 1944 al vier en twintig onderwysers deur die beroeps-

voorigters van die beroepsvoorigtingsburo opgelei was (Reyneke, 1955:35).

'n "Leerplan vir Beroepsvoorigting" is in 1948 gepubliseer en daar is bepaal dat standers ses tot nege een periode per klas per week aan beroepsvoorigting afgestaan moet word (Gerber, 1981:98). In 1950 is daar egter bepaal dat daar in skole waar die meeste leerlinge tot standerd tien aanbly, die hoof in oorleg met die inspekteur moes vasstel in watter mate beroepsvoorigting in die vorm van lesings nodig is. Volgens Reyneke (1955:75) het dit in sommige gevalle aanleiding gegee tot die verontagsaming van die verpligting om skoolvoorigting aan alle standers aan te bied.

In 1957 is die kurrikulum omvattend uitgebrei na onderwys-, persoonlikheids-, gesins-, en beroepsvoorigting, asook voorigting oor ontspanning (Gerber, 1981:98). Die nuwe kurrikulum is in 1958 ingevoer en die skoolvoorigter was nou ook verantwoordelik vir persoonlike onderhoude.

Omsendbrief twee en sestig van 1962 stel dit dat elke klas tot en met standerd tien, een periode skoolvoorigting per week moes ontvang (TOD, 1962:2). In 1963 is die voogstelsel amptelik aangekondig (TOD, 1963:2-4). Volgens Omsendbrief een van 1972 word voorigting by die nuwe Jeugweerbaarheidsprogram geïntegreer (TOD, 1972:1-6). Hiervolgens word voorigting in drie komponente verdeel, naamlik opvoedkundige leiding ten opsigte van vak- en kursuskeuse, beroepsleiding en geestesweerbaarheid. 'n Nuwe voorigtingsprogram is met omsendminuut twee honderd en tien van 1973 aangekondig wat afsonderlik van die Jeugweerbaarheidsprogram in sekondêre skole hanteer moes word en het 'n voorigtings -, voog - en opvoedkundige program in koshuise ingesluit (TOD, 1973:1-9).

Sedert 1978, maak die programme vir voogwerk, beroepsleiding en jeugweerbaarheid deel uit van die totale voorigtings-program (TOD, 1988:1-20). In omsendminuut twintig van 1978 word 'n nuwe program vir beroepsleiding uiteengesit en moes dit tesame met die voorigtingsprogram sedert die begin van 1978 geïmplementeer word (TOD, 1978a:1-

22).

Vanaf 1 Januarie 1978 is die pos departementshoof: Opvoedkundige leiding ingestel en moes hierdie persoon, onder leiding van die hoof, verantwoordelikheid vir beroepsleiding aanvaar, asook verantwoordelikheid vir die beplanning en organisasie van die hele voorligtingsprogram (TOD, 1978b:29).

3.5 BEROEPSVOORLIGTING IN SUID-AFRIKA

Wat die breë omvang van die beroepsvoorligtingspraktyk betref, word aktiwiteite hoofsaaklik binne die onderwys en by instansies buite die onderwys aangetref. Hierdie verdeling is nie onderling uitsluitend nie, maar bied 'n ordelike en werkbare raamwerk waarbinne beroepsvoorligting in Suid-Afrika ontplooi kan word.

In die bespreking wat volg sal daar op die beroepsvoorligtingsaktiwiteite wat binne bogenoemde twee sektore aangetref word, gelet word.

3.5.1 Beroepsvoorligting aan instansies buite onderwysverband.

3.5.1.1 Die Departement van Mannekrag

Die Departement van Mannekrag is die langste betrokke by beroepsvoorligtingsaktiwiteite in die RSA. Aanvanklik was dié departement 'n afdeling van 'n staatsdepartement, maar weens die vervlegte aard van beroepsvoorligting, was dit later duidelik dat dit nie die werkterrein van 'n staatsdepartement kan wees nie (Jacobs et al, 1988:37-38).

Ten opsigte van beroepsvoorligting is die Departement van Mannekrag volgens Jacobs et al (1988:39) verantwoordelik vir:

- * die lewering van beroepsvoorligting aan lede van al die bevolkingsgroepe,

- * die plasing van werksoekers in geskikte vakatures,
- * die verskaffing van inligting oor beroepe wat hoofsaaklik die publikasie van "My loopbaan" behels.

3.5.1.2 Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN)

Volgens Jacobs et al (1988:40) bestaan die RGN uit verskillende institute wat hulle bemoei met take verwant aan beroepsvoorligting. Die Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN) en die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN) is onder andere twee institute wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling en beskikbaarstelling van psigometriese produkte wat in beroepsvoorligtingswerk aangewend word (Jacobs et al, 1988:40).

3.5.1.3 Universiteite en teknikons

Naas die opleidingstaak van universiteite en teknikons, lewer talle van hierdie tersiêre sentra ook beroepsvoorligtingsdienste. Dié sentra verskaf studie- en vakkeusevoorligting aan studente en lewer ook 'n beroepsvoorligtingsdiens aan individue, hoofsaaklik skoliere.

3.5.1.4 Private voorligtingsentrums, werkverskaffingskantore en voorligtingspraktisyns

Beroepsvoorligtingsdienste word gelewer deur sommige private werkverskaffingsentra en praktiserende voorligters. Konvensionele beroepsvoorligtingsdienste word deur privaate voorligtingsdienste verskaf (Jacobs et al, 1988:41). Volgens Jacobs et al (*ibid.*) sluit die meeste private werkverskaffingskantore se plasingdienste 'n beroepsvoorligtingskomponent in aangesien die optimale plasing van mensspesifikasies en posvereistes gewoonlik deur die personeel nagestreef word.

3.5.1.5 Ander private en openbare instansies - meesal werkgewers en werkgewerorganisasies

Volgens Jacobs et al (1988:41) verskaf die meeste van hierdie instansies nie 'konvensionele voorligting op 'n omvattende skaal nie, maar wel van beperkte of interne opset, aangesien beroeps- en/of opleidingsmoontlikhede beperk is tot die beroepsrigtings binne die betrokke organisasie'. Die beroepsvoorligting is gewoonlik tot die verskaffing van beroepsinligting beperk en daar word nie soseer op die persoonsmoontlikhede van die individu gefokus nie.

3.5.2 Beroepsvoorligting binne onderwysverband

3.5.2.1 Beroepsvoorligting en gedifferensieerde onderwys

In 'n snel veranderende Suid-Afrikaanse opset is dit belangrik dat elke individu van die verskillende kultuurgroepe vry moet wees om die kultuur- of lewensopvatting wat hy verkies, te handhaaf en dienoreenkomstig te ontwikkel. As gevolg van geweldige toename in die Suid-Afrikaanse bevolking, veral wat die Swart bevolking betref, is dit 'n absolute noodsaaklikheid dat die jeug reeds op skool beroepsvoorligting moet ontvang (Anon., 1982:36-43). Dit sal nie net tot positiewe selfkennis van die skoolgaande jeug bydra nie, maar dit sal ook 'n groot bydrae met betrekking tot die vraag en aanbod in die arbeidsmark lewer.

Gedifferensieerde onderwys maak voorsiening vir die opvoedkundige behoeftes van elke leerling te wete die verskillende vakke, vakpakette en die vlakke waarop vakke geneem kan word, asook die onderskeie sekondêre studierigtings en tipes sekondêre skole (Van Heerden, 1983:1). Binne hierdie stelsel van gedifferensieerde onderwys word skoolvoorligting as 'n hulpdienst aan leerlinge en hulle ouers aangebied met die doel om leerlinge te oriënteer om in ooreenstemming met hulle vermoëns, aanlegte en belangstellings 'n onderwys- en beroepskeuse uit te oefen ten einde hulle potensiaal sodoende

te verwesenlik en tot volle selfaktualisering te kom (Niewenhuis *et al*, 1984:193,194).

In 'n gedifferensieerde onderwysstelsel word leerlinge in verskillende fases van hul skoolloopbaan voor belangrike keuses geplaas. Marais (1987:258) wys daarop dat gedifferensieerde onderwys nie bloot gesien moet word as 'n gevolg van individuele verskille nie, maar dit moet ook gesien word as die gevolg van 'n gespesialiseerde beroepswêreld. Die wêreld-van-werk raak as gevolg van die natuurwetenskaplike vooruitgang, tegnologiese ontwikkeling en ook die snelgroeiende internasionale ekonomie, in toenemende mate 'n omgewing van spesialisasie. Leerlinge word dus in toenemende mate gekonfronteer deur komplekse besluitnemingsituasies. Engelbrecht (1988:39) is die mening toegedaan dat die individuele leerling homself ten opsigte van, onder andere, sy vermoëns, aspirasies en beroepswaardes deeglik moet leer ken, maar terselfdertyd oor 'n deeglike kennis van die beroepswêreld met al die variasie moontlikhede moet beskik.

3.5.2.2 Uitgangspunte van skoolvoorigting

Na aanleiding van 'n literatuurstudie word bepaalde uitgangspunte van skoolvoorigting kortliks uitgelig.

- * Skoolvoorigting moet voorsiening maak vir persoonlike-, opvoedkundige- en beroepsvorigting vir die leerling. Hierdie drie aspekte van skoolvoorigting as opvoedingshandeling kan wel onderskei word, maar is nooit absoluut skeibaar van mekaar nie. Skoolvoorigting moet dus in totaliteit bydra tot die breë onderwys en opvoeding van die leerling (Kruger, 1980:11-17; RGN, 1976c:20; RGN, 1976b:20).
- * Skoolvoorigting moet tred hou met 'n snel veranderende samelewing en kultuur. Die sosiale, politieke en ekonomiese veranderinge laat die leerling onseker voel oor die toekoms en sy rol daarin. Dit is daarom van kardinale belang dat skoolvoorigting en die opleiding van skoolvoorigters met hierdie veranderinge tred sal hou (Jones *et al*, 1970:104,105; Tolbert, 1980:3, TOD, 1993:7).

- * Skoolvoorligting moet 'n deurlopende proses wees en nie 'n insidentele handeling nie. Dit is nie 'n opvoedingshandeling wat net in sekere stadiums van die leerling se lewe van belang is nie, maar is eerder 'n kontinue handeling (Loermans en Winkels, 1986:71-195; Muro, 1970:1-15; Kruger, 1991:21-23).
- * Skoolvoorligting beoog die ontwikkeling van die totale individu en nie net sy akademiese vordering nie. Voorligtingsbemoëienis moet voorsiening maak vir differensiasie, dit wil sê individuele verskille moet erken word (Bernard & Fullner, 1969:2; Lombaard, 1976:80, Gibson & Mitchell, 1981:1-77).
- * Om skoolvoorligting tot sy reg te laat kom, is doeltreffende fisiese fasiliteite by primêre - en sekondêre skole van groot belang (Gibson & Mitchell, 1981:1-77; Kruger, 1991:3-8, Van Heerden, 1991:82).
- * In skoolvoorligting is die skoolvoorligter die middelpunt van die skoolvoorligtingsprogram. Hierdie program moet, om dit te bereik waarvoor dit ontwerp is, behoorlik georganiseer en gekoördineer word. Skoolvoorligting moet gesien word as 'n geïntegreerde deel van die totale opvoedkundige program (Jones et al, 1970:87; Muro, 1970:1; Anon., 1984:364).
- * Leerlinge wat meer gespesialiseerde hulp nodig het, moet deur die skoolvoorligter verwys word vir gespesialiseerde voorligting (RCN, 1976b:26; Loermans en Winkels, 1986:71-195).
- * As sentrale doelstelling het skoolvoorligting te doen met die welsyn en ontwikkeling van die leerling. Dit impliseer begeleiding van elke leerling gedurende sy totale skoolloopbaan ten einde by elke keusemoment in staat te wees om 'n verantwoordbare onderwyskeuse te kan doen. Die skool moet dus behalwe vakonderrig ook ander hulpdienste lewer sodat alle leerlinge, elkeen met sy eie spesifieke probleem, tot selfverwesenliking kan kom (Loermans en Winkels, 1986:71-195).
- * Besondere klem moet gelê word op die opleiding en ontwikkeling van skoolvoorligters op akademiese -, organisatoriese -, bestuursmatige - en ander gebiede soos byvoorbeeld onderhoudvoering. Benewens 'n teoreties-gefundeerde opleiding moet die waarde van praktiese onderwys vir skoolvoorligters beklemtoon

word (TOD, 1988:11).

- * Formele skakeling tussen onderwysowerhede en die privaatsektor (buite-instansies) (Pere en Sanders, 1985:11; RGN, 1976a:81-82).
- * Die begeleidingsfunksie van skoolvoortligting moet nie net ten aansien van die leerlinge uitgeoefen word nie, maar ook ten aansien van hul ouers en onderwysers (Buys, 1986:157-163).
- * Skoolvoortligting moet voorsiening maak vir individuele- en groepsvoortligting (Kruger, 1979:7-9; Beukes, 1976e:17).
- * Opsporingsondersoeke moet gedoen word om uitvalle uit te wys in die persoonstruktuur van leerlinge wat probleme ondervind asook intensiewe individuele gespesialiseerde ondersoeke, uitgevoer met die doel om die leerling beter te leer ken en sy probleme te deurgrond met die oog op uitkenning, plasing en groepering (Lombaard, 1976:83-84).
- * Skoolvoortligting moet die leerling begelei in sy ontwikkeling na volwassenheid en wel ten aansien van beplanning, besluitneming en probleemoplossing op die terrein van die beroepstoekoms en die eie persoonstruktuur (Loermans en Winkels, 1986:71-195).
- * Informasiestukke oor studie- en beroepskeuse en ander verwante bronne van belang vir voortligting moet aan die leerlinge beskikbaar gestel word. Hierdie inligting moet logies gerangskik wees in die voortligtingslokaal (TOD, 1993:18).
- * Skoolvoortligting is bedoel vir alle leerlinge, sodat leerlinge elkeen met sy eie spesifieke probleme tot selfverwesenliking kan kom (Jones et al, 1970:104; Pere en Sanders, 1985:11; Anon., 1986:5).
- * Die skool, ouers en ander organisasies moet op 'n verantwoordbare wyse saamwerk aan die hand van 'n doelbewuste beplanning van beskikbare hulp deur almal wat op verantwoordbare wyse 'n bydrae kan lewer (Steyn, 1985:2; Muro, 1970:14-15).
- * Skoolvoortligting op enige opvoedkundige vlak moet in die raamwerk van die skool wat dit dien, inpas (Jones et al, 1970:106; Tolbert, 1980:3; Bernard & Fullmer, 1969:8).

- * Voortdurende navorsing en ontwikkeling van skoolvoorligting is uiters belangrik (Feingold, 1979:2; Nel, 1981:428-429).

Na aanleiding van bepaalde eise wat aan 'n skoolvoorligtingstelsel gestel is, word daar vervolgens gepoog om knelpunte en pluspunte van Skoolvoorligting in Suid-Afrika uit te lig.

3.5.2.3 Knelpunte van skoolvoorligting in Suid-Afrika

- * Skoolhoofde het ontoereikende kennis van die waarde en plek van beroepsvoorligting (Steyn, 1980:2-8).
- * Daar word afgewyk van die voorgeskrewe tydstoekenning op die skoolrooster (RCN, 1981a:104-107).
- * Skoolhoofde neem soms 'n neutrale houding in ten opsigte van beroepsvoorligting (Steyn, 1980:2-8; Nel, 1981:351-383).
- * Skakeling en kommunikasie met personeel (deur die skoolhoof en die departementshoof: opvoedkundige leiding) betrokke by beroepsvoorligting is ontoereikend (Steyn, 1985:11; De Lange, 1988:20).
- * Voorligtingsposte word meesal deur onervare nie-toepaslik opgeleide onderwysers gevul (RCN, 1981a:104-107).
- * Weens die feit dat baie skoolvoorligters deur die skoolhoof versoek word om skoolvoorligting aan te bied sonder opleiding, bestaan daar gebrekkige kennis aangaande die inhoud van die beroepsvoorligtingsprogram eneringskatting van die waarde van beroepsvoorligting by baie skoolvoorligters.
- * Bestaande leergange in beroepsvoorligting word by baie skole nie behoorlik geïmplementeer nie (De Lange, 1988:7; Buys, 1986:183).
- * Voorligtingslokale is dikwels ontoereikend om skoolvoorligting tot sy eie reg te laat kom (NMK, 1988:54).
- * Onvoldoende fisiese fasiliteite en oorbelading van werk belemmer doeltreffende organisasie van skoolvoorligting (Kruger, 1974:3-8; De Lange, 1988:1-8).

- * By talle skole word daar nie op die skoolrooster voorsiening gemaak vir voldoende onderhoudsperiodes nie (Erasmus, 1987:1; Schutte 1987:1).
- * Daar bestaan ontoereikende hulp met betrekking tot die organisering, instandhouding en beskikbaarstelling van beroepsinligting by sekondêre skole (Jones et al, 1970:87; Kruger, 1974:6,7).
- * Vanweë die omvang van hulle taak en die groot aantal skole is dit vir die inspekteurs (tans superintendente) van onderwys (beroepsvoorligting) onmoontlik om behoorlik beheer en kontrole oor beroepsvoorligting uit te oefen (RGN, 1981a:104-107).
- * Daar bestaan onvoldoende skakeling tussen onderwysowerhede en die privaatsektore (Carstens, 1976:53; RGN, 1976a:22-24).
- * Mamitz (1974:74) beweer dat alhoewel die voorgestel 'n stap in die regte rigting is, die huidige stelsel baie beperkinge het en meesal nie 'n bevredigende kontaksituasie of vennootskapverhouding daarstel nie.

3.5.2.4 Pluspunte van skoolvoorligting in Suid Afrika.

- * Daar bestaan 'n vasgestelde voorligtingsprogram (Tussentydse Kernsillabus vir Voorligting) by skole.
- * Die skoolvoorligtingsprogram binne die onderwysstelsel maak voorsiening vir persoonlike, opvoedkundige en beroepsvoorligting (Steyn, 1986:18).

In Januarie 1995 is 'n Tussentydse Kernsillabus vir Voorligting in Suid-Afrika vir implimentering in alle skole bekend gestel.

Hierdie interim Kernsillabus moet nie beskou word as die vervanging van die bestaande program nie, maar as 'n interim maatregel om eenvormigheid binne een onderwyssisteem te verseker en om as 'n basis te dien vir toekomstige beleidsontwikkeling vanuit die grondvlak (Departement van Onderwys, 1995:4).

Hierdie interim kernsillabus behoort te dien as 'n basis vir die implementering van

Voorligting in skole. Bestaande voorligtingsprogramme en -silabusse moet geëvalueer word en dienoreenkomstig hierdie kernsilabus aangepas word (*ibid.*, 1995:5).

3.6 BEROEPSLEIDING IN DIE SEKONDÊRE SKOOL

Voorligtingsdienste soos dié deur die beroepsleidingsprogram aangebied, stel die leerling in staat om maksimaal voordeel te trek uit die verskeidenheid opvoedkundige keuses en beroepskeuses waarvoor hy te staan kom (Watts, 1988:473).

Die sekondêre skool moet die leerling deeglik voorberei met die oog op die doeltreffende mannekragvoorsiening in die RSA ten einde ekonomiese welvaart en gepaardgaande harmonie op die sosio-maatskaplike terreine te skep (Liebetrau, 1987a:7-9).

3.6.1 Die aard en wese van beroepsleiding

Beroepsleiding is 'n selfstandige opvoedkundige program wat die leerling met beroepsgerigte vaardighede toerus sodat elke leering sy eie beroepsmoontlikhede kan verwesenlik (TOD, 1993:2). Die taak van die sekondêre skool met spesifieke verwysing na die beroepsleidingsprogram, is volgens die (TOD 1993:2) om aan die leerling die geleentheid te bied om gerigte beroepstudie binne die opvoedingsituasie te doen. Beroepsleiding word verder aangebied om die leerling van kennis en vaardighede te voorsien wat in ooreenstemming met sy potensiaal is ten einde hom in staat te stel om 'n sinvolle beroepsbestaan te kan voer (Arnold et al, 1988:86-87; Watts, 1988:477).

Die leerling maak in die sekondêre skool kennis met die wye beroepswêreld om 'n sinvolle studierigting en beroepskeuse te kan uitoefen. Dit sluit volgens die TOD (1993:2) aan by die leerling se beroepsbeeld, sy beroepsveld en beroepsrigting as voorgebeure tot sy beroepsopptrede wat hy op grond van sy outentieke persoonsmoontlikhede kies.

Die beroepsleidingsprogram poog voorts om die leerling voor te berei vir sy rol as

volwasse en verantwoordbare landsburger (Haasbroek *et al*, 1978:14). In hierdie bemoeienis word die leerling gelei en toegerus om deur middel van gevestigde besluitnemingsvaardighede 'n beroepskeuse te maak, tot 'n beroep toe te tree en om binne 'n beroep te kan vorder (TOD, 1993:2). Uiteindelik behoort die leerling homself by wyse van beroepsbeoefening in 'n ekonomiese stelsel te kan handhaaf.

3.6.2 Die doel en taak van beroepsleiding

Kruger (1982:38,39) wys daarop dat die beroepsleidingsprogram primêr 'n opvoedingsprogram is. In kort kan die doel en taak van beroepsleiding saamgevat word as hulpverskaffing, steungewing en begeleiding van die leerling tot beroepsvolwassenheid.

Volgens die RGN-ondersoek na Onderwysdienste se Werkkomitee nommer sewe (RGN, 1981a:72) behoort die beroepsleidingprogram onder andere die volgende doelwitte na te streef:-

- * Deur die leerling te begelei om tot die besef te kom dat die lewe en sy eie persoonlike bestaan betekenisvol is.
- * Deur die leerling te begelei om eties onafhanklik keuses te maak en op verantwoordelike wyse op te tree.
- * Om 'n verantwoordbare beroepskeuse te kan maak, moet die beroepskeuse gegrond wees op die leerling se beroepskennis en sy selfkennis wat in ooreenstemming met sy moontlikhede en beperkinge moet wees.
- * Die leerling moet as mens met die vermoë om te verander, aanvaar word. Die leerling beskik oor 'n mate van verantwoordelikheid tot besluitneming.
- * Die voorligteronderwyser moet die vertroue van sy leerlinge wen en hy moet daadwerklik glo dat elke leerling optimale beroepsvolwassenheid kan bereik.

Beroepsleiding moet hulp en bystand bied wat by die ontwikkelingsfase van die leerling aanpas sodat hy tot selfinsig, selfkennis en selfbegrip, maar ook selfaanvaarding van sy

potensiaal kom (Kaufman et al, 1989:142). Die leerling moet begelei word sodat hy uiteindelik as beroepsvolwassene sy plek in die samelewing kan inneem.

Marais (1982:40) wys daarop dat die belangrikheid van beroepsleiding daarin geleë is dat dit die leerling:

- * se sekuriteitsgraad versterk;
- * sy natuurlike nuuskierigheid stimuleer;
- * sy beroepshorisonne verbreed;
- * tot die verdien van 'n eerlike inkomste lei.

Sauer (1986:1) is die mening toegedaan dat alhoewel beroepskeuse sentraal staan, daar in gedagte gehou moet word dat hulpverlening tot beroepsvolwassenheid die uiteindelijke doelstelling van beroepsleiding is. Dit is nodig dat die leerling deur persoonlike betrokkenheid sinvol tot self- en beroepsverkenning gelei word in die maak van 'n selfstandige beroepskeuse.

3.6.3 Enkele komponente van die beroepsleidingsprogram.

Aandag word vervolgens kortliks aan enkele komponente van die beroepsleidingsprogram geskenk.

3.6.3.1 Selfbeeldontdekking

In die leerling se selfbeeldontdekking moet hy tot insig en perspektief kom met betrekking tot eie persoonsgekikthede en selfrealiseringsgeleenthede (Labuschagne, 1987:31,38; Marais, 1990:1). Volgens Ball (1984:26-27, 82) moet persoonlike waardes en belangstellings verhelder word om tot selfbeeldontdekking te kan kom.

3.6.3.2 Identiteitsverwerwing

Die beroepsleidingsprogram moet aan die leerling die geleentheid bied om sy unieke moontlikhede te ontwikkel (Kruger, 1980:44). Petrick (1985:51) wys daarop dat die leerling aan die hand van bepaalde verkenningmedia gelei word tot selfverkenning om self ook kennis te verwerf wat tot selfidentiteit kan lei.

3.6.3.3 Toereikende selfkennis

Volgens Beukes (1974:72) vereis 'n verantwoordelike vak-, skool-, en beroepskeuse toereikende selfkennis. Die beroepsleidingsprogram bied aan die leerling die geleentheid om homself te oriënteer tot kennis met betrekking tot eie persoonsmoontlikhede (Labuschagne, 1987:39,40).

3.6.3.4 Realistiese selfbegrip

Indien die leerling beskik oor 'n realistiese selfbegrip, vergemaklik dit sy soeke na, en keuse van 'n bepaalde beroep aangesien hy sy moontlikhede en beperkinge begryp en verstaan. Dit bevorder volgens Steenhuizen (1970:81) 'n bepaalde leefwyse waarin die leerling vastigheid verkry en sodoende kan dit bydrae tot die ontwikkeling van 'n meer realistiese selfbeeld wat kan lei tot realistiese selfbegrip.

3.6.3.5 Selfaanvaarding

Maraïs (1982:124-125) wys daarop dat 'n positiewe selfbeeld en selfaanvaarding 'n noodsaaklikheid is vir 'n suksesvolle beroepslewe.

3.6.3.6 Loopbaanverkenning

Volgens Labuschagne (1987:31) dui loopbaanverkenning op die opdoen van kennis oor

'n bepaalde beroepsloopbaan en noukeurige kennisversameling oor die kwaliteit en kwantiteit daarvan. Ten einde 'n helder beroepstoekomspektief by die leerling te laat ontvou en om hom in staat te stel om 'n verantwoordbare keuse te maak, is dit nodig dat die beroepsvoorligtingsonderwyser die leerling deur middel van hulp en ondersteuning daartoe motiveer.

3.6.3.7 Beroepsinligting

In Suid-Afrika word 'n wye verskeidenheid beroepsinligting gepubliseer wat tot die beskikking van elke leerling is. Hierdie beroepsinligting is essensieel in die beroepskeuseproses. Volgens die TOD (1993:7) sal die aard en die mate van gedetailleerde inligting afhang van die beroepsleidingsituasie en die spesifieke leerling betrokke daarby. Voorts is dit ook wesenlik dat beroepsinligting op verskillende vlakke gediferensieer voorsiening maak vir leerlinge in die onderskeie skoolfasies ten einde verantwoordbaar te kan wees.

3.6.3.8 Beroepskennis

Die kwantiteit en kwaliteit van die beroepskennis gee daartoe aanleiding dat die leerling vastigheid verkry wat dikwels bydra tot die sekerheid van 'n beroepskeuse. In teenstelling hiermee kan gebrekkige beroepskennis aanleiding gee tot gebrekkige en heel dikwels verkeerde beroepskeuses (Steenhuizen, 1970:29).

3.6.3.9 Persoonsbeeld

Wanneer die leerling 'n keuse uitoefen, is dit 'n persoonlike besitting waarin sy identiteit en persoonlikheid dit bevestig en versterk (Marais, 1990:1-2).

3.6.3.10 Beroepsbeeld

Die ouerhuis, skool, vriende en familie vervul elk op sy terrein 'n spesifieke funksie in die vorming van die leerling se beroepsbeeld (Arnold et al, 1988:86-89). Dit is veral in die sekondêre skool waar die gedagte van beroepsbeoefening na vore tree en die leerling deur noukeunige en sistematiese waarneming, asook die bestudering van bepaalde beroepe, die eise wat die arbeidswerklikheid stel, kan ontdek. Steyn (1989:377) is die mening toegedaan dat daar in hierdie verband 'n helderder beroepsbeeld vereis word vir outentieke sinvolle kennis van die beroepswerklikheid wat onder andere deur middel van tydelike werkervaring opgedoen kan word en sodoende die beroepsbeeld by die leerling versterk.

3.6.3.11 Loopbaanoriëntering

Loopbaanoriëntering behels onder andere die voorbereiding tot suksesvolle beroepsbeoefening en behels kennis van die belangrikheid van 'n arbeidshouding, medemenslike verhoudingsvaardighede, oriëntering tot die aard van 'n permanente beroepsloopbaan, blootstelling aan alternatiewe beroepskeuses en die verkryging van werklike arbeidsvaardighede.

3.6.3.12 Beroepskeuse

Volgens Engelbrecht (1988:48) impliseer beroepskeuse 'n passing tussen die aard van die werk wat verrig moet word en die geaardheid van die leerling wat die keuse uitoefen. Voordat 'n keuse tussen toepaslike beroepe gemaak kan word, moet die leerling eers selfidentiteit en selfbegrip verwerf. Na intensiewe verkenning van bepaalde beroeps- moontlikhede, maak die leerling sy beroepskeuse.

3.6.3.13 Beroepsbeoefening

Beroepsbeoefening behels volgens Buck & Barrick (1987:29) die aktiwiteite waar 'n persoon hom as mens kan uitleef nie net tot eie voordeel nie, maar ook tot voordeel van sy gesin en die breë gemeenskap.

3.6.4 Beroepsleiding en die hoërskoolleerling

Die stelsel van gedifferensieerde onderwys impliseer dat die hoërskoolleerling op verskillende stadiums in sy hoërskoolloopbaan voor keuses, wat die welslae van sy totale lewensloop kan bepaal, gestel word. Beroepsvoorligting speel 'n belangrike rol om te verseker dat elke leerling sinvolle keuses sal doen in ooreenstemming met sy aanleg, belangstelling en persoonskwaliteite.

Die hoërskoolleerling beskik volgens Jacobs et al (1988:62,63) oor die volgende persoonsmoontlikhede wat in bepaalde geleenthede tot geskiktheid verwerklik moet word.

3.6.4.1 Liggaamlike persoonsmoontlikhede

'n Snelle liggaamlike groei en verandering, ontwaking van die seksualiteit, rusteloosheid en liggaamlike selfbewustheid is kenmerkend van die hoërskoolleerling. As toekomstige beroepsbeoefenaar, is alle handeling van dié leerling handeling in liggaamlikheid, en om homself in die toekomstige beroepslewe te handhaaf is dit dus belangrik dat hy fisies gesond en fiks moet wees.

3.6.4.2 Verstandelike persoonsmoontlikhede

Hoërskoolleerlinge word verstandelik gekenmerk deurdat hulle baie krities ingestel is. Hulle soek na die sin en doel van geleenthede en bekijk, toets en bevraagteken waardes.

Vir die hoërskoolleerling is hierdie soeke na sin en die bevraging van die samelewing geweldig intens.

In die huidige tydsgewrig is die hoërskoolleerling ook ekonomies ingestel om homself by wyse van beroepsbeoefening in 'n ekonomiese stelsel te kan handhaaf. Daar bestaan 'n intense vrees vir werkloosheid wat daartoe aanleiding gee dat leerlinge soms die materiële waardes oorbeklemtoon. Om hierdie werkloosheidsfobie die hoof te bied is wetenskaplik verantwoordbare beroepsvoorligting in sekondêre skoolverband van kardinale belang. Die einddoel wat nagestreef moet word moet wees met die primêre beklemtoning van die feit dat die hoërskoolleerling die hoogste vlak van opleiding as persoonlike doelwit moet stel (TOD, 1993:2-3).

3.6.4.3 Sosiale persoonsmoontlikhede

Die hoërskoolleerling se sosiale lewe word daaraan gekenmerk dat hy soms skaam, senuweeagtig, ongemaklik, geïrriteerd, aggressief, teruggetrokke, eensaam en onseker is in sosiale situasies. Die leerling neig dikwels om te dagdroom en het ook die behoefte aan sosiale kontak en die aanvaarding deur maats van sy eie portuurgroep (Marais, 1990:6-8).

3.6.4.4 Geestelike persoonsmoontlikhede

Kenmerkend van die geestelike lewe van die hoërskoolkind is dat hy soms twyfel oor dinge en maklik verdiep kan raak in aangeleenthede wat tot hom appelleer. Voorts is hy ook idealisties ingestel ten opsigte van die toekomstige beroepslewe. In die beroepsleidingsituasie moet die hoërskoolleerling voorberei word om deur inspanning sy eie unieke persoonsmoontlikhede te verwerklik tot persoonsgekikthede (Marais, 1990:8-9).

3.7 SELFKENNIS - DIE OPBOU VAN 'N VOLLEDIGE SELFBEELD

Om tot selfverwerkliking in beroepskeuse te kom, verg selfkennis en beroepskennis van die leerling wat ten slotte ook moet oorgaan tot 'n selfstandige beroepskeuse deur die integrasie van selfkennis en beroepskennis.

Selfkennis kan omskryf word as "kennis van die jeugdige se totale gegewe moontlikheid en/of begrensing asook kennis van sy bereidwilligheid om die gegewe moontlikhede te verwerklik" (TOD, 1975:2). Selfbeoordeling is dus 'n moontlikheidsvoorwaarde vir selfverwerkliking.

Volgens Lindhard (1987:13) is selfevaluasie "die proses waarin jy jouself vergelyk met ander die doel is om jouself uiteindelik te sien soos ander jou sien". Iemand wat homself te hoog takseer, sal moontlik té ambisieus in sy beroepskeuse wees wat 'n groot ontnugtering tot gevolg kan hê. Daarenteen loop die persoon wat homself onderskat weer gevaar om nooit sy potensiaal ten volle te ontwikkel nie en om ongelukkig en gefrustreerd te raak. In beide gevalle is daar selfverdeling. Die beste manier om iets omtrent onself te wete te kom, is om na ons eie verlede te kyk en iets uit ons persoonlike geskiedenis te leer (Lindhard, 1987:14). Breackell (1991:38-39) is die mening toegedaan dat 'n eie identiteit selfvertroue vereis, wat gebaseer is op innerlike stabiliteit, 'n gevoel van tuis wees binne jou eie liggaam en die sekere wete van waarheen jy op pad is.

Die leerling kom nie maar net toevallig tot 'n beroepskeuse nie op verskillende maniere speel 'n hele aantal faktore 'n rol. Sommige van die belangrikste faktore is geleë in die persoonlikheidsamestelling van die leerling, terwyl ander buite hom lê (Sprague & Bies, 1988:19-20).

Beroepsleiding in die sekondêre skool is onder andere daarop gemik om die leerling 'n beeld van sy totale persoonsmoontlikhede te laat vorm en daarom moet die hulpverlening strek tot selfontdekking en selfbegrip by die leerling op pad na volwassenheid. Kruger

(1991:24) lê klem op die volgende oogmerke van beroepsleiding:-

- * Die leerling moet gehelp word om die moontlikhede en beperkinge van sy eie liggaam, asook die situasie waarin sy liggaamlike handeling tot uiting moet kom, te ken, te begryp en te aanvaar.
- * Die leerling moet gehelp word om sy psigiese - en geestelike vermoëns op realistiese wyse te ontdek.
- * Die leerling moet sy eie persoonlikheidsstruktuur leer ken.
- * Die leerling moet gehelp word om deur middel van verskillende tegnieke sy persoonlikheidskomponente, onder andere intelligensie, prestasie, aanleg en belangstellings te bepaal of te laat bepaal.

Blote selfkennis is geen waarborg vir die leerling se beroepskeuse nie en dit kan ook nie as verantwoordelik en verantwoordbaar bestempel word nie. Die leerling se bewussyn oor sy moontlikhede moet eers deur hom aanvaar word voordat 'n sinvolle keuse kan realiseer. Volgens Beukes (1974:7) beteken hierdie aanvaarding van die self dat die leerling standpunt sal moet inneem ten opsigte van sy self in terme van 'n bepaalde selfpersepsie asook 'n bereidheid om hierdie persepsie te verwerklik.

Die leerling op weg na volwassenheid moet leer om homself te aanvaar binne 'n raamwerk van selfkennis en daarom is dit ook noodsaaklik dat aandag geskenk word aan die leerling se selfbeeld.

Super (1988:352) meen dat die leerling deur 'n beroepskeuse gedwing word om aan sy selfbeeld uitdrukking te gee deurdat hy daardeur spesifiek te kenne gee watter soort mens hy is. Kruger (1991:34) is die mening toegedaan dat beroepsvolwassenheid afhang van die mate van volwassenheid wat bereik word deur persoonlikheidsontwikkeling en beskou persoonlikheidsontwikkeling op sigself as 'n bepaler van die selfbeeld van die leerling, wat uiteindelik van groot belang is vir werkstevredenheid en aktualisering.

Die leerling se selfbeeld in beroepsaanpassing word deur Super (1988:351-357) gesien as 'n proses waarin beroepskeuses en die aanpassing daartoe gemaak word. Volgens hom beskryf dit in werklikheid twee prosesse:

- * die ontwikkeling van 'n beeld van watter soort persoon 'n mens is; en
- * pogings om daardie beeld 'n werklikheid te maak.

Roux (1993:15) is die mening toegedaan dat die proses van beroepsontwikkeling 'n vermenging laat plaasvind tussen die leerling se selfbeeld en die eksterne faktore van beroepsvereistes en toeganklikheid. Die leerling met 'n goed ontwikkelde selfbeeld sal goed in staat wees om kansgebeure te verwerk en te benut tot sy eie voordeel (Cook, 1991:101).

'n Bewussyn van die selfbeeld met inbegrip van die selfgeskiktheidsgedagte, is volgens Roux (1993:17) duidelik 'n uitvloeisel van die proses van beroepsoriëntering waartydens die leerling op die ontdekkingsreis van selfkennis vorder. Vir die maak van 'n beroepskeuse is hierdie bewussyn ook onontbeerlik.

3.8 BEROEPSKENNIS

Volgens Roux (1993:17) impliseer 'n beskouing van selfkennis en selfbeeld dat die leerling "hierdie kennis doelbewus moet aanwend tot 'n uiteindelijke selfaktualisering wat weer beteken dat elke individu 'n grondige kennis oor moontlike toekomstige beroepe sal moet bekom". Dit is dus vanselfsprekend dat die beroepsvoorligter ten opsigte van hierdie aspek 'n belangrike verantwoordelikheid teenoor die leerling het.

Beroepsoriëntering sluit twee ontdekkingsweë in naamlik selfkennis en beroepskenis wat aansluiting by mekaar vind in keusegereedheid ten opsigte van die maak van 'n finale beroepskeuse. Daar is sekere beroepe waarvoor 'n leerling beter aangelê is as ander. Dit is daarom van kardinale belang dat die leerling oor voldoende selfkennis en beroepskenis

moet beskik alvorens 'n finale beroepskeuse gemaak kan word.

Dit is 'n aanvaarde feit dat van al die veelvuldige keuses waarvoor die leerling te staan kom, die beroepskeuse een van die belangrikste is. Sodra die beroepsvoorligter hom vergewis het van wie hierdie besondere leerling is en wat sy persoonsmoontikhede is, kan die beroepsvoorligter homself afvra: "Waarheen is hierdie besondere leerling op weg?"

Beroeps kennis by die leerling is een van die belangrike doelstellings van beroepsleiding. Dit bring die leerling tot 'n volwassenheidsvlak waar hy sy staanplek in die beroepswêreld kan inneem. In dié verband meen Kruger (1991:34) dat die leerling sonder hierdie ^{keuses} beroepskeuses nie sinvolle beroepskeuses kan maak nie.

Beroepsleiding behoort daarop ingestel te wees om alle leerlinge op 'n sinvolle wyse bloot te stel aan verskillende soorte beroepe. Hierdeur kan die leerlinge genoegsame kennis opdoen van 'n groot verskeidenheid tipes beroepe. Volgens Kruger (1991:34) moet sinvolle blootstelling aan verskillende beroepe aspekte insluit soos opleidingsvereistes en opleidingsmoontikhede, werksomstandighede, beroepseise wat gestel word aan die persoonlikheidseienskappe van die beroepsbeoefenaar, vergoedingstrukture, ontwikkelingsmoontikhede, beroepsaanvraag; kortom, 'n totale beeld van die beroepswêreld waaruit die leerlinge kan selekteer en 'n intensiewe studie kan maak. In dié verband is Beukes (1974:6) van mening dat hoe wyer die leerlinge se beroeps kennis, hoe meer sal hulle hulself kan oriënteer tot bepaalde beroepskeuses.

3.9 DIE GEBRUIK VAN PSIGOMETRIESE TOETSE IN BEROEPSVOORLICHTING

Meting en evaluering is deel van ons alledaagse lewe. In 'n gedifferensieerde onderwysstelsel, met spesifieke verwysing na die beroepsvoorligtingsituasie, word daar ook van evaluering en meting gebruik gemaak deur middel van psigometriese toetse. In die onderwysstelsel kom dit volgens die TOD (1989: 1) daarop neer dat elke kind enersyds

geregtig is op onderwys ooreenkomstig sy spesifieke vermoëns en andersyds die reg het om 'n onderwys en beroepskeuse te maak wat by sy persoonlike vermoëns, bekwaamheid en belangstelling pas.

Die beroepsvoorligtingsituasie impliseer onder andere 'n keuse-uitoefening deur die leerling (RCN, 1995: 1). Sodra 'n leerling dus voor so 'n belangrike keuse van 'n beroep gestel word, is dit die plig van die beroepsvoorligter om wetenskaplik verantwoorde hulp aan te bied. Indien 'n leerling 'n onrealistiese keuse sou uitoefen, is dit vanselfsprekend dat dit 'n belangrike invloed op sy finale beroepskeuse sal hê.

Huidige meting en evaluering in die beroepsvoorligtingsituasie geskied enersyds deur middel van bepaalde psigometriese toetse wat hoofsaaklik deur die personeel van die Onderwys hulpsentrum afgeneem word en andersyds aan die hand van bepaalde beroepsleidingsmedia soos byvoorbeeld vakprestasieprofile, beroepstudiememoranda, beroepsoriënteringsvraelyste, selfevalueringsvraelyste en die TOD 78-vraelyste vir skoolverlaters.

Om keuseprobleme by die leerlinge te voorkom en, waar dit reeds bestaan, reg te stel, sal die onderwysadviseur van loopbaanaangeleenthede van die Onderwys hulpsentrum uit die aard van die saak ten nouste betrokke wees by die opvoeding en die onderrig van elke leerling. Dit impliseer volgens TOD (1987: 6) dat die onderwysadviseur hom binne sy komprehensiewe eenheid nie alleen tot elke leerling nie, maar ook tot sy ouer, die skool en alle ander persone en instansies, wat met die beroepstoekoms van die leerling gemoeid is, sal wend (TOD, 1987:6).

In die huidige bedeling is dit die primêre taak van die onderwysadviseur van loopbaanaangeleenthede om probleme, meer bepaald keuseprobleme, by leerlinge te voorkom, terwyl die opvoedkundige sielkundige van beroepsvoorligting meer ingestel is op die steungewing en terapie aan leerlinge by wie hierdie probleme reeds in 'n ernstige mate gemanifesteer is (TOD, 1987: 5).

Die inskakeling en interpretasie van psigometriese toetse wat betrekking het op die onderwys- en beroepskeusevoortligting, is die uiteindelijke taak en verantwoordlikheid van die onderwysadviseur van loopbaanaangeleenthede (TOD, 1989: 5).

Psigometriese toetse wat deur die personeel van die Onderwys hulpsentrum afgeneem word, sluit onder meer in:

- * verstandstoetse, byvoorbeeld die ASAT en die SSAIS-R,
- * aanlegtoetse, byvoorbeeld die SAT,
- * belangstellingsvraelyste, byvoorbeeld die KODUS, 19-VBV en die SOV,
- * persoonlikheidsvraelyste, byvoorbeeld die HSPV, Jung en die ASKS.

3.9.1 Verstandstoetse

3.9.1.1 Die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT)

Die ASAT is 'n groeptoets vir akademiese intelligensie of skolastiese aanleg. Die toets kan volgens die RCN (1991a :1) as 'n objektiewe hulpmiddel by die bepaling van die vlak van redeneer- of probleemoplossingsvermoë van die leerlinge gebruik word sodat onderrig daarvolgens gerig kan word.

3.9.1.2 Die Senior Suid-Afrikaanse Individuele Skaal - Hersien (SSAIS-R)

Die SSAIS-R word volgens die RCN (1991b: 3) gebruik om 'n differensiële beeld van bepaalde kognitiewe vermoëns van die leerling te verkry. Die algemene intelligensiepeil van die leerling word eerstens bepaal vir onder andere die voorspelling van skolastiese prestasie. Tweedens kan dit 'n aanduiding gee van swakhede en sterktes in sekere belangrike fasette van intelligensie wat gemeet word

3.9.1.3 Gebruik van verstandstoetsresultate by beroepskeuse

Algemene skolastiese vermoë is een van die faktore wat by die samestelling van die persoonsbeeld van 'n leerling in berekening gebring behoort te word alvorens 'n beroepskeuse gemaak word (TOD, 1989: 20). Waar individuele leerlinge wat tydens die toetsprogram geïdentifiseer is as leerlinge met moontlike probleme, moet hierdie leerlinge volgens die TOD (1989: 10) by die Onderwys hulpsentrum aangemeld word.

3.9.2 Aanlegtoetse

3.9.2.1 Die Senior Aanlegtoets (SAT)

Volgens die RGN (1982:2; 1995:86) is die SAT opgestel vir die meting van 'n aantal aanlegte van leerlinge in standers 8, 9 en 10 en van volwassenes. Die resultate van aanlegtoetse kan ook nuttig gebruik word vir voorligtings- en keuringsdoeleindes.

Aanleg word deur die RGN(1995: 86) beskou as die potensiaal waaroor 'n persoon beskik, wat hom in staat stel om 'n bepaalde vlak van vermoë te kan bereik met 'n gegewe hoeveelheid opleiding en/of oefening.

Eienskappe volgens aanleg saam met ander persoonlikheidseienskappe soos belangstelling, houding en motivering asook opleiding en onderrig, sal die peil van vaardigheid en bekwaamheid wat bereik sal kan word, bepaal.

3.9.2.2 Gebruik van die Senior Aanlegtoetsresultate by beroepskeuse

Resultate van aanlegtoetse kan moontlik 'n aanduiding gee van beroepe wat oorweeg kan word (RGN, 1982:52; RGN, 1995:87). Hier is dit veral belangrik om ook ander inligting, waaronder belangstelling, in ag te neem.

3.9.3 Belangstellingsvraelyste

3.9.3.1 Die KODUS-Belangstellingsvraelys

Die doel van die KODUS-belangstellingsvraelys is om die belangstelling van leerlinge te meet. Volgens die RGN (1978:1) kan die vraelys as 'n hulpmiddel gebruik word, by beroepsvoorligting aan leerlinge met betrekking tot onder andere leiding tot 'n beroepskeuse. As gemotiveerde krag in 'n besluitnemingsproses is belangstelling 'n gerigtheid van die leerling in sy totaliteit wat 'n invloed op sy beroepskeuse uitoefen (RGN, 1978: 1).

3.9.3.2 Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys

Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys word by hoërskoolleerlinge aangewend vir die meting van beroepsbelangtellings. Voorts meet hierdie vraelys volgens die RGN (1983: 4) ook die mate waarin leerlinge aktief of passief in die 19 velde belangstel, asook die mate waarin hulle in hul belangstelling werk- of stokperdjiegerig is.

3.9.3.3 Die Selfondersoekvraelys (SOV): Beroepsbelangstelling

Die doel van die Selfondersoekvraelys (SOV) is om beroepsbelangstelling te meet RGN, 1992a:1). Die vraelys pas volgens die RGN (*ibid*) binne die breë opset van individuele loopbaanbeplanning aangesien dit belangrike inligting in verband met die persoon se beroepsbelangstelling omsluit asook die skakeling tussen persoon- en beroepsinligting vergemaklik.

3.9.3.4 Gebruik van belangstellingstoetsresultate by beroepskeuse

Resultate van die KODUS-belangstellingsvraelys word in beroepsvoorligting beskou as aanduidings van belangtellings van leerlinge (RGN, 1978:19). Die 19-VBV-resultate dui

op die leerlinge se gesindheid ten opsigte van 'n sekere groep aktiwiteite en behoort dan volgens die RGN (1983:4) 'n aanduiding te gee van hulle belangstellings in beroepsrigtings waarvan die aktiwiteite die basis vorm. Die SOV-resultate kan volgens die RGN (1992a:3) onder andere as hulpmiddel in beroepsvoorligting aangewend word om:

- * 'n persoon se belangstellings te bepaal,
- * keuring, plasing en beroeps- of werksklassifikasie te doen in die besigheids of nywerheidswêreld,
- * alternatiewe beroepsmoontlikhede met behulp van beroepskodes in die arbeidswêreld te ondersoek,
- * persoonlike ontwikkeling by 'n leerling te ondersoek deur die vraelys herhaaldelik, maar met sinvolle tydsverloop tussenin, toe te pas.

3.9.4 Persoonlikheidsvraelyste

3.9.4.1 Die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV)

Volgens die RGN (1974:1) word die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys gebruik vir evaluering van die persoonlikheidsaspekte van hoërskoolleerlinge. Die HSPV kan onder andere in beroepsvoorligting aangewend word om gedragsmoontlikhede uit te ken en toekomstige skoolprestasie beter te voorspel wanneer persoonlikheidsmeting saam met die gewone metings van intelligensie of vermoë gebruik word (RGN, 1974:1).

3.9.4.2 Die Jung-persoonlikheidsvraelys (JPV)

Die Jung-persoonlikheidsvraelys gee 'n oorsigtelike beeld van die leerling se persoonlikheidsamestelling in terme van Jung se persoonlikheidsteorie (RGN, 1992b:5). Al is die verkreeë persoonlikheidsbeeld ietwat oppervlakkig, behoort die instrument volgens Siebert (1991:127) 'n redelike akkurate beeld van 'n persoon se persoonlikheidsstruktuur te gee. Die vraelys bestaan uit vier verskillende skale naamlik: Ekstroversie-Introversie,

Denke-Gevoel, Waarneming-Intuisie en Beoordeling-Persepsie (Siebert, 1991:128)

3.9.4.3 Gebruik van persoonlikheidstoetsresultate by beroepskeuse

Die persoonlikheidsbeeld wat met behulp van die HSVP en die JPV verkry word kan nuttig wees vir voorligtingsdoeleindes veral beroepsvoorligting. Beroepsvoorligters vind volgens die RCN (1992b:5) dat gegewens wat verkry word uit aanlegtoetse onvoldoende is om duidelik aan te toon watter studierigtings aanbeveel behoort te word en watter beroep aan die leerling voorgestel moet word. In beroepsvoorligting kan verwag word dat die persoonlikheidstoetsresultate saam met 'n aanlegtoets en 'n belangstellingsvraeys beroepsvoorligters se taak aansienlik sal vergemaklik (RCN, 1992b:5).

3.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is beroepsvoorligting en beroepskeuse in sekondêre skole bespreek. Skoolvoorligting is teoreties begroot en dit het geblyk dat skoolvoorligting 'n eie aard en wese het. Daar is ook gepoog om 'n breë perspektief van skoolvoorligting in enkele oorsese lande en in Suid-Afrika te verkry. Ten einde beroepsvoorligting en beroepskeuse in sekondêre skole in perspektief te plaas, was beroepsvoorligting binne onderwysverband in breë trekke van nader beskou. Daar is verder aangetoon dat voldoende selfkennis en kennis van die beroepswêreld die grondslag is vir die beroepskeuse wat die leerling in staat stel om volwassenheid met ekonomiese en ander verantwoordelikheid te aanvaar.

Ten slotte is die gebruik van psigometriese toetse by beroepsvoorligting kortliks bespreek met die klem op die praktyk in sekondêre skole en onderwys hulpsentrums in die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement.

In hoofstuk 4 volg die ontwerp van 'n digotome program tot beroepskeuse.

HOOFSTUK 4

DIE ONTWERP VAN 'N DIGOTOME PROGRAM TOT BEROEPSKEUSE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ontwerp van 'n digotome program tot beroepskeuse begrond. Die aandag sal in die eerste plek gevestig word op terminologie uit die biologiese wetenskappe om aan te toon hoe die gedagte aan 'n digotome program sy ontstaan gekry het. Daarna word die klassifikasiesistelsel van 'n digotome program in 'n opvoedkundige konteks begrond en word die gebruiksaanwysings vir genoemde program uiteengesit en toegelig met 'n voorbeeld om te illustreer hoe die program in beroepsvoorligting aangewend kan word. In die laaste plek sal die loodsondersoek en die finale redaksie van die program bespreek word.

4.2 BEGRIPSVERHELDERING

Aandag word vervolgens gevestig op terminologie uit die biologiese wetenskappe wat vir die ontwerp van 'n digotome program van belang is.

4.2.1 Digotome

Digotome beteken volgens Sinclair (1991:389) splitsing in twee; tweeledig; (gaffel) splitsing; tweeledigheid of gevurk. Binne die konteks van beroepsvoorligting beteken digotoom of digotome dat 'n omskrywing van 'n beroep of die formulering van sekere aspekte van 'n beroep tweeledig is, met ander woorde die omskrywings van beroepe kom in pare voor en is teenoorgesteld of pole ten opsigte van mekaar.

4.2.2 Taksonomie of sistematiek

Taksonomie of sistematiek word algemeen deur bioloë aanvaar as die formele tegniese klassifisering van organismes (Ryke, 1982:9). Binne die konteks van beroepsleiding impliseer dit die formele of tegniese aspekte wat gebruik word om beroepe en beroepsvelde te klassifiseer.

4.2.3 Klassifikasie

Klassifikasie is die ordening van organismes in verskillende groepe. Die aktiwiteite van taksonomie in 'n studie van verskillende soorte organismes bring mee dat die een of ander formele stelsel ontwikkel moet word waarvolgens die onderlinge organismes in verskillende groepe gedeel word (Quickelberge, 1986:7).

In beroepsvoorligting impliseer klassifikasie die ordening van die arbeidsmark in verskillende beroepe wat daarin voorkom. Deur 'n klassifikasiestelsel te ontwikkel kan die arbeidsmark dus in verskillende beroepe ingedeel word.

4.2.4 Nomenklatuur

Nomenklatuur behels die terminologie wat op die groepe betrekking het, met ander woorde, die aanwending van bepaalde name wat op hierdie groepe van toepassing is. Nomenklatuur is dus 'n noodsaaklike aanhangsel of bykomstigheid van klassifikasie (Ryke, 1982:9).

Binne die konteks van beroepsvoorligting is nomenklatuur reeds bekend aangesien die beroepe en beroepsvelde wat in die arbeidsmark voorkom, reeds benaam is.

4.2.5 Rangorde

Om enigsins doeltreffend te wees, moet hierdie nomenklatuur gebruik word in 'n klassifikasiestelsel wat die betrokke organismes op verskillende vlakke in 'n bepaalde groep plaas, met ander woorde in 'n rangorde (Marais en Papenfus, 1981:12).

Binne die konteks van beroepsvoorligting impliseer dit dat die betrokke beroepe en beroepsvelde in 'n bepaalde rangorde geplaas word.

4.2.6 Takson

Enige groep organismes wat as 'n eenheid by enige vlak van so 'n rangordeklassifikasie erken word, staan bekend as 'n takson of 'n taksonomiese eenheid (Green, 1986:458).

'n Taksonomiese eenheid verwys binne die konteks van beroepsvoorligting na beroepe en beroepsvelde op verskillende vlakke in die digotome program.

4.3 DIE ONTSTAAN VAN DIE GEDAGTE AAN 'N DIGOTOME PROGRAM VIR BEROEPSKEUSE

Uit die biologiese wetenskappe is dit duidelik dat alle klassifikasie gebaseer is op 'n vergelyking van gegewens. Alle soorte gegewens kan in klassifikasie gebruik word op voorwaarde dat hulle as 'n basis van vergelyking tussen twee beroepsvelde of beroepe kan dien (Ryke, 1982:9-11).

Wanneer daar soos in die biologiese wetenskappe 'n verskeidenheid inligting oor beroepe beskikbaar is, ontstaan die vraag of hierdie inligting in 'n digotome program geklassifiseer kan word.

Om hierdie vraag te beantwoord het die navorser beroepe uit die arbeidsmark versamel.

Die eerste taak was om beroepe te analiseer en uit die resultate 'n klassifikasie op te bou. Om daarin te slaag moet daar eers gesoek word na ooreenkomste en verskille tussen die verskillende beroepe. In hierdie geval van beide ooreenkomste en verskille met ander beroepe het die navorser te doen met sekere eienskappe van beroepe wat as taksonomiese kenmerke bekend staan. 'n Taksonomiese eienskap kan omskryf word as enige eienskap van 'n beroep wat verskil van 'n beroep wat aan 'n ander beroepsveld behoort of wat ooreenstem met dié van 'n beroep wat aan dieselfde taksonomiese eenheid behoort (Marais en Papenfus, 1981:4-22).

Die belangrikste taksonomiese kenmerk wat gebruik kan word in 'n digotome program tot beroepskeuse is onder andere kenmerke van beroepe, eienskappe van beroepe, vereistes wat beroepe stel vir beroepsbeoefening, vermoëns, belangstellings, aanlegte, persoonlikheid, skoolprestasie ens. Enige klassifikasie moet gebaseer wees op taksonomiese kenmerke waarvan die waarde noukeurig bepaal is. Hoe meer gemeenskaplike kenmerke twee beroepe het, hoe nader word hulle gewoonlik bymekaar gegroepeer. 'n Taksonomiese kenmerk is dus 'n eienskap waarin beroepe met mekaar ooreenstem of verskil.

4.4 BEGRONDING VAN DIE DIGOTOME PROGRAM TOT BEROEPSKEUSE

'n Groot verskeidenheid van beroepe kom tans in alle moontlike beroepsvelde in die arbeidsmark voor. Die beroepe verskil onder andere van mekaar ten opsigte van vereistes, opleiding, belangstelling, aanleg, persoonlikheid, vermoëns en ander kenmerke en dit spreek dus vanself dat dit vir enige navorser onmoontlik is om so 'n massa gegewens te gebruik sonder die een of ander metode waarvolgens bekende feite gekatalogiseer en gesistematiseer is. Die digotome program leen hom egter daartoe om op 'n baie praktiese wyse orde uit hierdie magdom van gegewens te skep.

Die ontwerp van 'n digotome klassifikasie van beroepe word gebaseer op vier kernbeginsels naamlik:-

- * 'n Vergelykende studie van beroepe soos wat dit in die arbeidsmark voorkom.
- * Die saamgroepering van beroepe met gemeenskaplike eienskappe of kenmerke.
- * Die beskrywing en benaming van beroepe ; en
- * Die rangskikking in 'n klassifikasiesisteem, genoem die digotome program tot beroepskeuse.

In die lig van bogenoemde kernbeginsels kan die digotome program tot beroepskeuse dus beskryf word as die bestudering, beskrywing en benaming asook die ordening van beroepe in 'n klassifikasiesisteem gebaseer op verskeie eienskappe van die verskillende beroepe.

By die saamstel van so 'n digotome program tot beroepskeuse word die arbeidsmark eerstens op 'n vergelykende wyse bestudeer om alle tersaaklike eienskappe en ander inligting te versamel. Daarna word 'n studie onderneem wat ten doel het om ooreenkomste en verskille tussen die verskillende beroepe te identifiseer ten einde die navorser in staat te stel om beroepe met gemeenskaplike eienskappe of ander tersaaklike inligting uiteindelik saam te groepeer. Nadat die navorser dit afgehandel het, kan begin word met die opstel van digotome omskrywings in 'n geordende klassifikasiesisteem wat gebaseer is op taksonomiese kenmerke en nomenklatuur of die terminologie van beroepe. Ten slotte word die beroepe in 'n bepaalde rangorde geplaas sodat dit gerangskik kan word in 'n klassifikasiesisteem wat in beroepsvoorligting bekend staan as die digotome program tot beroepskeuse.

4.5 GEBRUIKSAANWYSINGS VIR DIE DIGOTOME PROGRAM

Ten einde die digotome program tot beroepskeuse korrek te gebruik moet bepaalde gebruiksaanwysings aan leerlinge via die beroepsvoorligter deurgegee word. Dit is uit die klassifikasiesistelsel van die digotome program voor die hand liggend dat verskillende weë of paadjies gevolg moet word om by die verskillende beroepe (-keuses) uit te kom.

Voorgestelde gebruiksaanwysings:-

- * Ter motivering kan gemeld word dat daar geen regte of verkeerde keuse uitgeoefen kan word nie maar dit is nogtans belangrik dat die keuses wat uitgeoefen word, realisties moet wees en dat dit ook die beste by elkeen se vermoë, aanleg, belangstelling en prestasie sal pas.
- * Die digotome program is nie 'n toets nie, dit is 'n program waar daar keuses uitgeoefen moet word. Die keuses wat die leerling moet uitoefen berus op die voorkeure of afkeure van die eienskappe, kenmerke, vereistes, belangstelling, aanleg en prestasie waarmee elke mens identifiseer, of op soek is in die keuse van 'n beroep.
- * Elke omskrywing in die digotome program is tweeledig of digotoom, met ander woorde elke omskrywing van 'n eienskap, kenmerk, vereiste, belangstelling, aanleg en prestasie kom in 'n paar voor. Elke paar is antagonists of teenoorgestel teen opsigte van mekaar, met ander woorde elke omskrywing het twee pole.
- * Lees elke paar goed deur en oefen 'n keuse uit tussen die twee digotome omskrywings.
- * Na elke omskrywing waar 'n keuse uitgeoefen word, word 'n getal tussen hakies gegee. Die getal dui op die volgende digotome omskrywing waar 'n keuse uitgeoefen moet word. Op hierdie wyse word die getal tussen die hakies telkens gevolg totdat 'n mens uiteindelik by 'n bepaalde beroep uitkom.
- * Die digotome program eindig sodra daar by 'n beroep uitgekorn word wat in hoofletters verskyn.

Die digotome program neem ongeveer 20 tot 30 minute om te voltooi indien leerlinge die program volgens die voorgestelde gebruiksaanwysings gebruik. Op sekondêre skoolvlak impliseer dit dat die program in 'n loopbaanoriënteringsperiode voltooi kan word.

Verduideliking:

1. Vaar goed in Wiskunde, C-simbool of hoër op Hoërgraad of B-simbool of hoër op Standaardgraad.....(2)

1. Het nie Wiskunde as 'n vak nie of vaar nie besonder goed in Wiskunde nie: D-simbool of laer op Hoërgraad of C-simbool of laer op Standaardgraad.....(3)

Indien die eergenoemde of boonste omskrywing die keuse is wat uitgeoefen word, dui die getal tussen die hakies, dit wil sê (2), die volgende digotome omskrywing aan wat gevolg moet word. Die keuse van die tweede of onderste omskrywing impliseer dat (3) die volgende digotome omskrywing is waar daar 'n keuse uitgeoefen moet word. Op hierdie wyse word die getal tussen die hakies telkens na die keuse-uitoefening by 'n digotome omskrywing gevolg totdat daar uiteindelik by 'n beroep (wat in hoofletters is) uitgekom word.

Die digotome program tot beroepskeuse kan vergelyk word met die gebruik van 'n padkaart om by 'n sekere onbekende bestemming uit te kom. Solank die padkaart reg gebruik en geïnterpreteer word, is daar geen gevaar om te verdwaal nie. Indien die padkaart egter verkeerd gebruik word deur byvoorbeeld 'n verkeerde besluit ten opsigte van 'n afrit of 'n pad te neem, kan 'n mens maklik op 'n dwaalspoor beland en dus maklik verdwaal. Die eindbestemming kan in hierdie geval slegs bereik word deur om te draai en terug te gaan tot waar die verkeerde besluit geneem is om daarvandaan die regte koers in te slaan.

So kan die leerling deur oorhaastige besluitneming, foutiewe interpretasie van digotome omskrywings, onrealistiese besluitneming en ander faktore ook op 'n dwaalspoor beland en gevolglik die verkeerde "pad" volg. Op hierdie wyse word die regte bestemming nie bereik nie. Deur telkens te identifiseer met elke eienskap, kenmerk, vereiste, belangstelling, aanleg en prestasie wat aan die omskrywings gekoppel is, word verseker dat die regte "pad" gevolg word wat sal lei tot die keuse van 'n bepaalde beroep.

Die volgende voorbeeld illustreer hoe 'n leerling (persoon A) die digotome program inwerk om by 'n bepaalde beroepskeuse uit te kom.

VOORBEELD:

Persoon A word as voorbeeld gebruik om aan te toon hoe die digotome program tot beroepskeuse in die praktyk behoort te funksioneer.

Nadat die gebruiksaanwysings verduidelik is, begin persoon A met die digotome program.

1. Vaar goed in wiskunde, C-simbool of hoër op hoërgraad of B-simbool of hoër op standaardgraad.....(2)
1. Het nie wiskunde as 'n vak nie of vaar nie besonder goed in wiskunde nie: D-simbool of laer op hoërgraad of C-simbool of laer op standaardgraad.....(3)

Gestel persoon A vaar goed in wiskunde en kies die boonste keuse van die digotome omskrywing, impliseer dit dat hy na (2) gaan vir die volgende keuse wat uitgeoefen moet word.

2. Kan met groot gemak met vreemde mense kommunikeer.....(4)
2. Kan nie met groot gemak met vreemde mense kommunikeer nie, voel gemaklik by bekende mense.....(5)

Indien persoon A maklik met vreemde mense kan kommunikeer gaan hy na (4).

4. Het kuns as 'n vak en presteer besonder goed daarin en sal daarvan hou om 'n beroep in enige kunsrigting te beoefen; dit wil sê die skep en estetiese waardering van kunswerke en die skeppende tegnieke en media van die kunstenaar; of het nie kuns as 'n vak nie maar sal nogtans daarvan hou om dit as beroep te beoefen.....(8)
4. Het nie kuns as 'n vak op skool nie en het ook nie 'n besondere liefde vir kuns nie

en sal ook nie daarvan hou om as beroep enige vorm van die kunste te beoefen
nie..... (9)

Veronderstel persoon A het nie kuns as 'n vak nie en het ook nie 'n besondere liefde vir
kuns nie is die volgende stap (9)

9. In die werksituasie word meestal gebruik gemaak van syfers en/of rekening-
kunde..... (18)
9. In die werksituasie word in 'n mindere mate gebruik gemaak van syfers en/of
rekeningkunde.....(19)

Persoon A verkies byvoorbeeld om in die werksituasie in 'n mindere mate met syfers en/of
rekeningkunde te werk. Die volgende stap wat persoon A volg is dus (19)

19. Ondersoek iets deur wetenskaplike en/of wiskundige vaardighede te gebruik....(37)
19. Vaar nie goed met wetenskaplike en/of wiskundige vaardighede om 'n probleem
op te los of om 'n taak te verrig nie.(38)

Gestel persoon A kies die boonste keuse beteken dit dat hy spring na (37)

37. Suksesvol wees met 'n projek wat op 'n wetenskaplike gebied is.....(68)
37. 'n Bepaalde projek vereis nie noodwendig sukses op 'n wetenskaplike gebied nie
.....(69)

Indien persoon A suksesvol is in die wetenskappe en die boonste keuse uitoefen, beteken
dit dat hy na (68) spring.

68. 'n Taak vereis studie oor plante en/of diere.....(117)
68. Studie oor plante en/of diere is nie nodig om 'n taak te verrig nie.....(118)

As persoon A die onderste keuse uitoefen, spring hy na (118)

118. Die aard van die werk vereis tersiêre opleiding aan 'n universiteit, technikon of kollege.....(186)

118. Die werk is van so 'n aard dat tersiêre opleiding nie vereis word nie.....(187)

Persoon A kies die boonste omskrywing om met die oog op beroepsbeoefening verder aan 'n Universiteit te studeer. Hy spring nou na (186).

186. Werk aan 'n projek wat hy op "suiwer" wetenskaplike gebied val.....(268)

186. Werk veel eerder aan 'n projek wat nie op 'n "suiwer" wetenskaplike gebied val nie.....(269)

Veronderstel persoon A oefen die onderste keuse uit, impliseer dit dat hy na (269) spring.

269. Die klem van die studie val op die vervaardiging en verwerking van produkte(358)

269. Die klem van die studie val nie op die vervaardiging en verwerking van produkte nie.....(359)

Indien persoon A die onderste keuse uitoefen, impliseer dit ook dat hy na (359) spring.

359. Sal daarvan hou om 'n bestaan te maak uit die ontwerp van geboue, groepe geboue of die skepping van doeltreffende omgewings vir mense om in te werk en te woon(439)

369. Sal nie daarvan hou om 'n bestaan te maak uit die ontwerp van geboue, groepe geboue of die skepping van doeltreffende omgewings vir mense om in te werk en te woon nie(440)

As persoon A die onderste keuse uitoefen, impliseer dit dat hy na (440) spring.

440. Beroep waar mense formeel onderrig moet word.

OPVOEDKUNDE

440. Beroep waar mense nie formeel onderrig moet word nie..... (499)

Omdat persoon A nie in 'n beroep in die Opvoedkunde belang stel nie, is die onderste keuse van toepassing en is die volgende stap (499).

499. Poog om mense deur waarneming te verstaan(deur hulle te toets of ondervra) en hulle gedrag te ontleed.

SELKUNDE

499. 'n Loopbaan volg wat nie met die ontleding van mense se gedrag en hul denke te doen het nie..... (544)

As persoon A nie in 'n beroep in die Sielkunde belang stel nie, is die onderste keuse van toepassing en is die volgende stap (544).

544. Besig wees met die afmeet van lengtes en hoogtes om kaarte op te stel en om grense vas te stel, die maak van aantekeninge van die mates van natuurlike en mensgemaakte eienskappe op die aardoppervlakte en lewer 'n belangrike grondslag ten opsigte van alle beplanning, ontwikkeling en konstruksie.

PROFESSIONELE LANDMETING

544. Sal nie daarvan hou om besig te wees met die afmeet van lengtes en hoogtes om kaarte op te stel en om grense vas te stel nie.....(577)

Indien persoon A nie in professionele landmeting belang stel nie, impliseer dit dat die onderste keuse uitgeoefen word en is die volgende stap (577)

577. 'n Loopbaan volg in 'n bedryf wat verband hou met mynbou.

MYNBOUBEDRYF

577. 'n Loopbaan volg wat nie verband hou met mynbou nie.....(597)

Sou persoon A glad nie belangstel in mynbou nie, impliseer dit dat hy na (597) spring.

597. Loopbaan in 'n bedryf wat 'n rol speel as verskaffer van voedsel en grondstowwe vir die nywerheid en landbou-inkomste in buitelandse valuta.

LANDBOU

597. 'n Loopbaan volg wat nie verband hou met die verskaffing van voedsel.....(611)

Indien persoon A nie in landbou belangstel nie, is die onderste keuse van toepassing en is die volgende stap (611)

611. Speel 'n belangrike rol in die gemeenskap deur ingenieursvernuf tot die gemeenskap se voordeel prakties toe te pas byvoorbeeld die ontwerp van paaie, brûe en damme, enjins, motors en vliegtuie.

INGENIEURSWESE

611. Sal nie daarvan hou om ingenieursvernuf tot die gemeenskap se voordeel prakties toe te pas nie..... (622)

Indien persoon A baie sterk voel oor die boonste omskrywing, met ander woorde waar hy voel hy wil dit graag as beroep beoefen, impliseer dit dat die digotome program tot beroepskeuse hier eindig. Die program word dus afgesluit met 'n bepaalde beroep of ten minste 'n beroepsveld, soos byvoorbeeld ingenieurswese.

4.6 LOODSONDERSOEK MET DIE DIGOTOME PROGRAM

Die primêre doel met die loodsondersoek was om vas te stel of die digotome program met sukses in beroepskeusevoorligting gebruik kan word.

Die sekondêre doel met die loodsondersoek is om te bepaal of die formulering van begrippe wat in die digotome program gebruik word verbruikersvriendelik is. Om dit te bepaal moes die respondente telkens aandui by watter omskrywings probleme ondervind is ten opsigte van interpretasie en keuses wat daaruit voortspruit. Hierdeur is die ondersoeker in staat gestel om die digotome program te hersien deur enkele omskrywings wat probleme geskep het by die respondente, in oënskou te neem en te herformuleer in

'n meer verbruikersvriendelike taal.

Met die loodsondersoek van die digotome program is daar 75 respondente betrek, waarvan 50 respondente standerd 10 leerlinge en 25 respondente finale jaar studente was. Die resultate van die loodsondersoek word in Tabel 4.1 uiteengesit.

TABEL 4.1: RESULTATE VAN DIE LOODSONDERSOEK

GETAL RESPONDENTE (N)	SUKSES (+)	SUKSES (-)
ST 10 LEERLINGE: 50	48	2
FINALE JAAR STUDENTE: 25	24	1

Uit die gegewens in tabel 4.1 kan die ooreenstemming soos volg bepaal word:-

Sukses by St 10-leerlinge:

$$\begin{aligned}
 \text{Positiewe ooreenstemming} &= \frac{\text{Sukses (+)}}{N} \\
 &= \frac{48}{50} \\
 &= 96\%
 \end{aligned}$$

Sukses by finale jaar studente:

$$\begin{aligned}
 \text{Positiewe ooreenstemming} &= \frac{\text{Sukses (+)}}{N} \\
 &= \frac{24}{25} \\
 &= 96\%
 \end{aligned}$$

Volgens bogenoemde doelstellings wat met die loodsondersoek gestel is, is met die primêre doel 'n ooreenstemming van 96% verkry deur die uitslae van die digotome program te vergelyk met die uitslae van psigometriese toetse. Met die sekondêre doel is omskrywings geëvalueer en hersien waar van toepassing.

4.7 FINALE REDAKSIE

Na afloop van die loodsondersoek is die program met die promotor bespreek. Enkele kleinere tegniese wysigings is nodig geag. Hierna is die program gefinaliseer (Aanhangsel A).

Daar is besluit om ongeveer 700 standaard 10-leerlinge by die ondersoek te betrek. Die navorser het daarin geslaag om 772 standaard 10-leerlinge van 31 sekondêre skole as proefpersone aan die ondersoek te laat deelneem (Vergelyk tabel 5.1).

4.8 SAMEVATTING

Die ontwerp van 'n digotome program tot beroepskeuse is in hoofstuk 4 begrond. Terminologie uit die biologiese wetenskappe is verduidelik en binne die konteks van beroepsleiding begrond om hiermee aan te dui dat hierdie terminologie vir die ontwerp van 'n digotome program van belang is.

Die ontstaan van die gedagte aan 'n digotome program vir beroepskeuse is verduidelik en begrond. Ten einde die program korrek te gebruik, is voorgestelde gebruiksaanwysings gegee waarna dit toegelig is met 'n gepaste voorbeeld om aan te toon hoe die program in die praktyk funksioneer.

Met die loodsondersoek is gevind dat die resultate van die digotome program ooreenstem met die resultate van psigometriese toetse. Deur die formulering van vrae en begrippe in die digotome program te evalueer, is die navorser in staat gestel om deur herformulering van vrae en begrippe in die digotome program, 'n meer verbruikersvriendelike program

daar te stel.

In 'n finale redaksie is enkele kleinere tegniese wysigings aangebring en die digotome program tot beroepskeuse is gefinaliseer (Aanhangsel A).

In hoofstuk 5 volg die evaluering van die digotome program.

HOOFSTUK 5

EVALUERING VAN DIE DIGOTOME PROGRAM

5.1 INLEIDING

Waar daar in hoofstuk 4 gepoog is om 'n digotome program tot beroepskeuse te ontwerp, sal daar in hierdie hoofstuk aandag gegee word aan die evaluering van die program.

In die eerste plek sal bepaal word of daar 'n ooreenstemming is tussen die resultate van die digotome program en dié van psigometriese toetse wat met beroepskeusevoorligting gebruik word. Voorts sal die houding van die respondente ten opsigte van die uitslag (aanbevole beroepskeuse) van die digotome program bepaal word. Ten slotte sal die data van die beskrywende statistiek geverifieer word.

5.2 RESULTATE

In tabel 5.1 word die navorsingsresultate uiteengesit.

5.2.1

Tabel 5.1 : Evaluering van die digotome program

Skool	Gesamte leerlinge betrokke by navorsing	Gesamte leerlinge reeds dwy paligometrie se toetse getoets	Gesamte leerlinge wat nog nie paligometrie se toetse afgeleë het nie	Ooreenstemming van digotome program met paligometrie se toetse - positief	Persentasie (ooreenstemming)	Ooreenstemming van digotome program met paligometrie se toetse (negatief)	Persentasie (ooreenstemming)	Aanduiding van leerlinge se tevredenheid met uitslag van digotome program	Persentasie (tevredenheid)	Aanduiding van oënvredigheid met uitslag van digotome program	Persentasie (oënvredigheid)
1	25	25	-	22	88	3	12	22	88	3	12
2	20	20	-	19	95	1	5	19	95	1	5
3	22	12	10	11	91,6	1	8,4	19	86,4	3	13,6
4	35	26	9	26	100	-	0	33	94,3	2	5,7
5	33	22	11	21	95,5	1	4,5	30	90,9	3	9,1
6	28	1	27	1	100	-	0	24	85,7	4	14,3
7	24	-	24	-	-	-	-	21	87,5	3	12,5
8	21	21	-	21	100	-	0	21	100	-	0
9	23	23	-	23	100	-	0	23	100	-	0
10	21	17	4	14	82,4	3	17,6	16	76,2	5	23,8
11	23	23	-	23	100	-	0	23	100	-	0
12	27	21	6	21	100	-	0	26	96,3	1	3,7
13	13	1	12	1	100	-	0	11	84,6	2	15,4
14	30	10	20	10	100	-	0	26	86,7	4	13,3
15	35	26	9	23	88,5	3	11,5	31	88,6	4	11,4
16	20	4	16	4	100	-	0	17	85	3	15
17	23	12	11	10	83,3	2	16,7	20	87	3	13
18	23	22	1	19	86,4	3	13,6	20	87	3	13
19	22	22	-	21	95,5	1	4,5	21	95,5	1	4,5
20	31	5	26	5	100	-	0	27	87,1	4	12,9
21	25	7	18	7	100	-	0	22	88	3	12
22	30	9	21	7	77,8	2	22,2	26	86,7	4	13,3
23	27	6	21	6	100	-	0	25	92,6	2	7,4
24	36	15	21	14	93,3	1	6,7	30	83,3	6	16,7
25	28	21	7	20	95,2	1	4,8	23	82,1	5	17,9
26	17	11	6	9	81,8	2	18,2	14	82,4	3	17,6
27	20	18	2	18	100	-	0	19	95	1	5
28	27	25	2	23	92	2	8	23	85,2	4	14,8
29	23	22	1	21	95,5	1	4,5	21	91,3	2	8,7
30	20	17	3	16	94,1	1	5,9	17	85	3	15
31	20	19	1	18	94,7	1	5,3	18	90	2	10
	772	483	289	454	94%	29	6%	688	89,1%	84	10,9%
		= 62,6%	= 37,4%	483		483		772		772	

5.2.1.1 Ontleding en vertolking van die resultate

Uit die gegewens in tabel 5.1 blyk dit dat 772 respondente in 31 skole betrek is by hierdie ondersoek. Verreweg die meeste respondente, naamlik 454 uit 483 (94%) wie se toetsresultate bekend is ten opsigte van die aanbevole beroep stem ooreen met die uitslag van die digotome program, terwyl slegs 29 uit 483 (6%) wie se toetsresultate bekend is ten opsigte van die aanbevole beroep nie ooreenstem met die uitslag van die digotome program nie. Dit blyk verder dat 688 van 772 (89,1%) tevrede was met die uitslag van die digotome program. Slegs 84 uit 772 (10,9%) het aangedui dat hulle nie daarmee tevrede is nie.

Die feit dat 'n hoë persentasie respondente nie psigometriesse toetse afgelê het nie, veral omdat dit matriekleerlinge is, is kommerwekkend. Deur die digotome program tot die beroepskeuse as 'n hulpmiddel in sekondêre skole aan te wend, kan in 'n groot mate verseker word dat alle leerlinge beroepskeusevoorligting ontvang. Alhoewel die digotome program sekere gebreke het, het 'n hoë persentasie naamlik 89,1% 'n positiewe houding jeens die program geopenbaar. Hieruit blyk dit dat die digotome program as hulpmiddel tot beroepskeuse met 'n groot mate van sukses aangewend kan word in sekondêre skole.

5.2.2 Tabel 5.2 Beskrywende statistiek

GETAL SKOLE (N)	GEMIDDELD (STEM OOREEN)	ONDER-GRENS VAN 95% VL	BOGRENS VAN 95% VL	MEDIAAN	STAND-DAARD-AFWYKING
30	94,4%	91,9%	96,8%	95,5%	6,61%

5.2.2.1 Ontleding en vertolking van die beskrywende statistiek

Uit die gegewens in tabel 5.2 van die beskrywende statistiek is 30 skole se gegewens in ag geneem omdat 1 skool (vergelyk skool 7 in tabel 5.1) geen respondent gehad het wat reeds die psigometriesse toetse afgelê het nie. Die gemiddeld is bereken vir die 30 skole. Die uitslag van die psigometriesse toetse toon 'n hoë mate van ooreenstemming met dié

van die digotome program naamlik 94,4% .

Ten einde 'n spesifieke waarde aan 'n parameter toe te skryf is daar van 'n nulhipotese gebruik gemaak waar $H_0 : u = 100$. 'n Alternatiewe hipotese $H_A : u < 100$ word ook gestel wat kan aandui of die verwagte waarde van 'n parameter groter of kleiner sal wees as die waarde wat in die nulhipotese gestel word óf wat slegs aandui dat die verwagte waardes van die parameter sal verskil van die waarde wat in die nulhipotese gestel word.

Om die hipotese te toets dat die digotome program dieselfde resultate sal lewer as psigometriesse toetse met die oog op 'n beroepskeuse is gebruik gemaak van 'n 95% vertrouensinterval.

Die 95% V.I. (vertrouensinterval) is bereken met behulp van die volgende uitdrukking $\bar{x} \pm 1,96, \frac{SA}{\sqrt{n}}$ waar SA die standaardafwyking en n die aantal skole is (Tabel 5.2.2).

Die ondergrens van die V.I. is 91,9% en die bogrens 96,8%. Omdat die V.I. nie 100% oordek nie, kan die hipotese op 'n 5% peil van betekenis ongelukkig nie aanvaar word nie.

Deur egter uit 'n praktiese oogpunt na die 95% V.I. te kyk en daarop te let dat die bogrens byna 97% is, sou met redelike vertroue gesê kon word dat die twee programme dieselfde resultate sal lewer.

Addisioneel tot bogenoemde sou die hoë mediaan van 95,5% ook as bydraende faktore kan dien dat die digotome program dieselfde resultate sal lewer as psigometriesse toetse met die oog op 'n beroepskeuse.

5.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die digotome program tot beroepskeuse geëvalueer aan die hand van resultate wat verkry is uit navorsing en beskrywende statistiek.

Die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings word in die volgende hoofstuk aan die orde gestel.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Na 'n samevatting van die studie, word daar in die slothoofstuk toepaslike gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

6.2 SAMEVATTING

Die doel met hoofstuk 1 was om die leser met die probleemstelling, doel van navorsing, metodologie en die struktuur van die studie bekend te stel.

In hoofstuk 2 is verskillende beroepskeuseteorieë in breë trekke onder die volgende hoofde bespreek:

- * 'n algemene oorsig van beroepskeuseteorieë,
- * nie-psigologiese beroepskeuseteorieë,
- * psigologiese beroepskeuseteorieë, en
- * die beroepskeuseteorie van John L. Holland.

In die algemene oorsig van beroepskeuseteorieë word daarop gewys dat verskeie outeurs en navorsers verskillende standpunte huldig ten opsigte van die keuse van 'n beroep. Hierdie standpunte behels in verskeie gevalle slegs 'n klein segment van die hele proses van beroepskeuse wat dan as 'n teorie geëtiketteer word om dit gerieflikheidshalwe binne 'n raamwerk te plaas.

Nie-psigologiese beroepskeuseteorieë behels die standpunt dat beroepskeuse deur omgewingsfaktore of eksterne faktore bepaal word. Persoonlikheidseienskappe soos

belangstelling, aanleg en intelligensie word deur die verteenwoordigers van hierdie teorie ontken. Drie nie-psigologiese beroepskeuseteorie, naamlik die toevallige beroepskeuseteorie, die ekonomiese beroepskeuseteorie en die kultureel-psigologiese beroepskeuseteorie is kortliks bespreek.

Psigologiese beroepskeuseteorieë is onder die volgende hoofde bespreek:

- * die trekfaktorbenadering,
- * die psigodinamiese beroepskeuseteorieë,
- * die ontwikkelings- of prosesbenadering en
- * besluitnemingsteorieë.

Binne die nuttige raamwerk waarbinne Crites 'n oorsig gee oor belangrike beroepskeuseteorieë, word die beroepskeuseteorie van Holland beskou as struktureel-interaktief. Holland het mense ooreenkomstig bepaalde persoonlikheidstipes gekategoriseer en die tipes geassosieer met bepaalde omgewingsmodelle. Navorsing dui oor die algemeen daarop dat Holland se beroepskeuseteorie en gepaardgaande meetinstrumente geldig en nuttig is vir die beroepsvoorligtingsituasie.

Die bespreking in hoofstuk 3 het gehandel oor skoolvoorligting en beroepskeuse in sekondêre skole. Skoolvoorligting is teoreties begrond en daar is ook gelet op die lewensopvatlike en kulturele agtergrond en besondere behoeftes van leerlinge.

Die historiese verloop van skoolvoorligting in enkele oorsese lande en in Suid-Afrika is in die algemeen bespreek terwyl beroepsvoorligting in Suid-Afrika in die besonder toegelig is. Daar is onder meer gelet op aspekte soos beroepsvoorligting binne - en buite skoolverband.

Die teoretiese fundering van die aard en wese sowel as die doel en taak van beroepsvoorligting is bespreek. Aandag is aan belangrike komponente van die beroepsleidings-

program geskenk. Daar is verder gefokus op die volgende aspekte:

- * selfbeeldontdekking,
- * identiteitsverwerwing,
- * toereikende selfkennis,
- * realistiese selfbegrip,
- * selfaanvaarding,
- * loopbaanverkenning,
- * beroepsinligting,
- * beroepskennis,
- * persoonsbeeld,
- * beroepsbeeld,
- * loopbaanonïëntering,
- * beroepskeuse en
- * beroepsbeoefening.

Daar is ondermeer aangetoon dat hoërskoolleerlinge op verskillende stadiums voor belangrike keuses gestel word. Binne die stelsel van gedifferensieerde onderwys speel beroepsvoorligting 'n belangrike rol om te verseker dat elke leerling sinvolle keuses sal uitoefen in ooreenstemming met sy aanleg, belangstelling en persoonskwaliteite. Hoërskoolleerlinge besluit oor die volgende persoonsmoontlikhede wat in bepaalde geleenthede tot geskiktheid verwerklik moet word, naamlik:

- * liggaamlike persoonsmoontlikhede,
- * verstandelike persoonsmoontlikhede,
- * sosiale persoonsmoontlikhede; en
- * geestelike persoonsmoontlikhede.

Om tot selfverwerkliking te kom, is klem gelê op die selfkennis en die beroepskennis van die leerling wat moet oorgaan tot 'n selfstandige beroepskeuse. Beroepsvoorligting in die

sekondêre skool moet daarop gefokus wees om die leerling te begelei deur 'n beeld van sy totale persoonsmoontlikhede te vorm. Dit is daarom noodsaaklik dat hulpverlening strek tot selfontdekking en selfbegrip by die leerling wat op pad is na volwassenheid. Voorts behoort beroepsvoorligting ook daarop ingestel te wees om alle leerlinge op 'n sinvolle wyse bloot te stel aan verskillende soorte beroepe. Sodoende kan hulle voldoende kennis opdoen van 'n groot verskeidenheid beroepe.

Die praktyk van beroepsvoorligting in sekondêre skole en onderwys hulpsentrums in die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement is bespreek. Psigometrie se toetse wat onder andere deur die personeel van die Onderwys hulpsentrum afgeneem word met die oog op beroepskeuse voorligting, is bespreek.

Die ontwerp van die digotome program tot beroepskeuse is in hoofstuk vier begrond. Die aandag is in die eerste plek gevestig op terminologie uit die biologiese wetenskappe om aan te toon hoe die gedagte aan 'n digotome program sy ontstaan gehad het. Daarna is die klassifikasiesistelsel van 'n digotome program in 'n opvoedkundige konteks begrond.

Die ontwerp van 'n digotome klassifikasie van beroepe word gebaseer op vier kernbeginsels naamlik:

- 'n vergelykende studie van beroepe soos wat dit in die arbeidsmark voorkom;
- die saamgroepering van beroepe met gemeenskaplike eienskappe of kenmerke;
- die beskrywing en benaming van beroepe; en
- die rangskikking in 'n klassifikasiesistelsel genoem die digotome program tot beroepskeuse.

Met die samestelling van so 'n digotome program tot beroepskeuse is die arbeidsmark eerstens bestudeer om alle tersaaklike eienskappe en ander belangrike inligting te versamel. Daarna is 'n studie gemaak van ooreenkomste en verskille tussen die verskillende beroepe ten einde die navorser in staat te stel om beroepe met gemeen

skaplike eienskappe of ander tersaaklike inligting saam te groepeer. Die ondersoek was beperk tot die toetsing van 772 standaard 10-leerlinge van 31 sekondêre skole in die Gauteng en Noordwes Provinsies. Uitslae van psigometrie se toetse wat onder andere deur die personeel van die Onderwysshulpsentrum afgeneem is, is vergelyk met die uitslae van die digotome program.

Die bevinding was dat 94% van die respondente se toetsresultate van psigometrie se toetse ten opsigte van die aanbevole beroep ooreenstem met die uitslag van die digotome program. Tweedens is daar bevind dat 'n hoë persentasie respondente, naamlik 89,1% 'n positiewe houding jeens die digotome program openbaar. Met die ontleding en vertolking van die beskrywende statistiek is daar gevind dat, indien daar met 'n vertroubaarheidsinterval van 95% ($VI = 95\%$) gewerk word (op 'n 10% peil van betekenis dat die nulhipotese nie verwerp kan word nie), die digotome program dieselfde resultate lewer as psigometrie se toetse met die oog op beroepskeuse.

In stuk word toepaslike gevolgtrekkings en aanbevelings aan die orde gestel.

6.3 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Na aanleiding van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek word die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak:-

Gevolgtrekkings

- * Ten einde 'n aanknopingspunt te vind vir die ontwikkeling van die digotome program is die belangrikste teorieë in beroepskeuse-ontwikkeling bespreek. Die gevolgtrekking is dat die digotome program, omdat dit biologiese terminologie bevat en biologies begrond word, nie direkte aansluiting by enige beroepskeuse-teorieë kon vind nie.

- * Hoofstuk 3 wat handel oor die praktyk van beroepsvoortligting in sekondêre skole in die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement het aan die lig gebring dat 'n goed gestruktureerde program oor die jare heen in sekondêre skole geïmplimenteer was. Die afleiding kan gemaak word dat bestaande voortligtingsprogramme (waaronder die program van die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement) 'n wetenskaplike verantwoordbare beroepskeuse buite die bereik van baie leerlinge in Suid-Afrika plaas.
- * Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat nie alle leerlinge in sekondêre skole die geleentheid kry om psigometriesse toetse af te lê met die oog op 'n finale beroepskeuse nie (kyk tabel 5.1, kolom 4). Die afleiding kan dus gemaak word dat die program onder die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement nie in alle leerlinge se beroepskeusebehoefes voorsien nie.
- * Dit blyk verder dat die resultate van die digotome program tot beroepskeuse ooreenstem met die resultate van psigometriesse toetse ten opsigte van beroepskeuse (kyk tabel 5.1, kolom 5).
- * Op 'n 10% peil van betekenis kan die nulhipotese, naamlik dat $H_0 : u = 100$, nie verwerp word nie, en kan die gevolgtrekking gemaak word dat die digotome program tot beroepskeuse dieselfde resultate lewer as psigometriesse toetse met die oog op beroepskeuse (kyk tabel 5.2, kolomme 3 en 4).
- * 'n Verdere gevolgtrekking is dat respondente 'n positiewe houding ten opsigte van die resultate van die digotome program toon (kyk tabel 5.1, kolom 9).
- * Dit blyk ook dat respondente wat psigometriesse toetse afgelê het in 'n groter mate 'n positiewe houding ten opsigte van tevredenheid met die uitslag van die digotome program toon (kyk tabel 5.1)

- * Dit blyk dat die praktyk nie psigometrie se toetsing tot alle sekondêre skoolleerlinge se beskikking stel nie omdat psigometrie se toetse slegs deur personeel van die Onderwys-hulp-sentrum afgeneem en geëvalueer word.

AANBEVELINGS:

- * In 'n snel veranderende Suid-Afrikaanse opset, met spesifieke verwysing na die Onderwys, is dit bykans 'n onmoontlike taak vir die personeel van die Onderwys-hulp-sentrum om alle leerlinge by psigometrie se toetse te betrek met die oog op beroepskeuse. Deur gebruik te maak van die digotome program as hulpmiddel tot beroepskeuse op sekondêre skoolvlak kan die nood ten opsigte van beroepskeuse probleme verlig word. In Suid-Afrika is beroepsvoorligtingsdienste nie tot elke seun en dogter se beskikking nie. In die praktyk beteken dit dat psigometrie se toetse slegs deur die personeel van die Onderwys-hulp-sentrum en persone wat by die Beroepsraad geregistreer is, afgeneem en geëvalueer kan word. Aangesien die digotome program op sekondêre skoolvlak deur die voorligtingonderwyser afgeneem kan word, impliseer dit dat elke seun en dogter in elke sekondêre skool in Suid-Afrika begelei kan word met die oog op 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse.
- * Daar word aanbeveel dat die digotome program aangepas en in Engels vertaal word sodat elke seun en dogter van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika die geleentheid kan kry om op sekondêre skoolvlak betrek te word met die oog op 'n finale beroepskeuse.
- * Met verdere navorsing kan die betroubaarheid en geldigheid van die digotome program bepaal word.

6.4 SLOT

Die doel met hierdie navorsing was om 'n digotome program tot beroepskeuse te ontwerp wat as 'n beroepskeusehulpmiddel by sekondêre skole aangewend kan word. In die bestaande Suid-Afrikaanse opset is bestaande dienste nie vir alle leerlinge toeganklik nie, onder andere as gevolg van die hoë koste daaraan verbonde. Die digotome program kan in hierdie leemtes voorsien deurdat die program koste-effektief en maklik implementeerbaar is en dat dit met die oog op 'n finale beroepskeuse 'n beroepskeusehulpmiddel binne die bereik van elke seun en dogter in Suid-Afrika bring.

OPSOMMING

In 'n snel veranderende Suid-Afrikaanse opset, met spesifieke verwysing na die Onderwys, raak die taak van die personeel van die Onderwys hulpsentrums al hoe moeiliker om alle Standard 10-leerlinge te betrek by psigometrie se toetsing met die oog op 'n beroepskeuse. Aangesien alle leerlinge op sekondêre skoolvlak gemoeid is met keuse-uitoefening aangaande verdere opleiding en die keuse van 'n beroep, impliseer dit dat 'n hoë prioriteit aan hierdie aspek verleen moet word.

Binne die totale onderwysopset is die ontwikkeling van gebalanseerde mense-materiaal wat moet voldoen aan die kriteria vir volwaardige burgerskap 'n noodsaaklikheid. Elke leerling behoort homself/haarself by wyse van beroepsbeoefening in 'n ekonomiese stelsel te kan handhaaf. Deur die leerling te lei en toe te rus om deur middel van gevestigde besluitnemingsvaardighede 'n beroepskeuse te maak, word die grondslag vir die beroepskeuse gelê wat die leerling in staat stel om volwassenheid ten opsigte van ekonomiese en ander verantwoordelikhede te aanvaar.

Die vraag ontstaan onwillekeurig of die leerling nie net in staat is tot 'n sinvolle en verantwoordbare keuse nie, maar of die voorligteronderwyser toegerus is met voldoende beroepskeusehulpmiddels in die beroepsleidingsprogram om aan die skoolverlater sinvolle en verantwoordbare leiding te gee om 'n suksesvolle beroepskeuse te kan uitvoer.

Die nood aan beroepskeusehulp by skoolverlaters in Suid-Afrika word bevestig deur die groot aantal leerlinge wat hulle jaarliks aanmeld vir beroepskeusetoetsing by verskillende hulpverleningsinstansies binne, sowel as buite skoolverband.

Die doel van die studie was om 'n digotome program tot beroepskeuse te ontwikkel wat aanvullend tot die gebruik van bestaande psigometrie se toetse in sekondêre skole gebruik kan word.

Om die digotome program te evalueer is deur navorsing bepaal of daar 'n ooreenstemming bestaan tussen die resultate van die digotome program en die resultate van psigometriese toetse wat betrekking het op beroepskeuse.

Tydens die loodsondersoek is 75 respondente betrek. Die primêre doel met die loodsondersoek was om 'n ooreenstemming te bepaal tussen die digotome program en psigometriese toetse. Die ooreenstemming is bereken op 96%. Die sekondêre doel was om onduidelike omskrywings in die digotome program te identifiseer en te hersien sodat dit meer verbruikersvriendelik sal wees vir respondente wat by die navorsing betrek sal word.

Tydens die evaluering van die digotome program is daar 772 respondente uit 31 sekondêre skole in die Gauteng en Noordwes Provinsies getoets. Met die ontleding van die navorsingsresultate is gevind dat:-

- * Die resultate van die digotome program stem ooreen met die resultate van psigometriese toetse. (94%).
- * Op 'n 10% peil van betekenis word daar dieselfde resultate verkry met die digotome program as wat daar verkry word met psigometriese toetse ($VI = 95\%$).
- * Die resultate van die digotome program is statisties beduidend (Kyk tabel 5.2).
- * Die respondente toon 'n positiewe houding ten opsigte van die resultate van die digotome program (89,1%).

Alhoewel die digotome program tot beroepskeuse nooit die plek van psigometriese toetse kan en mag inneem nie, word daar aanbeveel dat die voorligteronderwyser die digotome program op sekondêre skoolvlak aanwend as 'n beroepskeusehulpmiddel. Die digotome program kan ook aanvullend tot die gebruik van bestaande psigometriese toetse in sekondêre skole gebruik word.

Deur die gebruik van die digotome program op sekondêre skoolvlak, kan daar 'n poging aangewend word om elke seun en dogter in Suid-Afrika met die keuse-uitoefening van

'n beroep by te staan. Uiteraard het studie- en beroepskeuse 'n invloed op Suid-Afrika se mannekrag en ekonomie.

SUMMARY

In a rapidly changing South African context, with special reference to Education, the task of staff members at educational and ancillary centres to include all standard ten pupils into psychometric tests with a view to making a choice of career, is becoming increasingly difficult. Since all secondary school pupils are involved in making choices concerning further training and choice of career, this implies that a greater priority should be afforded to this aspect.

The development of balanced individuals who must comply with criteria for worthy citizenship is essential within the total educational framework. Each pupil should be able to hold his own in a career within an economic system. The basis for the choice of career which would enable the pupil to accept responsibilities with regard to economic and other responsibilities is laid by guiding and equipping the pupil with established decision making skills.

Two questions arise: whether the pupils are capable of making meaningful and responsible choices and whether the guidance teacher is equipped with sufficient career choice aids in the career guidance program in order to give meaningful and responsible guidance towards a successful choice of career.

The need for career choice guidance by school teachers in South Africa is confirmed by the great number of pupils who annually report for career choice tests at various institutions within, as well as without school context.

The aim of this study was the development of a dichotomous program for choice of career to be used in addition to insisting psychometric tests in secondary schools.

The dichotomous program was evaluated through research establishing whether correlation exists between the results of the dichotomous program and that of the psychometric

tests pertaining the choice of career.

During the pilot research 75 respondents were involved. The primary aim of the trial research was to determine a correlation between the dichotomous program and psychometric tests. The correlation was determined at 96%. The secondary aim was to identify and revise vague explanations in the dichotomous program to make it more user friendly for respondents involved in the research.

During the evaluation of the dichotomous program 772 respondents from 31 secondary schools in the Gauteng and North-West Provinces were tested. The analysis of the research results determined that:-

- * The results of the dichotomous program correlate positively with the results of the psychometric tests (93,996%).
- * In a 10% range similar results were determined in the dichotomous program as determined in the psychometric tests ($VI = 95\%$)
- * The results of the dichotomous program are statistically viable (See table 5.2)
- * The respondents react positively towards the results of the dichotomous program (89,12%)

Although the dichotomous program for choice of career can and may never take the place of psychometric tests, it is advised that the guidance teacher should apply the dichotomous program at secondary school level as an aid to choice of career. The dichotomous program can also be used in addition to the existing psychometric tests in secondary schools.

The use of the dichotomous program at secondary school level can be an effort to facilitate each boy and girl, in South Africa, who has to make a choice of career. The choices of studies and careers invariably influence the manpower and economy of South Africa.

BIBLIOGRAFIE

- ANON. 1982. Swart onderwys word mondig. Suid-Afrikaanse Panorama, 27(7):36-43, Jul.
- ANON. 1984. Dekanoloog: oriëntasie op studie, beroep en keuzebegeleiding. Culemborg : Educaboek.
- ANON. 1986. De Nascholingskrant: informasie na skoling 86/87. Mollerinstituut. Den Haag.
- ANON. 1990. Onderwys waarheen? Mondstuk, 19(211):1-10, Jan.
- ARNOLD, J., BUDD, R.J. & MILLER, K. 1988. Young people's perceptions of the uses and usefulness of different sources of careers help. British journal of guidance and counselling, 16(1):83-89, Jan.
- AVENT, C., SISTERSON, D., FACWETT, B., WATTS, A. & NEWSOME, A. 1983. Careers guidance and counselling in England. The personnel and guidance journal, 61(8):476-479, Apr.
- BALL, B. 1984. Careers counselling in practice. London : Falmer Press.
- BARNARD, M.S.P.C. 1975. Die ortopedagogiese opgawe van die primêre skool. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - M.ED.)
- BECK, B. 1979. The careers service in Great Britain: a system that we could emulate? Consulto, 3(3):78-82, Nov.

BERNARD, H.W. & FULLMER, D.W. 1969. Principles of guidance: a basic text. Seranton : International Textbook.

BEUKES, J.H. 1974. Vakkeusegereedheid na Standard sewe. Pretoria : Universiteit van Pretoria. Pedagogiekstudies nr 77.

BEUKES, J.H. 1974. Pedagogiekstudies: 'n studie in beroepsoriëntering. Pretoria : Publikasie- en Navorsingskomitee van die Universiteit van Pretoria.

BEUKES, J.H. 1976. Skoolvoorligting in Wes-Duitsland. Pretoria : Raad vir Geestewetenskaplike Navorsing. Verslag O-47.

BEUKES, J.H. 1985. Motivering vir naskoolse opleiding en beroepstoetredede: faktore wat st.10-leerlinge se keuses beïnvloed. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Navorsingbevinding MN-115.

BEUKES, J.H. 1988. Faktore wat die vraag na technikononderwys beïnvloed met spesiale verwysing na verandering in die vraag na Mannekrag. (Referaat gelewer op 26 April 1988 te Universiteit van Pretoria in die seminaarreks: Tendense in onderwysvoorsiening in die RSA.) Pretoria.

BOTHA, J.H. 1993. Die rol van selfkonsep en identiteit in beroepskeuse. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling - Ph.D.)

BRAND, A. 1990. 'n Waardering van die Opvoedkundige Hulpdiens van die T.O.D. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Skripsie - M. Ed.)

BREACKELL, L. 1991. Newcomers: Coping with entry experiences. Human Resource Management, 7(1):38-39, Jan.

BROWN, D., BROOKS, L & Associates. 1990. Career choice and development: applying contemporary theories to practice. 2nd ed. San Francisco : Jossey-Bass.

BUCK, L. & BARRICK, R.K. 1987. They're trained but are they employable? Vocational Education Journal, 62(5):29-31.

BUYS, P.J. 1986. Strukture wat onderwysadviseur-ouerskaking bemoontlik. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Skripsie - M.Ed.)

CARSTENS, J.H. 1976. Skoolvoorligting in die VSA. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. (Verslag 0-49)

COOK, E.P. 1991. Annual review: practice and research in career counseling and development. Career development quarterly, 40(2):99-131, Dec.

CRITES, J.O. 1969. Vocational psychology. New York : McGraw-Hill.

CRITES, J.O. 1981. Career counseling: models methods and materials. New York : McGraw-Hill.

DE LANGE, B.J. 1987. Die DSO se pligstaar met spesiale verwysing na beroepsleiding. (Streekkursus in beroepsleiding in primêre skole: lesing nr 1, April 1987.) Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

DE LANGE, B.J. 1988. Die beroepsvoorligtingsprogram in die klaskamer en samewerking met die opvoedkundige hulpdiens. Streekkursus in beroepsleiding in sekondêre skole: lesing nr.2. Mei 1988. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

kyk

SUID-AFRIKA. Departement van onderwys.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR

kyk

SUID-AFRIKA. Departement van onderwys en kultuur

DU TOIT, W.J.J. 1987. 'n Ondersoek na faktore wat onderliggend is aan beroepskeuse onsekerheid by sekondêre skoolleerlinge. Educare, 16(1):104-105).

DU TOIT, R. 1988. Die gebruikswaarde van J.L. Holland se SDS-vraelys in beroepsvoorigting vir swartleerlinge. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling - M.A.)

ENGELBRECHT, W.J.A. 1988. Persoonlikheid as veranderlike in die beroepskeuse van eerstejaarstudente. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit. (Skripsie - M.Ed.)

ERASMUS, A.C. 1987. Die voogstelsel en onderhoudvoering in die praktyk. Streekskursus in beroepsleiding vir primêre skole: lesing nr 2. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

FEINGOLD, S.N. 1979. Counseling for careers in the 1980's. Garrett Park: Garrett Park Press.

GARBERS, J.G. 1979. Beroepsleiding pedagogies benader: ontwikkelingsaspekte, probleme en hulp op weg na (beroeps)volwassenheid. Amsterdam : Meulenhoff-Muusses-Noordhoff

GEO-JAJA, M.A. 1989. Information asymmetry education and occupational choice. International journal of Educational Development, 9(2):79-90.

GERBER, A.P. 1981. Die plek, taak en terrein van die skoolkinderleidingkliniek in die blanke Suid-Afrikaanse stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting: 'n evalueringstudie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenosch. (Proefskrif - D.Ed.)

GIBSON, R.L. & MITCHELL, M.H. 1981. Introduction to guidance. New York : MacMillan.

GINZBERG, E., GINZBURG, S.W., AXELRAD, S. & HERMA, J.L. 1951. Occupational choice: an approach to a general theory. New York : Columbia University Press.

GREEN, N.P.O., STOUT, G.W., TAYLOR, D.J. & SOPER, R. 1986. Biological science : Organisms, energy and environment. Cambridge University Press. London : Cambridge.

GORTON, R.A. 1976. School administration: challenge and opportunity for leadership. Dubuque : Brown.

HAASBROEK, J.B. red. 1978. Skoolvoorligting : beginsels en metodes. RGN voorligtingsreeks Vr.1. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. (Verslag nr. O/43.)

HERR, E.L. & CRAMER, S.H. 1979. Career guidance through the lifespan. Boston : Little & Brown.

HILTON, T.J. 1962. Career decision-making. Journal of Counseling Psychology, 9:291-298.

HOLLAND, J.L. 1966. The psychology of vocational choice: a theory of personality types and model environments. Waltham : Blaisdell.

HOLLAND, J.L. 1973. Making vocational choices: a theory of careers. Englewoods Cliffs : Prentice-Hall.

ISAACSON, L.E. 1972. Theories of career development. Boston : Allyn & Bacon.

JACOBS, C.D., VAN JAARSVELD, N.H. & VON MOLLENDORF, J.W. 1988.

Beroepsvoorligting vir die hoër- en laerskool: 'n handleiding vir die onderwyser. Pretoria : Konsensus uitgewers.

JONES, A.J., STEFFLER, B. & STEWART, M.R. 1970. Principles of guidance. New York: McGraw-Hill.

JOUBERT, C.J. 1983. Evaluering van die hedendaagse beroepsoriënteringsteorie en praktyk. (Professorale intree-rede: lesing gelewer op 1 September 1983.) Pretoria: Universiteit van Pretoria.) (Ongepubliseer.)

JOUBERT, C.J., red. 1984. Algemene skoolvoorligting. Johannesburg: HAUM.

KAUFMAN, A.V., ADAMS, J.P. & SHELLHASE, L.J. 1989. Providing Employment Assistance to students: The role of School Social Work. Journal of Social Work Education, 24(2), Spring/Summer.

KOTZE, C.J. 1993. Die rol van die skoolvoorligter in die problematiek van wanaanpassing en wangedrag by leerlinge in sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat. Bloemfontein : Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Proefskrif - D.Phil.)

Komitee vir Onderwys Beleid

kyk

SUID-AFRIKA. Komitee vir Onderwys Beleid.

KOWITZ, G.T. & KOWITZ, N.G. 1971. Introduction to school guidance. New York : Holt, Rinehart & Winston.

KRUGER, H.B. 1974. Die terrein en metode van voorligting:-Persoonlikheidsvoorligting. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Diktaat 67/74.)

KRUGER, H.B. 1979. Die terrein en metode van voorligting: die metodiek van opvoedkundige- beroepsvoorligting. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Diktaat 2/79.)

KRUGER, H.B. 1980. Algemene skoolvoorligting vir onderwysstudente. Pretoria : Butterworth.

KRUGER, H.B. 1982. Algemene skoolvoorligting vir onderwysstudente. Pretoria : Butterworth.

KRUGER, H.B. 1991. Skoolvoorligting Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Diktaat D59/91)

LABUSCHAGNE, J.H. 1987. 'n Verantwoorde Beroepsonïënteringsprogram vir die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - M.Ed. (psych).)

LAMPRECHT, J.C. 1989. Skoolvoorligting binne 'n veranderde Suid-Afrika. SA tydskrif vir Opvoedkunde, 9(3):503-507, Aug.

- LEWIES, J.W.A. 1981. Sosiale weerbaarmaking in die primêre skool. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - M.Ed.)
- LIEBETRAU, J.P. 1987a. Loopbaanoriëntering en kurrikulumnavorsing. Pretoria : Universiteit van Pretoria.
- LIEBETRAU, J.P. 1987b. Die noodsaaklikheid van skoolvoorigting vir loopbaanonderwys. (Lesing gelewer op 30 Junie 1987. SAVBO.) (Ongepubliseer.)
- LINDHARD, N. 1987. Beroepe en Studierigtings. Kaapstad : Tafelberg.
- LOERMANS, W. & WINKELS, J. 1986. Leerlingbegeleiding in de praktijk : werken als leraar en als mentor. Alpen aan de Rijn-Brussels : Samsons.
- LOMBAARD, S.G. 1976. Skoolvoorigting in België. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. (Verslag O-51.)
- LYTTON, H. & CRAFT, M., red. 1974. Guidance and counselling in British Schools. 2nd ed. London : Arnold.
- MALAN, J.A. 1987. Die bydrae van J.L Holland se beroepskeuseteorie in 'n voorligtingsprogram. 'n Psigologiese studie. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif - D.Phil.)
- MARAIS, J.F. & PAPENFUS, J.N. 1981. Biologie uit die natuur. Kaapstad : Nasou.
- MARAIS, J.L. 1982. Voorligting in die primêre skool. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif - D.Ed.)

MARAIS, J.L. 1987. Faktore wat die opleiding van voorligtingonderwysers (gaan) beïnvloed - 'n toekomspektief. Focus 2000 - Tydskrif vir Opvoedkunde, 15:254-264, Nov.

MARAIS, J.L. 1988. Studierigting- en beroepskeusevoorligting vir universiteitstudente. Fokus 2000. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. p. 44 -350.

MARAIS, J.L. 1990. Knowledge of self in making a career choice. (The 14th World Congress of the IAEVG, Montreal, Quebec. 13-17 April 1990.) Department of Guidance & Orthopedagogics. Potchefstroom : Potchefstroom University for Christian Higher Education.

MARNITZ, P.L. 1974. Volwaardige vennootskap in die onderwys. Onderwysblad, 81(847):24-25,28,35, Apr.

MARTIN, L.R. & DE VOLDER, J. 1983. Guidance and counselling services in the Federal Republic of Germany. The personnel and guidance journal, 61(8):482-486, Apr.

MASLOW, A.H. 1954. Motivation and personality. New York : Harper.

MURO, J.J. 1970. The counselor's work in the elementary school. Scranton : International Textbook.

NAUDE, G.N. & BODIBE, R.C. s.a. Manual for guidance teachers. Pretoria : Acacia Books.

NEL, J DU P. 1981. Voorligting aan die senior leerlinge van die primêre skool. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling - M.Ed.)

NELSON-JONES, R. 1983. *Practical Counselling Skills*. London : Cassell Educational.

NIEWENHUIS, F.J., WEIDEMAN, B.P. & DE KLERK, J.T. 1984. *Skoolvoortligtingstelsels in die RSA*. RGN : Pretoria. (Verslag O-158.)

NMK

kyk

SUID-AFRIKA. Nasionale Mannekragskommissie.

OSIPOW, S.H. 1983. *Theories of career development*. 3rd ed. Englewood Cliffs : Prentice Hall.

PICKWORTH, G., red. 1990. *Discover : 'n gerekaniseerde loopbaanvoortligtingstelsel - voortligtergids*. Pretoria : Afdeling Loopbaanaangeleenthede van die Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing van die RGN. (Ongepubliseer.)

PIETROFESA, J.J., BERNSTEN, B., MINOR, J. & STANFORD, S. 1980. *Guidance: an introduction*. Chicago : Rand McNally College Publishing Company.

PERE, H.M. & SANDERS, L.F.J. 1985. *Lexicon beroepen*. Utrecht : Spectrum.

PETRICK, H.C. 1985. *Die toerusting van die voortligtingonderwyser as opvoeder*. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

POSTHUMUS, D.J., red. 1989. *My loopbaan*. Pretoria : Departement van Mannekrags.

POWELL, C.R. 1990. *Career planning today*. 2nd ed. Bloomington : Kendall/Hunt.

QUIKELBERGE, C. 1986. *Familiar South African butterflies: A wildlife handbook*. Durban : Natal Branch of the Wildlife Society of Southern Africa.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1972. Verslag van die Komitee vir Cedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak. Pretoria. (Verslag nr O-1, Deel i.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1974. Handleiding vir die JR-SR Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV). Pretoria: Instituut vir Psigometriese Navorsing (Direkteur : Dr. JH Robbertse).

Pretoria.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1976a. Skoolvoorligting in Nederland. Pretoria. (Verslag nr O-46)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1976b. Skoolvoorligting in Ontario. Pretoria. (Verslag nr. O-48.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1976c. Skoolvoorligting in Skotland. Pretoria. (Verslag nr. O-50.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981a. Onderwysvoorsiening in die RSA: verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die Onderwys. Pretoria. (Ondersoek na die Onderwys, nr. 1.) (Voorsitter : J.P. de Lange.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981b. Voorligting. Verslag van die Werkkomitee & Voorligting. Ondersoek na die Onderwys. Pretoria. (Voorsitter : J.P. de Lange.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1982. Handleiding vir die Senior Aanlegtoetse 1978-uitgawe SAT 78. Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing. Pretoria. (Direkteur : Dr. JD van Staden).

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1983. Handleiding vir die 19-Veld-Belangstellings-vraelys (19-VBV). Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing. Pretoria. (Direkteur : Dr. JD van Staden). Pretoria.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1991a. Handleiding vir die Algemene Skolastiese Aanlegtoets (ASAT). Pretoria. Senior Reeks.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1991b. Handleiding vir die senior Suid-Afrikaanse Individuele Skaal-Hersien (SSAIS-R). Pretoria: Deel 1 : Agtergrond en standaardisasie.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1992a. Handleiding vir die Selfondersoekvraelys (SOV) Beroepsbelangstelling. Pretoria.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1992b. Handleiding vir die Jung-persoonlikheids-vraelys (JPV). Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing. Pretoria. (Uitvoerende direkteur : Dr. R.J. Prinsloo). Pretoria.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1995. Handleiding vir die gebruik van sielkundige en skolastiese toetse as hulpmiddels by skoolvoorligting. Pretoria. RGN Voorligtingsreeks VR-2.

REYNEKE, C.J.J. 1955. Die stand van beroepsvoorligting in Transvaalse middelbare skole. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling - M.Ed.)

RGN

kyk

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

ROE, A. 1956. The psychology of occupations. New York : Wiley.

ROE, A. 1968. Early determinants of vocational choice: the theory and practice of vocational guidance. London : Pergamon.

ROUX, A. 1993. Die invloed van beroepsvoorligting op die beroepskeuse en selfaktualisering van 'n groep bibliotekaris. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling - M.Ed.)

RYKE, P.A.J. 1982. Dierkunde: 'n funksionele benadering. Durban : Butterworth.

SAUER, G.W. 1986. Self- en beroepsverkenning en integrering daarvan met die oog op 'n sinvolle beroepskeuse. (Lesing gelewer in Mei 1986 as deel van Transvaalse Onderwysdepartement se streekkursus(se) in beroepsleiding in sekondêre skole en spesiale skole.) Pretoria. Transvaalse Onderwysdepartement. (Ongepubliseer.)

SCHULZ, W.E. 1982. Career orientation for West German students. Vocational guidance quarterly, 30(3):273-276, Mar.

SCHUTTE, P.M.P. 1988. Die voogstelsel in die praktyk. (Streekkursus in beroepsleiding in sekondêre skole: lesing nr.3, April 1988.) Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

SHERTZER, B. & STONE, S.C. 1976. Fundamentals of Guidance. Boston : Houghton Mifflin.

SIEBERT, D.A. 1991. Die konstruktiviteit van die Jung-Persoonlikheidsvraelys (JPV). Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Skripsie - MA.)

SINCLAIR, J. red. 1991. Collins cobuild English language dictionary. London : Harper Collins.

SMIT, G.J. 1986. Psigometrika. Pretoria : HAUM.

SONNEKUS, M.C.H. & FERREIRA, G.V. 1979. Die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding. Stellenbosch : Universiteit-uitgewers en Boekhandelaars.

SPRAGUE, M.W. & BIES, J.H. 1988. World economy affects technology education - instructors must juggle economics and education when planning curricula. Industrial Education: 17-20, Nov. p.17-20.

STEAD, G.B. 1988. Career decisional states and their correlates amongst white high school pupils. Port Elizabeth: University of Port Elizabeth. (Thesis - D.Phil.)

STEENHUIZEN, A. 1970. Beroepskeuzepsychologie. Groningen : Walters-Noordhoff.

STEYN, H.J. 1980. Opvoedkundige leiding in die primêre skool. (Simposium vir nuut-aangestelde hoofde van primêre skole, 8-12 September 1980.) Pretoria : Transvalse Onderwysdepartement. (Ongepubliseer.)

STEYN, H.J. 1985. Samewerking tussen die skool, onderwys hulpsentrum en kinder-leidingkliniek: 'n multiprofessionele benadering, lesing nr.9. Pretoria : Transvalse Onderwysdepartement.

STEYN, H.J. 1986. Riglyne vir die implementering van beroepsleiding deur die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede en die opvoedkundige sielkundige: beroepsvoorligting. (Simposium gehou op 14-16 Julie 1986.) Pretoria : Transvalse Onderwysdepartement. (Ongepubliseer.)

STEYN, I.N. 1989. Eksploratiewe werkserwing as supplementêre nie-formele onderwys vir leerlinge met spesiale onderwysbehoefes in Winconsin. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde, 9(2):376-385.

SUID-AFRIKA. Departement van onderwys. 1978. Voorlopige handleiding vir die KODUS-Belangstellingsvraelys: sielkundige en voorligtingsdiens. Kaapstad.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys. 1995. Tussentydse kurnikulum vir voorligting. Pretoria.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. 1990. Die evaluering en bevordering van Loopbaanonderwys: hoofverslag van die Komitee insake die evaluering van bevordering van loopbaanonderwys in die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie - Volksraad DOK(AV). Pretoria. (Voorsitter : SW Walters.)

SUID-AFRIKA. Komitee vir Onderwys Beleid. 1995. Governance structures for teacher education in South Arica. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. Nasionale Mannekragskommissie. 1988. Beroepsvoorligting en- leiding in die RSA. Pretoria: Staatsdrukker. (RP 94/1988.) (Voorsitter: Dr PJ van der Merwe.)

SUID-AFRIKA. 1983. Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria: Staatsdrukker.

SUPER, D.E. 1957. The pshycology of careers. New York : Harper and Row.

SUPER, D.E. 1968. A theory of vocational development: the theory and practice of vocational guidance. Oxford : Pergamon.

SUPER, D.E. & JORDAAN, J.P. 1973. Career development theory. British journal of guidance and counselling, 1:3-16.

SUPER, D.E. 1988. Vocational adjustment: implementing a self-concept. Career development quarterly, 36(4): 351-357, Jun.

TE GROEN, S.M. 1988. Die identiteitsvorig van die dogter met spesifieke verwysing na beroepsidentiteitsvorming. Pretoria : (Verhandeling - M.Ed.)

TIEDEMAN, D.V. & O'HARA, R.P. 1963. Career development: choice and adjustment. New York: College Entrance Examination Board.

TOD

kyk

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT

TOLBERT, E.L. 1980. Counseling for career development. Boston : Houghton Mifflin.

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1962. Die ontstaan en ontwikkeling van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria.

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1963. Voogonderwysers. Pretoria.
(Omsendbrief 12 van 1963.)

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1972. Die implementering van Jeugweerbaarheid. Pretoria. (Omsendbrief 1 van 1972.)

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1973. Voorligting, jeugweerbaarheid en die

voogstelsel. Pretoria. (Omsendminuut 210 van 1973.)

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1975. Oriënteringskursus in voorligting: St 6-10. Pretoria.

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1977. Die voorgestelde voorligtingsprogram. Pretoria. (Omsendminuut 136 van 1977.)

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1978a. Die Sielkundige- en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria.

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1978b. Verslag vir die jaar wat geëindig het op 31 Desember 1978. Pretoria.

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1987. Die taak van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede en die Opvoedkundige Sielkundige: Beroepsvoorligting. Simposium 13 - 15 April 1987.

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1988. Gesinvoorligting vir skole. Pretoria. (Omsendminuut 87 van 1988.)

TRANSVAAL ONDERWYSDEPARTEMENT. 1989. Brondokument - voorgestelde taakomsyrywing van die Onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede. Pretoria. Opvoedkundige Hulpdiens.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. 1993. Programhandleiding vir Loopbaanoriëntering in die skool. Pretoria.

VAN COLLER, A.J. 1987. Grondslae vir keuses. (In Liebetrau, J.P., red. Handleiding vir algemene skoolvoorligting.) Johannesburg : Perskor. p.379-402.

VAN HEERDEN, B.W.J. 1983. Die funksies van die voorligteronderwyser in die primêre skool. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit. (Verhandeling - M.Ed.)

VAN HEERDEN, B.W.J. 1991. 'n Evaluering van die beroepsleidingprogram in die sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif - Ph.D.)

WATSON, M.B. 1984. Career development of coloured high school pupils. Port Elizabeth : University of Port Elizabeth. (Thesis - D.Phil.)

WATTS, A.G. 1988. The changing place of career guidance in schools. Perspects, 18(4):473-482.

WEINRACH, S.G. 1979. Career counselling: theoretical and practical perspectives. New York : Mc Graw-Hill.

WOLDER, R. 1980. An evaluation of guidance in senior secondary English medium schools in Johannesburg. Johannesburg : Rand Afrikaans University. (Thesis - M.Ed.)

ZAAIMAN, L. 1977. Beroepsbelangstelling en beroepskeuse met spesiale verwysing na 'n groep onderwysstudente. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika (Proefskrif - D.Ed.)

AANHANGSEL A

DIE DIGOTOME PROGRAM TOT BEROEPSKEUSE

1. Vaar goed in Wiskunde, C-simbool of hoër op Hoërgraad of B-simbool of hoër op Standaardgraad(2)
1. Het nie Wiskunde as 'n vak nie of vaar nie besonder goed in Wiskunde nie : D-simbool of leer op Hoërgraad of C-simbool of leer op Standaardgraad.....(3)
2. Kan met groot gemak met vreemde mense kommunikeer.....(4)
2. Kan nie met groot gemak met vreemde mense kommunikeer nie, voel gemaklik by bekende mense.....(5)
3. Kan met groot gemak met vreemde mense kommunikeer.....(6)
3. Kan nie met groot gemak met vreemde mense kommunikeer nie, voel gemaklik by bekende mense.....(7)
4. Het Kuns as 'n vak en presteer besonder goed daarin en sal daarvan hou om 'n beroep in enige vorm van kuns te beoefen, dit wil sê die skep en estetiese waardering van kunswerke en die skeppende tegnieke en media van die kunstenaar; of het nie kuns as 'n vak nie maar sal nogtans daarvan hou om dit as 'n beroep te beoefen.....(8)
4. Het nie Kuns as 'n vak nie en het ook nie besondere liefde vir kuns nie en sal ook daarvan hou om enige vorm van die kunste as beroep te beoefen nie(9)
5. Het Kuns as 'n vak en presteer besonder goed daarin en sal daarvan hou om 'n beroep enige vorm van kuns te beoefen, dit wil sê die skep en estetiese waardering van kunswerke en die skeppende tegnieke en media van die kunstenaar; of het nie kuns as 'n vak nie maar sal nogtans daarvan hou om dit as 'n beroep te beoefen.....(10)
5. Het nie Kuns as 'n vak nie en het ook nie besondere liefde vir kuns nie en sal ook nie daarvan hou om enige vorm van die kunste as beroep te beoefen nie.....(11)
6. Het Kuns as 'n vak en presteer besonder goed daarin en sal daarvan hou om 'n beroep enige vorm van kuns te beoefen, dit wil sê die skep en estetiese waardering van kunswerke en die skeppende tegnieke en media van die kunstenaar; of het nie kuns as 'n vak nie maar sal nogtans daarvan hou om dit as 'n beroep te beoefen.....(12)
6. Het nie Kuns as 'n vak nie en het ook nie besondere liefde vir kuns nie en sal ook nie daarvan hou om enige vorm van die kunste as beroep te beoefen nie.....(13)

7. Het Kuns as 'n vak en presteer besonder goed daarin en sal daarvan hou om 'n beroep in enige vorm van kuns te beoefen, dit wil sê die skep en estetiese waardering van kunswerke en die skeppende tegnieke en media van die kunstenaar; òf het nie kuns as 'n vak nie maar sal nogtans daarvan hou om dit as 'n beroep te beoefen.....(14)
7. Het nie Kuns as 'n vak nie en het ook nie besondere liefde vir kuns nie en sal ook nie daarvan hou om enige vorm van die kunste as beroep te beoefen nie.....(15)
8. 'n Taak vereis die teken en ontwerp van items soos klere, meubels, huise en geboue of die teken en beplanning van 'n woongebied of tuin.....(16)
8. Die teken en ontwerp van items soos klere, meubels, huise en geboue òf die teken en beplanning van 'n woongebied of tuin word nie vereis nie.....(17)
9. In die werksituasie word meesal gebruik gemaak van syfers en/of rekeningkunde.....(18)
9. In die werksituasie word in 'n mindere mate gebruik gemaak van syfers en/of rekeningkunde.....(19)
10. Sukses met 'n taak vereis 'n meerdere mate van skeppingsvermoë.....(20)

TUINBOUKUNDE

10. Sukses met 'n taak vereis 'n mindere mate van skeppingsvermoë.....(20)
11. Onderzoek iets deur wetenskaplike en/of wiskundige vaardighede te gebruik.....(21)
11. Vaar nie goed met wetenskaplike en/of wiskundige vaardighede om 'n probleem op te los/taak te verrig nie.....(22)
12. Suksesvol wees en goed vaar in projekte waar tekenvaardighede (teken, ontwerp, skilder) vereis word....(23)
12. Vaar beter in ander vorme van die kunste.....(24)
13. 'n Beroep beoefen waar die tyd meesal spandeer word aan projekte of werk wat skeppend van aard is, met ander woorde waar 'n mens in die werksituasie selfuitdrukking moet gee deur iets te skep.....(25)
13. 'n Beroep beoefen waar 'n mens nie die meeste van die tyd moet spandeer deur werk te doen wat skeppend van aard is nie.....(26)

14. Suksesvol wees en goed vaar in projekte waar tekenvaardigheid (teken, ontwerp, skilder) vereis word....(27)
14. Vaar beter in ander vorme van die kunste.....(28)
15. 'n Beroep beoefen waar die tyd meesal spandeer word aan projekte of werk wat skeppend van aard is, met ander woorde waar 'n mens in die werksituasie selfuitdrukking moet gee deur iets te skep.....(29)
15. 'n Beroep beoefen waar 'n mens nie die meeste van die tyd moet spandeer deur werk te doen wat skeppend van aard is nie.....(30)
16. Ver kies om in die privaatsektor te werk.....(31)
16. Ver kies om in die openbare sektor te werk.....(32)

STAATSDIENS

- Argitektuur
- Stads-en streeksbeplanning

17. Ver kies dit om in die privaatsektor te werk.....(33)
17. Ver kies om in die openbare sektor te werk.....(34)

STAATSDIENS

- Opvoedkunde
- Sielkunde
- Boubestuur
- Tuinboukunde

18. Take verrig wat hoofsaaklik roetine werk behels.....(35)
18. Take verrig wat in 'n mindere mate roetine werk behels.....(36)
19. Ondersoek iets deur wetenskaplike en/of wiskundige vaardighede te gebruik.....(37)
19. Vaar nie goed met wetenskaplike en/of wiskundige vaardighede om 'n probleem op te los/taak te verrig nie.....(38)

20. Soort werk waar vervaardiging en verwerking ter sprake kom

LEERWETENSKAPLIKE

20. Soort werk waar vervaardiging en verwerking nie ter sprake kom nie.....(39)

21. 'n Taak vereis studie oor plante en/of diere.....(40)
21. Studie oor plante en/of diere is nie nodig om 'n taak te verrig nie.....(41)
22. 'n Taak vereis studie oor plante en/of diere.....(42)
22. Studie oor plante en/of diere is nie nodig om 'n taak te verrig nie.....(43)
23. Soort werk waar vervaardiging en verwerking ter sprake kom, met ander woorde waar produkte (van voedsel tot huishoudelike produkte soos strykysters en van meubels tot motorvoertuie) vervaardig en verwerk word in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie.....(44)
23. Soort werk wat nie verband hou met vervaardiging en verwerking nie, en wat nie verband hou met die vervaardiging en verwerking van produkte in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie nie.....(45)
24. Soort werk waar vervaardiging en verwerking ter sprake kom, met ander woorde waar produkte (van voedsel tot huishoudelike produkte soos strykysters en van meubels tot motorvoertuie) vervaardig en verwerk word in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie.....(46)
24. Soort werk wat nie verband hou met vervaardiging en verwerking nie, en wat nie verband hou met die vervaardiging en verwerking van produkte in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie nie.....(47)
25. Soort werk waar vervaardiging en verwerking ter sprake kom, met ander woorde waar produkte (van voedsel tot huishoudelike produkte soos strykysters en van meubels tot motorvoertuie) vervaardig en verwerk word in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie.....(48)
25. Soort werk wat nie verband hou met vervaardiging en verwerking nie, en wat nie verband hou met die vervaardiging en verwerking van produkte in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie nie.....(49)
26. In die werksituasie word meesal gebruik gemaak van syfers en/of rekeningkunde.....(50)
26. In die werksituasie word in 'n mindere mate gebruik gemaak van syfers en/of rekeningkunde.....(51)
27. Soort werk waar vervaardiging en verwerking ter sprake kom, met ander woorde waar produkte (van voedsel tot huishoudelike produkte soos strykysters en van meubels tot motorvoertuie) vervaardig en verwerk word in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie.....(52)
27. Soort werk wat nie verband hou met vervaardiging en verwerking nie, en wat nie verband hou met die vervaardiging en verwerking van produkte in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie nie.....(53)

28. Soort werk waar vervaardiging en verwerking ter sprake kom, met ander woorde waar produkte (van voedsel tot huishoudelike produkte soos stryksters en van meubels tot motorvoertuie) vervaardig en verwerk word in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie.....(54)
28. Soort werk wat nie verband hou met vervaardiging en verwerking nie, en wat nie verband hou met die vervaardiging en verwerking van produkte in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie nie.....(55)
29. Soort werk waar vervaardiging en verwerking ter sprake kom, met ander woorde waar produkte (van voedsel tot huishoudelike produkte soos stryksters en van meubels tot motorvoertuie) vervaardig en verwerk word in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie.....(56)
29. Soort werk wat nie verband hou met vervaardiging en verwerking nie, en wat nie verband hou met die vervaardiging en verwerking van produkte in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie nie.....(57)
30. Soort werk waar vervaardiging en verwerking ter sprake kom, met ander woorde waar produkte (van voedsel tot huishoudelike produkte soos stryksters en van meubels tot motorvoertuie) vervaardig en verwerk word in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie.....(58)
30. Soort werk wat nie verband hou met vervaardiging en verwerking nie, en wat nie verband hou met die vervaardiging en verwerking van produkte in byvoorbeeld 'n fabriek en industrie nie.....(59)
31. Planne opstel vir die oprigting van geboue
- ARGITEKTUUR
- Argitek
- Argitektuurtegnikus
31. Skepping van doeltreffende omgewings vir mense om in te werk en woon
- STADS- EN STREEKSBEPLANNING
32. Planne opstel vir die oprigting van geboue
- ARGITEKTUUR
- Argitek
- Argitektuurtegnikus
32. Skepping van doeltreffende omgewings vir mense om in te werk en woon
- STADS-EN STREEKSBEPLANNING

33. Werk in omstandighede wat konstruksie of omgewingsbestuur vereis.....(60)
33. Werk in omstandighede wat nie konstruksie of omgewingsbestuur vereis nie.....(61)
34. Werk in omstandighede wat konstruksie of omgewingsbestuur vereis.....(62)
34. Werk in omstandighede wat nie konstruksie of omgewingsbestuur vereis nie.....(63)
35. Suksesvol wees met 'n projek wat op 'n wetenskaplike gebied is.....(64)
35. 'n Bepaalde projek vereis nie noodwendig sukses op 'n wetenskaplike gebied nie.....(65)
36. Suksesvol wees met 'n projek wat op 'n wetenskaplike gebied is.....(66)
36. 'n Bepaalde projek vereis nie noodwendig sukses op 'n wetenskaplike gebied nie.....(67)
37. Suksesvol wees met 'n projek wat op 'n wetenskaplike gebied is.....(68)
37. 'n Bepaalde projek vereis nie noodwendig sukses op 'n wetenskaplike gebied nie.....(69)
38. 'n Taak vereis studie oor plante en/of diere.....(70)
38. Studie oor plante en/of diere is nie nodig om 'n taak te verrig nie.....(71)

